DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE **Weekblad**

3 November 1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)


Vrye Weekblad

Mandela: 'n nuwe era

Joe Slovo en die Boere...

BINNE

## Vrye Weekblad is een jaar oud! - 16 & 17

# Regering doen 'n eierdans

## - en die manne in blou sien rooi

Jacques Pauw

**DIE regering se vreemde eierdans oor die skielike toelaatbaarheid daarvan om ANC-kleure te vertoon, ANC-slagspreuke te uiter en die oogmerke van dié verbode organisasie te bevorder, het die Suid-Afrikaanse regspleging vandeesweek in 'n krisis gedompel en ernstige onmin binne die polisie gesaai.**

*Die regering het vandeesweek doelbewus sy oë gesluit vir tienduisende mense wat ernstige kriminele oortredings begaan het toe hulle die Wet op Binnelandse Veiligheid openlik oortree het.*

Die skerp ontevredenheid in polisie-geledere oor die regering se "sagter" benadering teenoor die ANC en die Kommunisteparty dreig om nou in openlike opstand uit te bars.

In senior polisiekringe word gevrees dat die onmin tot heelwat bedankings uit die mag kan lei, en dat polisiemanne op meer junior vlak uit hul pad sal gaan om die regering se pogings om 'n klimaat vir onderhandeling te skep, op die grond te laat misluk. Baie van dié jong manne ondersteun partye en groepe regs van die NP.

Ondanks die regering se weiering om nóg die ANC te wettig nóg die oortreders te vervolg, sê die bevelvoerder van openbare betrekkinge van die polisie, genl-maj Herman Stadler, vandeesweek aan Vrye Weekblad: "Die SA Polisie het 'n by wet opgelegde plig om teen oortreders van die wet op te tree."

Genl Stadler het gesê dit is die polisie se taak om ingevolge artikel 5 van die Poliesiewet enige misdryf of beweerde misdryf te ondersoek.

"Verskeie politici het ook reeds bevestig dat die 'nuwe benadering' (van die regering) nie kondonering van wetsoortredings nie," sê Stadler.

Ondanks die feit dat duisende mense Sondag veiligheidswetgewing met die goedkeuring van die regering oortree het, is Vrye Weekblad vandeesweek in kennis gestel dat klagtes teen hom ondersoek word weens 'n advertensie wat hy geplaas het waarin die saamtrek aangekondig word! (Sien berig bl 8)

In die verlede is honderde mense langtermyn-tronkstraf opgelê vir presies dieselfde oortredings waaraan die organiseerders en toeskouers aan verlede Sondag se ANC-byeenkoms in Johannesburg hulself skuldig gemaak het. Daar is tans mense in die tronk vir soortgelyke oortredings.

Die regering is vandeesweek uit regskringe en opposisiegeledere skerp veroordeel vir die dubbele standaarde wat hy toepas en die onsekerheid wat hy skep. In polisiegeledere is daar openlike ontevredenheid oor dié houding.

'n Regsgeleerde van die Sentrum vir Toegepaste Regstudies aan Wits, adv Edwin Cameron, sê daar is geen twyfel nie dat die organiseerders, deelnemers en toeskouers by Sondag se saamtrek 'n verskeidenheid van wette oortree het.

Cameron sê die ANC is steeds 'n verbode organisasie, en tog is die hele saamtrek ten behoewe van die ANC gehou. By die saamtrek is die doelwitte, strategie en beeld van die ANC bevorder.

Daarby is dit onwettig om enige slagspreuke van die ANC te uiter of baniere en vlae te vertoon. Dit was ook onwettig om 'n toespraak van Oliver Tambo voor te lees omdat hy 'n gelyste persoon is en dit ook die doelwitte van die ANC bevorder.

"Die meeste van die mense wat die saamtrek bygewoon het, het die wet oortree. Die enigste onsekerheid kom by die vertoon van die kleure (swart, groen en goud) van die ANC omdat dit ook die kleure van Inkatha is.

"Die probleem ontstaan nou waar die streep getrek moet word. Is dit byvoorbeeld ook nou wettig om met 'n ANC-vlag in die straat af te stap en slagspreuke te skreeu? Of is dit net wettig by saamtrekke waarvoor daar toestemming verkry is?" vra Cameron.


Die minister van Justisie, Kobie Coetzee, het vandeesweek gewaarsku dat daar geen verandering in die wetlike status van die ANC is nie en dat alle maatreëls wat op dié organisasie en die SAKP van toepassing is, steeds geld.

Dié uitspraak volg kort na 'n reeks kriminele aanklagte wat die onderleier van die Konserwatiewe Party, dr Ferdie Hartzenberg, teen die sprekers en organiseerders van die National Reception Committee aanhangig gemaak het.

Die Demokratiese Party se woordvoerder oor Wet en Orde, Tiaan van der Merwe, sê

*Vervolg op bladsy 2*

**Die man met die rooiste gesig**



# Pik se grootste flater?

Max du Preez

DIT kan die grootste flater van Pik Botha se lang loopbaan wees.

Letterlik op die vooraand van die langverwagte verkiesing in Namibia het die minister van Buitelandse Sake met 'n dramatiese onthulling gekom dat Suid-Afrika Untag-boodskappe onderskep het dat 'n groot Swapo-inval weer op hande is.

Untag het onmiddellik ten sterkste ontken dat sulke boodskappe gestuur is, dat hulle enige sulke inligting het en dat dit moontlik vir die weermag was om Untag-boodskappe op dié manier te onderskep.

Swapo het die bewering ook dadelik ontken en 'n senior leier, Hidipo Hamutenya, het selfs 'n kategoriese waarborg gegee dat daar geen militêre optrede deur Swapo sal wees nie.

Diplomate en politici het gister gesê òf Botha wou Swapo vir oulaas bykom en die ander partye 'n hupstoot met Maandag se verkiesing gee, òf hy het vir gesofistikeerde disinformasie geval. As die boodskappe vals was, kon dit net van ontevrede Suid-Afrikaanse weermagoffisiere of van Unita in die suide van Angola gekom het, word gesê. Unita gebruik dieselfde Brits-vervaardigde radio's as Untag.

Maar gistermiddag nog het die Suid-Afrikaanse Weermag volgehou dat daar 'n opbou van Swapo-troepe op die grens is, en dat hulle selfs tenks by hulle het. En Botha het sy

*Vervolg op bladsy 2*

## Boetie Rockman gaan border toe - 2

## Jannie 'Voëlvry' Malan takel nou vir Operasie Honger -2

*Vervolg van bladsy 1*

# Die Eierdans

Hartzenberg se klagtes maak sin, want die Wet op Binnelandse Veiligheid is immers steeds op die wetboek en is oortree.

"Die regering is onsinnig as hy wil beweer wette is nie oortree nie. Ons verwelkom natuurlik die regering se nuwe benadering oor protesoptrede, maar die wetlike posisie sal in ooreenstemming daarmee gebring moet word," sê Van der Merwe.

Hy sê die jongste verwikkeling bring mee dat die verbod op die bevordering van die doelstellings van die ANC in dieselfde lig beskou gaan word as die Groepsgebiedewet: nog 'n wet wat steeds op die wetboek is, maar nie toegepas word nie.

Van der Merwe sê al hoe meer boodskappe oor ongelukkigheid in die polisie is besig om na vore te kom. Soos in die geval van die Groepsgebiedewet, is die polisie magteloos om op te tree omdat die staat weier om te vervolg.

Hy sê die onenigheid spruit voort uit onder meer 'n ontmoeting wat Vlok met sy oppergesag gehad het. Vermoedelik is regeringstrategie om protes te laat voortgaan en nie teen oortreders van saamtrekke waarvoor toestemming verleen is op te tree nie, met die generaals bespreek.

Berigte vandeesweek dat etlike senior polisie-offisiere wil bedank omdat hulle onseker is oor regeringsbeleid, is deur die kommissaris, genl Hennie de Witt, ontken.

"Die polisie weet hulle mors hulle tyd om aanklagte ingevolge sulke wetgewing te ondersoek. Elke jaar word sowat 1 000 aanklagte ingevolge die Groepsgebiedewet ondersoek, maar vervolgings vind byna nooit plaas nie," sê hy.

Van der Merwe sê die verbod op die ANC maak nie meer sin nie. Die werklike veiligheidsrisiko wat die wettiging van dié organisasie inhou, is minimaal. Indien die ANC gewettig sou word, kan die organisasie ingevolge gewone landswette aanspreeklik gehou word.

*Vervolg van bladsy 1*

# Pik se flater

bewerings by 'n konferensie in die Vaaldriehoek herhaal.

Hamutenya se reaksie was dat die bevelstrukture van Swapo se militêre vleuel, Plan, reeds ontbind is, dat byna alle offisiere reeds in Windhoek is en dat Plan dus vir alle praktiese redes "nie meer bestaan nie".

Die voorsitter van Swapo se sterkste opposisie, Dirk Mudge van die DTA, het gister gesê as Botha se bewerings onwaar is, sal hy aan Namibiane moet verduidelik "want dan kom dit neer op intimidasie".

Mudge sê as dit onwaar is, "dan het hy suspisie gesaai wat Namibia en die DTA baie kwaad aangedoen het. Dit kan net vir Swapo bevoordeel".

Die sekretaris-generaal van Swapo, Andimba Toivo ja Toivo, se reaksie was dat Swapo seker weet dat hy 'n weghol-oorwinning gaan behaal in volgende week se verkiesing. "Hoekom sal ons nou wou militêr optree?" het hy gevra.

Hamutenya het gesê daar is net sowat 300 Swapo-guerrillas in Angola oor wat Swapo-toerusting bewaak.

Volgens berigte in Windhoek word Botha se bewerings egter wyd geglo, veral deur blankes, omdat Swapo op 1 April die bepalings van Resolusie 435 blatant geskend het deur 'n militêre inval in Namibia te loods.

# Boetie Rockman gaan border toe

**Jacques Pauw**

DIE SA Polisie het luit Gregory Rockman met 'n slap riem gevang toe hulle een van sy klagtes oor diskriminasie in die mag ter harte geneem en hom die eerste swart polisie-offisier gemaak het wat vir grensdiens opgeroep word.

Rockman het in 'n verslag aan die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, 'n lys van diskriminerende gebruike in die polisiemag genoem. Onder hulle was die feit dat 'n swart polisie-offisier nog nooit vir grensdiens opgeroep is nie.

En dit is presies wat die streekskommissaris vir Wes-Kaapland, brig PC Fourie, vandeesweek gedoen het toe hy dié omstrede polisie-offisier vir spesiale grensdiens genomineer het.

"Ek sal graag wil weet hoekom dié reëling (dat swart offisiere nie vir grensdiens opgeroep word nie) nou skielik verander het en hoekom ons nie daaroor ingelig is nie. Hoekom spesifiek ek?

"Hulle is beslis nie ernstig om na my klagtes te luister nie, maar wil my in 'n afgeleë deel van die land gooi waar mense nie by kan uitkom om na my te luister nie," het Rockman gesê.

Die vete tussen Rockman en die opperbevel van die polisie is die week op die spits gedryf toe Fourie hom ook beveel het om nie verdere inligting oor die mag sonder toestemming te versprei of met die media te praat nie.

Rockman het reeds gesê dat hy weier om aan dié bevel te voldoen en dat hy sal voortgaan met sy veldtog teen polisie-brutaliteit.

Tugstappe gaan nou teen Rockman gedoen word omdat hy 'n bevel verontagsaam het, sê genl-maj Herman Stadler, bevelvoerder van die polisie se direktoraat openbare betrekkinge in Pretoria.

"Ons kan nie duld dat wette en regulasies oortree word nie. Tugstappe gaan teen hom gedoen word. Dit word gedoen in belang van dissipline en goeie orde en word as 'n huishoudelike aangeleentheid hanteer," sê Stadler.

# Jannie 'Voëlvry' Malan nou teen Operasie Honger

**Jacques Pauw**

DIE Suid-Transvaalse sinode van die NG Kerk, wat met die onlangse sinodesitting deur hul moderator op 'n skyfievertoning van seks tussen mens en dier getrakteer is, het nou gevra dat lidmate asseblief nie weer geld aan Operasie Honger moet skenk nie.

Want dié organisasie, wat jaarliks een miljoen kindermagies vul en duisende mense help om hulself te help, is onheilig en voldoen nie aan Bybelse voorskrifte nie, sê die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

In 'n amptelike kerkstuk vra die sinode al sy lidmate om nie meer bydraes aan Operasie Honger te gee nie. Dié welsynsorganisasie se wyse van geldinsameling kom neer op dobbelary en boonop is talle van sy trustees nie Christelike organisasies nie. Daar is dan Moslems en Jode wat trustees is.

Die moderator van die Suid-Transvaalse sinode, dr Jannie Malan, was die afgelope weke knaend in die nuus weens sy bewerings van onder meer duiwelse boodskappe op die Voëlvry-plaat en 'n skyfievertoning waar hy sinodegangers gewys het hoe dit lyk as mens en vark seks het.

Nou het die sinode bevind dat Operasie Honger "nie uitdruklik 'n aksie van 'n Christelike kerk is nie" en dat lidmate hulle bydraes vir barmhartigheid liewer aan welsynsorganisasies van die NG Kerk moet gee.

Die uitvoerende direkteur van Operasie Honger, Ina Perlman, sê sy is verskriklik ontsteld oor dié sinodeverslag en vind dit selfs veragtelik. Daar is growwe teenstrydighede, sê sy.

"Hoe kan 'n kerk ons veroordeel omdat ons wanhopig probeer om honger en dors mense te voed en van noodsaaklike lewensmiddele te voorsien? Ons red elke jaar duisende menselewens en bedryf tientalle opheffingsprogramme.

"As die kerke hul werk ordentlik gedoen het, was ons dalk nie nodig nie. Ons kry daagliks oproepe van mense wat in nood is en gehelp móét word. Waar is die NG Kerk as ook hulle lidmate na ons toe kom vir hulp?" vra Perlman.

Die besware van die sinode draai onder meer rondom die loterykaartjies wat Operasie Honger verkoop om geld mee in te samel. Die feit dat iemand sonder enige inspanning R1 miljoen kan wen, kom neer op dobbelary wat onbybels is, sê die sinode.

Perlman sê sy is lank reeds bewus van 'n vete wat in die NG Kerk teen Operasie Honger gevoer word. 'n Ruk gelede was daar selfs 'n groep leraars wat 'n kriminele klag teen haar wou lê. Die sinode het ook die volgende beswaar: "Operasie Honger slaag nou wel daarin om die hulpbehoewendes aan die werk te kry, maar sy basiese filosofie bly heeltemal humanisties.

"Nêrens in die bemarkingsmateriaal van die aksie word barmhartigheid gesien as 'n saak wat tot eer van God moet strek nie. Die samestellende trustees is ook nie almal Christelike instansies nie," lui die verslag.

Perlman sê dit is onwaar dat, soos die verslag lui, Operasie Honger die grootste gedeelte van sy inkomste uit die sogenaamde "goldrush" kry. Slegs 'n kwart van die inkomste is uit dié lotery afkomstig.

# 'Polisie het wettige protesteerders aangeval'

**Anton Steenkamp**

POLISIEMANNE het deelnemers aan 'n wettige optog verlede Saterdag in Pretoria met knuppels geslaan terwyl hulle uit die openbare oog was, sê 'n deelnemer aan die optog.

Lance Cooper, 'n lid van Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) wat aan die optog van die Northern Transvaal People's Congress na die Uniegeboue deelgeneem het, sê in 'n beëdigde verklaring die groep van sowat 300 protesteerders is in 'n nou straatjie deur die polisiemanne bygedam voordat hulle by die Uniegebou uitgekom het.

Die organiseerder van die optog, Billy Sekwati, het toestemming van die hooflanddros van Pretoria gekry om die optog in protes teen die tuislandbeleid te hou.

Volgens Cooper is die optog deur vier polisievoertuie gelei, en nog polisievoertuie het agter die protesteerders aangery.

"Toe ons by Edmondstraat ('n nou straatjie met bosse aan die een kant en 'n sloot aan die ander) indraai, het die voorste voertuie stadiger gery en dié aan die agterkant vorentoe gedruk.

"Dit het 'n 'toebroodjie-effek' gehad, en die protesteerders is in 'n ruimte van sowat tien by drie meter ingedruk. Die polisie het sonder waarskuwing die mense met knuppels begin slaan."

Volgens Mark McCarthy, nog 'n deelnemer aan die optog, het 'n polisieman agter hom geskree: "Vat hulle, manne, vat hulle!"

"'n Klomp polisiemanne met knuppels het uit die bosse gestorm en van die linkerkant af ingeklim. Traanrook is sonder waarskuwing afgevuur. 'n Klomp mense het in 'n hoop in die sloot geval," sê Cooper.

Volgens Cooper is mense wat deur die bosse wou vlug, teruggedwing na die optog. 'n Stem oor 'n luidspreker het gesê: "As julle wil bleddiewil marsjeer, moet julle marsjeer."

'n Mede-deelnemer aan die optog en SDS-lid, Louis Bredenkamp, sê: "Baie mense, ek inkluis, is geslaan."

Cooper sê hy is teen die rug geslaan en vorentoe gestamp toe die optog voortgaan, en 'n polisieman het aan hom gesê: "Loop, man, loop!"

Volgens Alette Schoon het polisiemanne op haar en ander marsjeerders se hakke getrap en na mense se voete geskop.

McCarthy is vorentoe gestamp en het sy skoen verloor. Toe hy buk om dit op te tel, is hy met 'n knuppel oor die rug geslaan, sê hy. Toe hy verduidelik dat hy net sy skoen wou optel, het 'n polisieman gesê: "Los jou skoen en loop, man."

Cooper sê die polisie het opgehou om mense te slaan toe hulle weer in die oopte gekom het.

By die Uniegebou het die protesteerders 'n versoekskrif, wat beswaar maak teen die tuislandbeleid, aan kol Ben Groenewald van pres FW de Klerk se kantoor oorhandig.

Cooper het agterna die polisie se optrede skerp veroordeel.

"Die polisie het nie die optog gestop nie, maar het buite die openbare oog hul bes gedoen om deelnemers te intimideer en aan te val," sê Cooper.

"Die deelnemers, meestal mense van die tuislande, was baie bang vir die polisie. Hulle was glad nie uitdagend nie en het gereageer op al die bevele wat die polisie gegee het."

'n Woordvoerder van die SAP het soos volg op die bewerings gereageer:


"Omdat 'n groter groep as wat wel opgedaag het verwag was, het die SAP 'n redelike groot getal lede teenwoordig gehad. Omdat die optog gewettig was, het die polisie dit slegs gemonitor om te verseker dat daar by die bepalings van die magtiging gehou was.

"Die groep is aangesê om gou te maak aangesien die optog heelwat later begin het as beplan en dit binne 'n vasgestelde tyd afgehandel moes wees.

"Volgens alle beskikbare inligting en verskeie mediaberigte in hierdie verband was polisie-optrede nie nodig nie en word die bewerings dat die SAP mense met knuppels geslaan het, andersins aangerand en met traanrook op hulle gevuur het, as vals verwerp.

"Indien enigiemand egter gegrief voel oor die polisie se optrede of bewys het van verkeerde optrede, ontvang ons dit graag by wyse van beëdigde verklaring, sodat die aangeleentheid behoorlik ondersoek kan word."

Cooper, Schoon, Bredenkamp, McCarthy en Steve Motingoe het klagte weens die beweerde aanrandings by die Pretoria Sentraal-polisiekantoor aanhangig gemaak en beëdigde verklarings aan kol De Klerk en kapt McLachlan by die polisiekantoor oorhandig.



**Phillip James Ivey, die 28-jarige botanis wat wat na bewering op 2 September die polisie se verfkanon gegryp, dit van die marsjeerders in Kaapstad weggedraai en in die proses die Kaap pers geverf het, het Woensdag in die Landdroshof in Kaapstad verskyn op aanklagte van saakbeskadiging, dwarsboming van die gereg en aanranding. Die verhoor is uitgestel tot 23 November, en Ivey is vrygelaat op borgtog van R200.**

# Sisulu gryp in by die Broederstroom-verhoor

**Charles Leonard**

ENKELE minute nadat die landdros die Broederstroom 3 versoek het om die ANC-simbole wat hulle gedra het te verwyder, stap die ANC toe self daar in.

Die verhoor van drie wit Umkhonto we Sizwe-lede in die Pretoriase Landdroshof, wat volgens alle aanduidings vinnig einde se kant toe staan, het Woensdag groot opgewondenheid veroorsaak - nie oor enige van die getuienis wat ter versagting gelewer, óf die staat se kundiges wat onder kruisverhoor was nie, maar die besoek wat vier van die onlangse vrygelate ANC-leiers aan die hof gebring het.

Van vroeg af het ondersteuners van die drie se koppe elke keer afwagtend gedraai as een van die twee deure van hofsaal 5 oopgegaan en toegeklap het.

Die meeste van die tyd was dit egter polisiemanne wat hul teenwoordigheid binne en buite die hofsaal sterk laat voel het.

Die afwagting het amper breekpunt bereik toe die leiers nog nie daar was na die tee-reses nie. Die Broederstroom-ondersteuningsgroep wou graag die leiers in die hofsaal hê voordat die landdros inkom en dinge dan "ordelik" moet verloop.

Kort na teetyd het adv Johan Pretorius, vir die staat, gesê dat beskuldigde een en twee, Damian de Lange en Iain Robertson, van hul dasse, en beskuldigde nommer drie, Susan Westcott, van haar serp ontslae moet raak omdat dit op minagting van die hof neerkom.

Eersgenoemde twee het albei netjiese swart dasse met die groen en goud enkelbane daarop gedra, en Westcott 'n soortgelyke serp. Sy was oudergewoonte in 'n swart bloes en donkergroen romp geklee.

Pretorius het gesê dit is steeds 'n oortreding in Suid-Afrika om iets ten toon te stel of te besit wat aandui dat iemand 'n lid van 'n verbode organisasie is en daarom moet hulle dié klere gaan verwyder.

Die hof het vir 'n kort rukkie verdaag. Een van die ondersteuners het hardop gewonder of Westcott nou net in haar onderklere gaan verskyn.

Toe hulle glimlaggend terugkeer, het die landdros gefrons omdat hulle steeds hul "aanstootlike" klere aangehad het.

"Is dit die kleure van die ANC," wou landdros Van den Bergh weet.

"Die kleure wat hulle dra, is dié van die ANC en ook van Inkatha," was die verdediging se adv David Soggot, SC, se antwoord.

Die landdros het dit nie so snaaks soos die galery gevind nie en die hof 'n tweede maal verdaag sodat die "items verwyder kan word".

En tóé kom die leiers in. Walter Sisulu, Ahmed Kathrada, Elias Motsoaledi en Andrew Mhlangeni se binnekoms met lyfwagte aan die voorpunt, het die hofsaal 'n enkele sekonde doodstil gehad. Maar nie vir lank nie - die toeskouers in die openbare galery het soos een mens opgestaan en die vier spontaan toegejuig. Terwyl die voorste gestoeltes afgestaan is aan die leiers, het drie fris jong polisiemanne 'n buffer tussen hulle en die beskuldigdebank gevorm.

Westcott se moeder, Margaret, het duidelik aangedaan al vier die leiers gegroet en omhels. Sy is gevolg deur De Lange se moeder, Grace, sy jonger broer, Kieran, en haar man, John. Hulle het die weg gebaan vir oorstelpte ondersteuners wat almal kom groet en met die leiers gesels het.

Intussen het 'n ander klein drama hom in die hof afgespeel. Die Broederstroom 3 het geweier om aan die landdros se versoek te voldoen en raadpleging het letterlik agter die skerms plaasgevind.

Dis toe dat Walter Sisulu ingryp. Hy het 'n boodskap aan die drie gestuur dat hulle hul dasse en serp moet verwyder.

Die vreugde was duidelik op hul gesigte te lees toe hulle weer hul verskyning maak - sonder dasse en serp - en die leiers in die galery sien. Saam met die drie se gebruiklike "amandla!"-krete, het Robertson "Viva, comrade leaders, viva!" geskree.

Asof die polisie-buffer nie bestaan het nie, het die aangeklaagdes die leiers omhels en bedank vir hul teenwoordigheid.

Die hofordonnans se "staan in die hof" het die landdros se terugkeer aangekondig en dinge tot bedaring gebring.

Die leiers het aandagtig tot die middagete-reses geluister terwyl die verdediging die sosioloog en dekaan van Unisa se fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Frans Maritz, onder kruisverhoor geneem het.

Hierna het hulle met 'n wagtende mini-bus teruggekeer Johannesburg toe.

Die verhoor het gistermiddag voortgegaan toe die verdediging ter versagting gepleit het.

Die drie is saam op 32 aanklagte weens terreur skuldig bevind.



Foto: Walter Dhladhla - AFP

**Walter Sisulu en twee lyfwagte daag by die Broederstroom-verhoor op.**

# Winnie terug in versetfront se kraal

**Elsabé Wessels**

**NEGE maande nadat die breë demokratiese beweging hulself in 'n sterk bewoorde verklaring van Winnie Mandela gedistansieer het, is sy terug in die versetfront se kraal.**

**Nelson Mandela se charismatiese vrou het verlede Sondag by Soccer City die tweede keer sedert die vrylating van die ANC-leiers saam met hulle in die openbaar verskyn. Dit het klaarblyklik met die goedkeuring van die breë demokratiese beweging geskied.**

**Dit was opvallend dat daar geen prominente posisie aan haar verleen is nie en dat sy dieselfde status as enige van die ander vroue van die reeds vrygelate leiers ontvang het.**

**Dit is heelwat anders as die hoë profiel-posisie wat sy in die verlede ingeneem het. Op die kruin van haar gewildheid het Mandela met trots die naam "Moeder van die Nasie" gedra. Sy was die liefling van die internasionale pers.**

**Dit was egter dié eksklusiewe rol wat sy gespeel het wat onmin tussen haar en politieke groepe binne die breë demokratiese beweging gesaai het.**

**Die dramatiese "val" van Winnie Mandela het in Februarie opspraak reg oor die wêreld verwek toe die leierskap van die breë demokratiese beweging hulself van haar en haar sokkerpsan se bedrywighede gedistansieer het.**

**Die verklaring het gevolg op gebeure rondom die dood van die 14-jarige Stompie Moekhetsi. 'n Polisie-ondersoek het gevolg en lede van haar sokkerspan is aangekla.**

**Volgens waarnemers was dié gebeure egter net die laaste strooi. Kritici het Mandela daarvan beskuldig dat sy 'n persoonlikheidstatus om haarself opgebou het. Sy is ook van "self-isolering" beskuldig.**

**Pogings van senior lede van die UDF en sy affiliate om haar te oortuig om aan te sluit by erkende politieke organisasies het misluk en daar was selfs sprake dat sy haar met haar kragtige individualisme die ANC se gramskap op die hals gehaal het.**

**Oor die herstel van haar posisie wil die breë demokratiese beweging nie praat nie. Dit is egter duidelik dat hulle hul verhouding met haar voor die vrylating van Nelson Mandela probeer normaliseer.**

# Ultimatum aan regering op pad

**Elsabé Wessels**

'N KRAGTIGE binnelandse anti-apartheidsfront kan in Desember 'n oortuigende politieke ultimatum aan die regering stel.

Die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms wat op 9 Desember in Johannesburg gehou word, is die eerste daadwerklike poging om alle interne anti-apartheidsmagte in 'n verenigde front teen die regering saam te voeg. Soortgelyke pogings in die verlede het misluk.

'n Woordvoerder van die breë demokratiese beweging het gister die nuwe datum vir die konferensie bevestig. Daar word tans sowat 3 000 afgevaardigdes van organisasies landwyd verwag.

'n Duidelike mandaat oor onderhandeling, verenigde aksie en sanksies sal op die konferensie beding word, het 'n woordvoerder van die breë demokratiese beweging dié week gesê.

In die lig van die drie maande oue versetveldtog, die groter samehorigheid onder Cosatu en Nactu, die onlangse vrylating van ANC-leiers en die politieke gebeure rondom verlede Sondag se saamtrek waar ANC-leiers openlik die doelstellings van die ANC verkondig het, bied die konferensie 'n nuwe fokus in die klaarblyklik verskerpte stryd teen apartheid.

Die groeiende internasionale steun wat die ANC se onderhandelingsvoorstelle, soos vervat in die Harare-verklaring, geniet, behoort 'n breë raamwerk vir samesprekings te bied, voorspel waarnemers.

Daar was dié week sprake daarvan dat die konferensie die Harare-verklaring 'n stap verder kan neem deur voorstelle vir 'n grondwetgewende vergadering by die ANC se riglyne vir 'n voorgestelde onderhandelingsproses te voeg.

Die opstel van 'n grondwet deur leiers in 'n wetgewende vergadering, wat op demokratiese wyse verkies is, geniet tans wye steun onder groepe wat 'n verenigde, nie-rassige en demokratiese politieke model voorstaan.

Die ANC-leier Walter Sisulu het die Harare-verklaring verlede Sondag vooruitgeloop toe hy 'n vrye verkiesing vir 'n Grondwetgewende vergadering in die vooruitsig gestel het.

Talle swartbewussynsgroepe het reeds aangedui dat hul ondanks hul verskille met die ANC en UDF/Cosatu-alliansie die konferensie-inisiatief van die breë demokratiese beweging sal steun.

Die uitnodiging van dié groepe, wat veel kleiner in getalle is, word as 'n taktiese beweging aan die kant van die breë demokratiese beweging beskou om die eenheidsfront suksesvol van stapel te stuur.

Die konferensie wat aanvanklik in Oktober gehou sou word, is uitgestel weens die aanhouding van talle aktiviste voor die verkiesing.

# Ondersteuningsgroep vir aangehoudenes 'wettig' hulself

**Anton Steenkamp**

DIE Detainees' Support Committee (Descom), wat in Februarie verlede jaar saam met 16 ander organisasies gemuilband is, het hulself verlede naweek eensydig "gewettig".

Meer as 100 afgevaardigdes van ondersteuningsgroepe regoor die land het hulle by 'n kongres in Johannesburg onder die vaandel van Descom hergroepeer


Referate voor die kongres het die veranderende rol van formele en informele verdrukking in Suid-Afrika, in reaksie op politieke teenstand, aangespreek.

Volgens Descom het die getal aanhoudings onder die noodmaatreëls skerp afgeneem sedert die vlaag hongerstakings van Januarie vanjaar, maar tussen 650 en 700 van die aangehoudenes wat vrygelaat is, is onmiddellik ingeperk.

Dit blyk verder dat die regering hulle toenemend tot die howe wend om politieke aktiviste onder gewone strafwette aan te kla, eerder as onder die noodmaatreëls. Tussen Januarie en Augustus vanjaar is minstens 260 mense weens polities-gemotiveerde misdade skuldig bevind, het 'n afgevaardigde gesê. Verskeie van die skuldiges is ter dood veroordeel, onder wie die Upington 14 en drie guerrillas van Umkhonto we Sizwe. Van die 289 mense in die dodesel op 5 Oktober, was 80 daar weens politieke misdrywe.

Afgevaardigdes na die konferensie het hul kommer oor die toenemende informele onderdrukking van anti-apartheidsaktiviste uitgespreek.

# Hoe kan jy die waarheid hoor terwyl jy deur stilte omring word?




Sensuur steek die waarheid weg, maak opposisiestemme stil en inhibeer kritiek. In 'n demokratiese gemeenskap het elkeen 'n reg om ingelig te word, om 'n eie oordeel oor gebeure te vel en vryelik kommentaar te lewer. 'n Gemeenskap wat nie die volle feite ken nie, nie eens weet wat gesensor is nie, word onkundig en impotent. Deur eensydige beriggewing oor TV en radio het die regering 'n valse realiteit geskep.

Waar baie stemme gehoor behoort te word, is daar nou net een.

Die doel van die Aksiegroep teen Sensuur is om alle voorvalle van sensuur te monitor en om die publiek oor die gevare van sensuur in te lig.

Kom veg saam met ons. Word 'n lid van ACAG. Ons maandelikse nuusbrief hou lede ten volle ingelig oor alle sensuuraksies. Die lidmaatskapfooi is R10 per persoon en R20 per groep. 'n Biblioteek van persknipsels oor sensuur is ook beskikbaar by ons kantoor. Vir meer inligting skakel (011) 331-3517.

**A C A G**

**AKSIE GROEP TEEN SENSUUR**

☐ JA, ek wil saam veg teen sensuur want ek het die reg om die waarheid te weet. Ek sluit hierby my tjek/posorder vir R10 in, gekruis en uitgemaak aan die Anti-Censorship Action Group. (Drukskrif asseblief.)

Naam: ______________________________

Posadres: ______________________________

______________________________ Kode: __________

Tel: (H) ______________________ (W): __________

**Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.**

# Skryf buitelandse skuld af, sê Groen-vrou



**Charles Leonard**

EEN van die Groenparty in Duitsland se vier grondbeginsels is sosiale geregtigheid en daarom ondersteun hulle die bevrydingsbewegings in Suider-Afrika, sê Ursula Eid.

Sy het as dié party se woordvoerder oor Suider-Afrikaanse aangeleenthede in die Duitse Bündestag by 'n vergadering van Idasa in Pretoria oor "Die ekologiese verandering van die gemeenskap" gepraat.

Hoewel een van hul ander grondbeginsels nie-gewelddadigheid is, het die Groenes begrip daarvoor as die wapen opgeneem word nadat alle ander maniere om die gemeenskap te verander, misluk het.

"Ons beskou nie die Suid-Afrikaanse regering as legitiem nie," sê sy. "Maar dit beteken ook nie dat ons geld vir wapens aan groepe soos die ANC en Swapo sal gee nie."

Oor sake soos die gebruik van kernkrag voel hulle sterk.

"As Swapo in Namibia aan bewind kom en hulle wil uraan aan ons verkoop om geld vir die land in te win, sal ons dit nie koop nie.

"Met uraan word kernkrag opgewek. Al steun ons Swapo sedert ons ontstaan nege jaar gelede, sal ons nee dankie sê," verduidelik Eid.

Oor die moontlikheid van die stigting van 'n Groenparty in Suid-Afrika, het sy gesê dat dit onregverdig van haar as buitelander is om te oordeel.

"Dit hang af of die tyd ryp is. Julle sal self moet besluit."

Besoedeling is 'n wêreldprobleem, sê sy.

Die kern van die probleem is die eerste wêreld wat hul afval op die derde wêreld afgooi.

Die derde wêreldlande is so diep in die skuld by die ryk lande van die wêreld dat hulle bereid is om dit teen goeie betaling te aanvaar, sê sy.

"Die oplossing hiervoor, glo ons party, is om alle buitelandse skuld van Afrika-lande suid van die Sahara af te skryf," sê Eid.

# Drinkers bly droogkeel solank bierwerkers staak




*Foto: Keith Wiseman - Afrapix*

**Stakende SAB-werkers betoog vir hoër lone.**

**Anton Steenkamp**

SUID-AFRIKAANSE BROUERYE (SAB) het gister in 'n brief aan die Food and Allied Workers' Union (Fawu) volgehou met hul weiering om hul loonaanbod te verhoog, en 'n beroep is op die duisende bierdrinkers landwyd gedoen om SAB-bier te boikot terwyl die staking voortduur.

Sowat 6 000 werkers van SAB wat aan Fawu behoort, staak al vier weke lank nadat loonsamesprekings 'n dooiepunt bereik het.

Die vakbond eis 'n verhoging van 38 persent, of R1,80 per uur, op minimumlone. SAB is egter nie bereid om meer as 16 persent, of 75c per uur, toe te staan nie.

Rajid Naicker, 'n woordvoerder van Fawu, het Woensdag aan Vrye Weekblad gesê sommige maatskappye in die nywerheid betaal beter as SAB. Hy het ook gesê Fawu se looneis is onderhandelbaar.

Fawu het Woensdag in 'n brief aan SAB voorgestel dat onderhandelinge hervat word, maar SAB het gister in reaksie gesê hulle is nie bereid om hul loonaanbod te heroorweeg nie. SAB het 'n spesifieke bemiddelaar en 'n spesifieke bemiddelingsdatum voorgestel om die staking te probeer beëindig.

Die staking is tot dusver gekenmerk deur ongekende geweld, het Adrian Botha, media-woordvoerder van SAB, gister aan Vrye Weekblad gesê.

SAB het Woensdag 'n Hooggeregshof-interdik teen Fawu-lede in Kaapstad gekry om tydelike werkers ("scabs") nie te intimideer of lastig te val nie.

'n Tydelike werker is Woensdag in Nuweland aangerand, en 'n bestuurder van een van SAB se afleweringswaens is op 24 Oktober doodgeskiet.

Naicker sê Fawu het 'n beroep op sy lede gedoen om nie geweld te gebruik nie, aangesien hulle graag die geskil op 'n vreedsame wyse wil oplos.

Intussen het drie van die grootste swart drankorganisasies in Suid-Afrika, wat meer as twee miljoen lede verteenwoordig, begin met 'n boikot van SAB-bier om die stakers te ondersteun.

Die SA Taverners' Association (SATA) en die National Taverners Association (NTA) moedig hul lede aan om nie SAB-bier te verkoop nie, maar onafhanklike sjebeen-eienaars het aangedui dat hulle nie 'n boikot kan bekostig nie.

# Webster-trust vra ondersoek na politieke moorde

**Anton Steenkamp**

WOENSDAG, ses maande gelede, is David Webster voor sy huis in Troyeville deur onbekende mans doodgeskiet. Die polisie het nog geen vordering gemaak met hul ondersoek na sy dood nie.

Woensdag het die David Webster-trustfonds en verskeie organisasies 'n beroep op die regering gedoen om 'n onafhanklike regterlike kommissie van ondersoek in te stel na die dood van Webster en ander anti-apartheidsaktiviste, en die polisie se onvermoë om die moordenaars op te spoor.

Sedert dr Rick Turner in 1977 vermoor is, is 61 teenstanders van die regering op geheimsinnige wyse om die lewe gebring. Net in een geval, dié van Idasa-werker Eric Mntonga, is die skuldiges vasgetrek, en dit was nadat dr Alex Boraine, uitvoerende direkteur van Idasa, self inligting bekom en dit aan pres Lennox Sebe van die Ciskei oorhandig het. Ses Ciskeise polisiemanne is skuldig bevind aan Mntonga se dood en gevonnis tot gevangenisstraf wat wissel van twee tot twaalf jaar.

Sedert Webster se dood is nog ses aktiviste vermoor. Eric Gumede is pas na sy vrylating uit aanhouding in Durban doodgeskiet en Anton Lubowski van Swapo is in Windhoek doodgeskiet. Die polisie het nog geen vordering gemaak in hul ondersoeke na dié moorde nie.

Intussen het Butane Almond Nofomela, 'n voormalige veiligheidspolisieman, opspraak verwek met sy bewerings dat hy 'n lid van polisie-moordbende was wat vir die dood van Griffiths Mxenge en agt ander aktiviste verantwoordelik was.

"Totdat die polisie die teendeel bewys, sal die vermoede in die gedagtes van Suid-Afrikaners voortduur dat moordbendes met beweerde polisieverbintenisse verantwoordelik is vir die moorde," het Judith Harden van die Black Sash Woensdag gesê.

Glen Moss, een van die trustees, het ook verwys na die Yengeni-terrorismeverhoor in Kaapstad, waar Bongani Jonas getuig het dat die veiligheidspolisie probeer het om hom te werf vir Askari, 'n moordbende wat glo die taak het om ANC-aktiviste op te spoor en uit te wis.

In die verhoor van Jack le Grange en Robert van der Merwe, twee polisiemanne van die Brixtonse moord-en roofafdeling, het Van der Merwe ook aangedui dat die doodmaak van ANC-aktiviste as aanvaarbare praktyk beskou is, het Moss gesê. Van der Merwe het in die verhoor getuig dat hy op die grens van Swaziland polisiemanne raakgeloop het wat aan hom gesê het hulle is op 'n sending na Swaziland. Dieselfde nag is twee ANC-lede in Swaziland vermoor.

Maggie Friedman, Webster se vriendin wat gesien het hoe hy doodgeskiet word, het Woensdag gesê dis ironies dat sulke moorde steeds plaasvind, nou dat dit lyk asof die politieke toneel begin verander. Sy voorsien dat regse frustrasies al hoe meer uiting in geweld sal vind, en die beroep op 'n onafhanklike ondersoek herhaal, aangesien die polisie volgens haar nie neutraal kan optree in so 'n ondersoek nie.

Ahmed Motala, 'n verteenwoordiger van Regslui vir Menseregte wat vir Nofomela optree, het gesê hulle het op 20 Oktober reeds die minister gevra om 'n regterlike kommissie van ondersoek na Nofomela se bewerings in te stel. In plaas daarvan is die Prokureur-Generaal van die Vrystaat, adv McNally, en die hoof van die speurafdeling, lt-genl Conradie, aangestel om die ondersoek te lei. "Hoe kan die polisie hulself ondersoek?" het Motala gevra.

Nico Cloete, 'n verteenwoordiger van die Unie van Demokratiese Universiteitspersoneelverenigings (UDUPV), het aangekondig dat R130 000 nou deur UDUPV aangebied word vir inligting wat kan lei tot die opsporing van Webster se moordenaars.

Die beroep op 'n onafhanklike, regterlike kommissie van ondersoek na die moord op Webster en ander politieke aktiviste, en die bewerings oor polisie-moordbendes, is ondersteun deur UDUPV, die Menseregtekommissie, Regslui vir Menseregte, die Black Sash, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe-konferensie, Idasa, die United Democratic Front, Cosatu en die Five Freedoms Forum.

# Polisieman 'onskuldig' sonder dat klaer getuig

**Anton Steenkamp**

'N POLISIEMAN van Ellisras wat 'n swartman op die dorp aangerand het, is verlede Dinsdag deur die landdros onskuldig bevind en ontslaan sonder dat die klaer in die hof was.

Adjudant-offisier Fred Kitching van die speurafdeling op Ellisras is aangekla van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die laaste ondersoekbeampte in die saak was die hoof van die plaaslike speurafdeling, kapt Deon Dreyer. Die klaer, John Faro, was op die dag van Kitching se verskyning nie in die hof nie, omdat 'n dagvaarding nooit op hom beteken is nie. Die staatsaanklaer, CJ de la Rey, het vir ontslag gevra, wat deur landdros Smit toegestaan is.

Volgens getuienis voor die hof was die klaer, Faro, besig om met 'n tienton-vragmotor oor die pad van Vaalwater na Ellisras by 'n garage in te draai, toe 'n motor van die teenoorgestelde kant af gekom het. Die motor moes uitswaai, en die twee insittendes, Kitching se broer en sy pa, het vir Kitching gaan haal.

Kitching, wat in burgerlike klere was, beweer dat hy Faro in hegtenis wou neem en dat Faro hom teen arres verset het. Kitching het toe vir Faro uit die kajuit van die vragmotor geruk en hom met 'n skoen teen die kop geslaan.

Hulle het Faro in 'n half-bewustelose toestand by die vragmotor gelos en polisiemanne in uniform gestuur om hom in hegtenis te neem.

Die Prokureur-Generaal het beslis dat Kitching vervolg moes word, hoewel die staatsaanklaer hom aanvanklik nie wou vervolg nie.

blaze BEMARKING

Vrye Weekblad
Geluk met julle eerste verjaardag

VEELS GELUK
VRYE WEEKBLAD.
STERKTE
VORENTOE.

# Die laksman kan ook foute maak

**Volgende week is deur verskeie organisasies tot Bewusmakingsweek teen die Doodstraf verklaar. ANTON STEENKAMP kyk na dié omstrede onderwerp**

SUID-AFRIKA stel jaarliks die tweede meeste mense ter wêreld tereg, volgens amptelike syfers. Net Iran stuur jaarliks meer mense galg toe.

Terwyl die res van die wêreld wegbeweeg van die doodstraf, het die wetgewer in Suid-Afrika agt nuwe misdade, benewens die oorspronklike drie, sedert 1968 met die dood strafbaar gemaak. Oor die afgelope tien jaar het 16 lande die doodstraf afgeskaf, wat tans nog in 101 lande geld.

Die misdade waarvoor 'n mens in Suid-Afrika galg toe gestuur kan word, is moord, roof met verswarende omstandighede, hoogverraad, terrorisme, sabotasie, huisbraak met verswarende omstandighede, verkragting en kinderroof.

In die tien jaar van 1978 tot die einde van 1988 is 1 335 mense in Suid-Afrika tereggestel, sonder dat Transkei, Ciskei, Bophuthatswana of Venda ingereken is.

In die vroeë sestigerjare het prof Barend van Niekerk, 'n regsprofessor, navorsing gedoen oor die toepassing van die doodstraf en bevind dat swartmense meer geredelik as blankes die doodstraf opgelê is. Hy is aangekla weens minagting van die hof, maar vrygespreek.

Prof John Dugard sê ras beïnvloed vandag nog die oplegging van die doodstraf. Die Menseregte-kommissie wys daarop dat van die 81 swartmense wat tussen Junie 1982 en Junie 1983 weens moord op blankes skuldig bevind is, 63 tereggestel is. Van die 62 blankes wat weens moord op blankes skuldig bevind is, is net een gehang. Nie een van die 21 blankes wat weens moord op swartmense skuldig bevind is, is galg toe nie.

Die toename in teregstellings in die tagtigerjare, en veral die feit dat baie mense weens politieke misdade ter dood veroordeel is, het gelei tot toenemende kritiek teen die doodstraf.

Veral die feit dat lede van Umkhonto we Sizwe (MK), wat hulle as soldate beskou wat onder die Geneefse Protokolle van 1977 op krygsgevangene-status geregtig is, het vir steun aan die "Save the Patriots Campaign" - 'n binnelandse drukgroep teen die doodstraf van politieke gevangenes - gesorg.

Regter J Didcott het hom in Februarie vanjaar in die Suid-Afrikaanse Regsjoernaal soos volg oor die toepassing van die doodstraf uitgelaat: "Aangesien ek oortuig is dat die doodstraf die gemeenskap degradeer wat hom daartoe wend, en die heiligheid van die menslike lewe verarm eerder as om dit te handhaaf, soos die reg behoort te doen, ondersteun ek pogings om dit af te skaf en sien ek uit na die dag wanneer dit bereik word."

Afskaffers argumenteer dat die doodstraf net geregverdig is as bewys kan word dat dit afskrikwaarde het. Ondersoeke tot dusver kon dit nie bewys nie. Die Royal Commission on Capital Punishment het in die laat vyftigerjare in Brittanje bevind die doodstraf dien geen waardevolle doel as afskrikmiddel nie, en in 1965 is dit in Brittanje afgeskaf.

In Nieu-Seeland het die getal moorde nie gestyg nadat die doodstraf afgeskaf is nie.

In Suid-Afrika het beskuldigdes wat ter dood veroordeel word geen outomatiese reg op appèl nie. Só het dit al gebeur dat onskuldige mense gehang is, het 'n gevangeniskapelaan, eerw Junod, in 1970 in die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, beweer.

'n Beskuldigde, Nzimande, is byvoorbeeld in 1966 saam met 22 ander weens die moord op vyf polisiemanne naby Bergville in Natal skuldig bevind. Verlof tot appèl is geweier, en die 22 ander is tereggestel. Een dag voor Nzimande gehang sou word, het hy verlof tot uitstel van die Hoofregter gekry.

Vyf appèlregters het bevind dat Nzimande onskuldig bevind moes word, aangesien geen getuienis gelei is dat hy hoegenaamd op die misdaadtoneel teenwoordig was nie.

Jacques Pauw

# 'Sy is nie op vakansie in Pretoria nie'

IN die dodeselle in die Sentrale Gevangenis in Pretoria is 'n bejaarde vrou sonder ouderdom, skoling of hoop besig om weg te kwyn. Onderwyl sy al hoe vinniger uitteer, verswak en haar verstand disintegreer, het 'n regter verlede week tydens 'n dringende borgaansoek opgemerk:


"Dit is te wagte dat enigiemand wat wag om tereggestel te word, sal ly."

En onderwyl 'n kliniese sielkundige getuig het hoe dié ma van nege haar dae omhuil weens die verlange na haar kinders wat 'n duisend kilometer verder wag, het die staatsaanklaer gesê:

"Sy is nie op vakansie in Pretoria nie."

Evelina de Bruin is Suid-Afrika se enigste vrou in die dodeselle. Sy is sowat 55 jaar oud en 'n slagoffer van die vreemde omstandighede wat vroeër vanjaar tot die terdoodveroordeling van veertien mense in die omstrede Upington-verhoor gelei het.

**Haar ongeletterdheid is juis een van haar grootste probleme in die dodesel: sy kan nie haar eie Bybel lees nie en is aangewese op 'n bewaarder om vir haar voor te lees.**



Regter Basson op die bank tydens die Upington-verhoor. Een van die beskuldigdes het dié skets gemaak tydens die verhoor waarin Evelina de Bruin weens moord skuldig bevind is.

'n Dringende hofaansoek waarin twee sielkundiges gepleit het dat sy weens haar baie spesiale en tragiese omstandighede op borgtog vrygelaat moet word, is verlede week in die Kimberleyse Hooggeregshof deur regter Basson geweier.

Dit was die einste Basson wat De Bruin in Mei vanjaar galg toe gestuur het vir haar aandeel in die moord op 'n polisieman in November 1985 toe politieke onrus soos 'n golf deur die township Paballelo net buite Upington gespoel het.

Basson het na een van die langste kriminele verhore in Suid-Afrika bevind dat De Bruin nie deelgeneem het aan die fisieke aanval op Lucas Sethwala nie, maar dat sy die groep mense wat by die aanval betrokke was, aangevuur het.

Basson en twee assessore het bevind dat De Bruin haar vereenselwig het met die gemeenskaplike doel van die groep om Sethwala dood te maak.

Sy is weens moord skuldig bevind en galg toe gestuur omdat daar geen versagtende omstandighede was nie.

Sedertdien word daar wanhopig om die lewe van dié vrou geveg wat volgens twee sielkundiges fisiek en psigies ernstig siek is en elke dag besig is om verder weg te kwyn.

Sy hou geen gevaar vir die gemeenskap in nie, sal nie ontsnap nie en is 'n vrou met hoë morele en etiese waardes, is getuig.

'n Aansoek om borgtog vir 'n terdoodveroordeelde is uitsonderlik, maar tog toelaatbaar. Nogtans het Basson beslis dat haar saak nie só uitsonderlik is om borgtog te regverdig nie en dat hy nie oortuig is dat sy nie sal probeer ontsnap nie.

De Bruin ly, volgens mediese getuienis, aan artritus wat veroorsaak dat sy baie moeilik loop, 'n harttoestand, hoë bloeddruk en selfs seniliteit.

Twee sielkundiges het 'n donker prentjie van De Bruin se psigiese welsyn geskets en getuig dat haar isolasie van haar man en kinders en die moontlikheid van teregstelling lei tot ernstige toestande van depressie, vrees en spanning.

Sy huil haar dae om, het geen eetlus nie en ly aan slaaploosheid en diarree. Sy ontvang medikasie en behandeling vir onder meer al die gewig wat sy reeds verloor het.

"Sy is besig om weg te kwyn. Ons moet haar red voor dit te laat is. Dié vrou is beslis geen gewone krimineel nie," sê Andy Durbach, 'n Kaapstadse prokureur wat die afgelope maande onverpoos veg om De Bruin van die galg te red en uit die dodeselle te kry.

De Bruin is onseker hoe oud sy is. Sy is op Kersdag in 1933 of 1935 in Noord-Kaapland gebore. Sy het saam met nege ander familielede in 'n eenvertrekhuisie sonder water, elektrisiteit of 'n toilet grootgeword. Sy het nooit skoolgegaan of geleer lees of skryf nie.

Haar man, Gideon Madlongolowane, wat vir 36 jaar op die Spoorweë gewerk het, is weens dieselfde moord skuldig bevind en is ook in die dodeselle. Die egpaar het vir die hele verloop van die hofsaak saam in die voorste beskuldigdebank gesit en dikwels hande vasgehou.

De Bruin, 'n huishulp wat agttien jaar vir die gesin Steenkamp op Upington gewerk het, het nog nooit enige kriminele oortreding begaan nie en is diep godsdienstig.

Haar ongeletterdheid is juis een van haar grootste probleme in die dodesel: sy kan nie haar eie Bybel lees nie en is aangewese op 'n bewaarder om vir haar voor te lees.

Sy is baie hartseer oor twee afhanklike kinders by die huis wat nou sonder ma of pa is. Omdat Upington byna 1 000 kilometer van Pretoria is, het sy die afgelope vyf maande net twee besoeke van haar familie gehad.

Durbach sê die uislag van die appèl in die Upington-verhoor kan nog tussen ses en twaalf maande duur. Intussen word nog 'n borgaansoek voorberei. Dié aansoek sal weer voor Basson aangehoor moet word.

# Vrye Weekblad en die polisie

**Max du Preez**

DIE Veiligheidspolisie ondersoek al weer 'n saak teen Vrye Weekblad. Dié keer gaan dit oor 'n advertensie wat die National Reception Committee geplaas het om verlede Sondag se saamtrek by Soccer City bekend te maak.

Dié vergadering het met toestemming van die plaaslike landdros plaasgevind, en was selfs volgens ministeriële dekreet wettig.

Geen verwysing na die ANC het in die advertensie voorgekom nie.

Sover bekend, is Vrye Weekblad die enigste koerant teen wie dié aanklag ondersoek word. Verskeie ander koerante het die advertensie gedra - party het selfs die ANC se kenteken daarby gebruik.

Dit het die vermoede laat ontstaan dat die polisie 'n vendetta teen Vrye Weekblad aan die gang het, en boonop ontevrede is met die regering se oënskynlike ignorering van die wetsbeperkinge op die ANC.

In reaksie sê genl Herman Stadler van die polisie se Afdeling Openbare Betrekkinge dat daar "geen sprake" van 'n veldtog teen Vrye Weekblad is nie. Hy lê egter baie klem op die feit dat die polisie 'n "by wet opgelegde plig het om teen oortreders van die wet op te tree". Hy sê ook dat "verskeie politici" reeds bevestig het dat die nuwe benadering van die regering "nie kondonering van wetsoortredinge insluit nie".

Vrye Weekblad se volledige boodskap aan genl Stadler lui soos volg:

"Ek is vanoggend deur sersant Jansen van die Veiligheidstak in kennis gestel dat die polisie ondersoek instel of die plaas van 'n advertensie in Vrye Weekblad van 27 Oktober 1989 oor die saamtrek by Soccer City verlede week 'n kriminele oortreding was. Daar was nie 'n enkele verwysing na die ANC of enige ander verbode organisasie nie, en die vergadering self was volgens die verantwoordelike minister heeltemal wettig.

"Ek neem aan u is ook bewus daarvan dat 'n saak teen my ondersoek word weens die plasing van 'n foto van 'n man met 'n kind in sy arms wat in Kaapstad geneem is. Die aanklag is ingevolge die noodmaatreëls en die beswaar is glo dat die foto polisie-optrede uitbeeld. Daar is egter geen polisieman enige plek in sig nie.

"U weet ook seker dat ek reeds in die hof verskyn het op ses aanklagte ingevolge die noodmaatreëls omdat Vrye Weekblad na bewering "ondermynende verklarings" oor diensplig geplaas het. Die meeste van die berigte is doodgewone verslae van hofsake, en van die paragrawe wat deur die veiligheidspolisie aan my uitgewys is, bevat doodgewoon stellings wat beskuldigdes tydens hierdie hofsake gemaak het. Elke ander koerant het soortgelyke berigte gedra.

"Kan ek ook daarop wys dat ek reeds ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid tot ses maande tronkstraf gevonnis is omdat Vrye Weekblad 'n gelyste persoon sou aangehaal het. In sy uitspraak het die landdros gesê dit is duidelik uit die getuienis dat talle ander publikasies soortgelyke metodes gebruik om na die menings van gelyste persone te verwys, maar dat net Vrye Weekblad aangekla is.

"Ek wil dit verder onder u aandag bring dat uiters betroubare bronne in die polisie sowel as die Transvaalse Prokureur-Generaal se kantoor my meegedeel het dat daar besluit is om "geen genade" te betoon aan Vrye Weekblad nie en om die koerant op elke moontlike aanklag te vervolg.

"Op grond van die bogaande getuienis glo ons dat daar inderdaad 'n veldtog is om Vrye Weekblad te vervolg. Ons glo dat dit lynreg bots met die huidige politieke klimaat in die land en met die huidige houding en beleidsrigtings van die regering van staatspresident FW de Klerk.

"Ons verdere gevolgtrekking is dat hierdie veldtog deur die polisie gevoer word in botsing met die benadering van die regering van die dag.

"Kan u dus asseblief so gou moontlik op die volgende vrae antwoord:

"1. Wie in die SAP besluit watter sake teen koerante ondersoek moet word?

"2. Wie en wat is die sogenaamde media moniteringsgroep in die SAP?

"3. Hoe gebeur dit dat die polisie sake teen Vrye Weekblad ondersoek en aan die Prokureur-Generaal verwys en nie ander koerante vir soortgelyke of identiese berigte vervolg nie?

"4. Is daar 'n besluit in die SAP geneem om 'n veldtog teen Vrye Weekblad te loods, of is dit bloot 'n houding van lede van die mag wat met die sake belas is?

"5. Hoe gebeur dit dat die polisie tien maande wag voor Vrye Weekblad vir 'n berig vervolg word (dit is die geval met die ses aanklagte waarvoor ek reeds in die hof verskyn het)?

"6. Wie gee politieke leiding aan die polisie wat oor media-sake beslis?

"7. Wat is u kommentaar op ons gevolgtrekking dat die polisie in hierdie sake in stryd met die gees van die huidige regering optree?"

Hierop het genl. Stadler ook per faks geantwoord:

"1. Regkundige persone verwys sekere berigte vir ondersoek.

"2. Sien antwoord no 1.

"3. Daar is nie sprake van 'n veldtog of 'n houding nie. Dit gaan oor moontlike oortredings. Die SAP het 'n by wet opgelegde plig om teen oortreders van die wet op te tree. Ek wil u ook die versekering gee dat dit nie net Vrye Weekblad is teen wie moontlike oortredinge tans ondersoek word nie. Daar is verskeie onlangse mediaberigte waar 'n verskeidenheid media genoem word teen wie tans moontlike oortredinge ondersoek word. Sommige sake dien tans reeds voor verskillende howe.

"5. Daar is 'n proses wat deurgegaan word eerdat besluit word om selfs net 'n ondersoek te gelas. Ondersoeke van hierdie aard neem tyd. Dit gebeur ook byna sonder uitsondering dat beskuldigdes binne hul goeie reg eers met prokureurs oorleg wil pleeg voordat hulle verklaringe aflê en/of ander stappe wil doen, wat ondersoeke vertraag. Sake word na ondersoek na die PG verwys, en deur hom na 'n aanklaer wie 'n hofdatum moet kry. Al hierdie prosesse gekombineerd is tydrowend.

"6. Daar is geen politieke leiding nie. Die polisie se taak in hierdie verband is duidelik. Dit het sy oorsprong by artikel 5 van die Polisiewet (Wet 7 van 1958) met spesifieke verwysing na die funksie "die ondersoek van enige misdryf of beweerde misdryf."

"7. Ek verskil van u. Verskeie politici het ook reeds bevestig dat die "nuwe benadering" nie kondonering van wetsoortredings insluit nie.

"Die SAP wil graag met die media saamwerk. U kan daarvan verseker wees dat die polisie slegs ondersoeke sal loods waar daar goeie rede bestaan om te glo dat berigte 'n moontlike oortreding van die wet uitmaak en dat besluite in hierdie verband weldeurdag geneem word. Wees dus verseker van ons suiwer bedoelinge en beweegredes."

## Hof toe oor Mandela-foto

**Anton Steenkamp**

DERICK JACKSON, die redakteur van Saamstaan, die gemeenskapskoerant op Oudtshoorn, verskyn vandag in die Landdroshof op die dorp weens 'n aanklag ingevolge die Gevangeniswet, omdat die koerant sonder toestemming 'n foto van Nelson Mandela gepubliseer het.

Jackson moet op 8 Januarie volgende jaar weer in die hof verskyn op 'n klag van minagting van die hof, na aanleiding van 'n voorbladberig wat in Junie vanjaar in Saamstaan verskyn het.

Volgens die klagstaat was die berig daarop bereken "om die waardigheid, aansien of gesag van Regters en/of Landdroste en/of die regspleging deur die howe in die algemeen te minag en/of om die regspleging onbehoorlik onder verdenking te plaas".


RELEASE MANDELA CAMPAIGN

*"DIE MENSE SAL REGEER"*






*Kameraad Rebecca Kotane, 76, die vrou van oorlede kameraad Moses Kotane, woon in Diepkloof. Moses Kotane was die Sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en het in 1963 saam met dr Yusuf Dadoo en adv Duma Nokwe in ballingskap gegaan. Hy is in 1978 in die Sowjet-Unie dood.*

T-hemde is beskikbaar teen R10 elk of vul die onderstaande koepon in en stuur dit tesame met 'n posorder van R15 aan: Release Mandela Campaign, Jorissenstraat 37, 1e Vloer, Portland Place, Braamfontein 2017.

NAAM: ______________________

ADRES: ______________________

______________________

TEL: __________

GROOTTES: ______________________

AANTAL T-HEMDE: ______________________



FIVE FREEDOMS FORUM

Julle eerste bestaansjaar was 'n bittere teleurstelling vir die owerhede, maar vir die res van ons rebelle was dit 'n opwindende en wonderbaarlike oorlewing.

***LANK LEWE VRYE WEEKBLAD!***

# Namibiane gaan stembus toe tussen gerugte deur

**Pierre du Plessis**

INSDAG kry Namibiane die kans aarop hulle al meer as 'n eeu lank ag - om self te gaan stem hoe hulle geer wil word. Of so hoop almal, ant daar is meer gerugte oor dinge at die Resolusie 435-verkiesing kan duiwel as wat daar plakkate op Vindhoek se lamppale is.

As jy alles sou glo wat deesdae in



(Foto: John Liebenberg/Afrapix)

**Andreas Shipanga, minister van mynwese in die oorgangsregering en leier van die Swapo-Demokrate**

lie kroeë en op die strate verkondig vord, sou daar seker lankal nie meer n mens in Namibia wees nie. Dis 'n Plan-inval hier, 'n Unita-inval daar en bewapening oral.

Die blankes word al meer as twee weke lank die skrik op die lyf gejaag oor moontlike geweld gedurende of na die verkiesing. Polisie-reserviste is bewapen, buurwagte word aangetree, vrouens moet tog asseblief by die huis bly en die deure gesluit hou, en almal moet hul wapens, paspoorte, ekstra kos en water en flitse byderhand hou, want Uhuru kom.

Woensdag hou Pik Botha toe 'n perskonferensie in Pretoria en sê hy het inligting - by Untag afgeluister - bekom wat op nog 'n inval deur Swapomagte dui. Agter hom sit Magnus Malan en Jannie Geldenhuys en mens kan sien hulle sukkel om hul lekkerkry in te hou.

Of Pik se inligting waar is, weet niemand nie. Al wat seker is, is dat hy sê hy weet dinge waarvan niemand in Namibia kennis dra nie. Die SWA-polisie, Untag, die Administrateur-Generaal, Swapo self - almal was verbaas oor die aankondiging.



**Sam Nujoma, president van Swapo, woon 'n onthaal in 'n kraal op sy geboortedorp, Ongandjera, in die noorde van Namibia by** (Foto: John Liebenberg/Afrapix)

Op 'n Swapo-perskonferensie Donderdag het Hadipo Hamutenya gesê Swapo gaan ongetwyfeld die verkiesing wen en dat Pik met sy uitlatings hulle meerderheid probeer beperk deur onsekerheid te versprei.

Niemand weet eintlik wat om te glo nie. Daar is nou al lankal stories oor 'n Swapo-magsopbou, en ook oor Weermaglede in Walvisbaai wat op 'n 4-uur gereedheidsgrondslag geplaas is. Die bostelegraaf sê Upington en Kimberley lyk asof daar vir oorlog gereed gemaak word.

Die nuutste drama sal ten minste verseker dat die hordes internasionale waarnemers en persmense waarde vir hul geld kry.

Aan internasionaliteit ontbreek dit nie in Namibia nie. Meer as 110 lande het deel aan die Untag-poging, en baie ander het waarnemers gestuur. Voornemende sakemanne (heelwat van hulle uit die Ooste) soek naarstigtelik vir 'n kans om geld te maak.

Want Namibia het glo olie... Daar word alreeds langs die kus gesoek, en vandeesweek is daar berig dat boorwerk in Etosha, wat deur die oorlog in die wiele gery is, weer op dreef sal kom sodra dinge bietjie kalmeer.

En daar is baie mense hier wat nie kan wag dat die lewe weer so min of meer normaal word nie.

Daar is selfs 'n grappie wat 'n diep noot in die verband slaan: Oom Jan was op sterwe en vra toe, as laaste wens, vir 'n sny van Mammie se melktert.

"Nee Pa," kom die antwoord, "die melktert is vir na die begrafnis." En al die lekker dinge in Namibia is vir na die verkiesing.

Gelukkig word die verkiesing nou gehou - Oktober en vroeg November is mos berug as selfmoordmaande in Namibia. Dis so droog en warm dat min mense die energie het om te werk, wat nog te sê om ander te intimideer ook.

Daarom verloop die proses meestal vreedsaam (Pik se storie uitgesluit nou) - "the situation in the territory remains calm" is al 'n refrein op Untagperskonferensies.

So by so, met diplomatiese onthale, met die hulp van Suidwes-bier (gebrou en gevul in Namibia, sê die blikkie) en met vele klagtes oor hoe warm dit nou eintlik is, gaan Namibia die verkiesing tegemoet.

O ja, wie gaan wen? Wel, soos hulle nou al maande lank sê: Ons sal maar net moet wag en sien.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AKSIE CHRISTELIK NASIONAAL | ACN | | |
| CHRISTIAN DEMOCRATIC ACTION FOR SOCIAL JUSTICE | CDA | CDA WE ARE ONE | |
| D.T.A. VAN NAMIBIË | DTA | | |
| FEDERAL CONVENTION OF NAMIBIA | FCN | | |
| NAMIBIA NATIONAL DEMOCRATIC PARTY | NNDP | NNDP | |
| NAMIBIA NATIONAL FRONT | NNF | NNF | |
| NATIONAL PATRIOTIC FRONT OF NAMIBIA | NPF | | |
| SWAPO-DEMOCRATS | SWAPO-D | | |
| SWAPO OF NAMIBIA | SWAPO | | |
| UNITED DEMOCRATIC FRONT OF NAMIBIA | UDF | | |

**So lyk die stembriefie waarop Namibia se kiesers volgende week hul keuses moet maak**

# *Gebalde vuiste kan kiesers verwar*

**Christian Chaise**

WINDHOEK - Ongeletterdheid in Namibia en die uitwerking wat dit op volgende week se verkiesing kan hê, maak die tien partye wat om die 72 setels in die grondwetgewende vergadering kompeteer, erg bekommerd.

Behalwe vir die 75 000 blankes, is die ongeletterdheidsvlak onder die bevolking van sowat 1,5 miljoen tussen 40 en 60 persent.

Kiesers sal in die stemhokkie gekonfronteer word met 'n stembriefie waaarop al die partye in alfabetiese volgorde gelys is, saam met die afkorting en simbool vir elke party, en 'n blokkie waarin die kruisie getrek moet word.

Sam Nujoma, die Swapo-leier, het aan die hand gedoen dat die stembusse geskei moet word - een vir elke party.

Maar die spesiale verteenwoordiger van die VV, Martti Ahtisaari, hou vol dat die beproefde metode die eenvoudigste is. "Baie mense aanvaar dat ongeletterde mense dom ook is," sê Ahtisaari.

"Dis nie juis 'n groot intellektuele oefening nie," sê hy van die verkiesing. Omtrent die helfte van die 700 000 geregistreerde kiesers het in elk geval al voorheen gestem, sê hy.

Kiesers hoef ook nie spesifiek 'n kruisie te maak op die stembriefie nie - enige merk, selfs 'n sirkel, sal aanvaar word, mits dit op die regte plek aangebring is.

Een van Swapo se grootste probleme is dat hy sy bekende embleem van 'n fakkel binne 'n kaart van Namibia moes verruil vir 'n figuur wat 'n gebalde vuis in die lug hou, nadat die opposieparty, Swapo-D onder Andreas Shipanga, die fakkel as embleem geregistreer het.

Dit kan vir Swapo baie stemme beteken in 'n land waar baie ongeletterde mense bloot op grond van 'n embleem stem.

"Sommige mense, veral ou mense, sê: 'Ek ken vir Swapo met die fakkel, ek stem vir Swapo met die fakkel'," sê Hage Geingob, Swapo se verkiesingsdirekteur.

Ook die gebalde vuis is problematies, aangesien twee ander partye - die United Democratic Front en die Namibia National Front - ook die gebalde vuis, maar sonder 'n kop-en-skouers-figuur, as hul embleem op die stembriefie gebruik.

Nege van die tien partye wat aan die verkiesing deelneem, het 'n hand in die een of ander vorm as simbool. - AFP

**OPERASIE HONGER**


**wens Vrye Weekblad geluk met hul eerste suksesvolle jaar.**

OPERATION HUNGER

**Geluk met julle verjaardag en mag daar nog baie meer wees.**

**Die jaarlikse Skool van die Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging se tema dié jaar was "Die gang van die seisoene". ELSABé BRINK het dit bygewoon**

# Goeie ou tyd laat die wetenskaplikes kopkrap



'n Rekonstruksie van Stonehenge - 'n vroeë "observatorium" waar die son en die maan bestudeer is? (Uit: G Hawkins, Stonehenge Decoded)

DIT is bykans onmoontlik om te leef sonder om tyd te meet en dit op een of ander manier te orden. Dié ordening maak dit dan ook moontlik om die samelewing te beheer en gesag daaroor uit te oefen, 'n standpunt wat verlede naweek deur prof David Lewis-Williams, hoof van die Rotskunseenheid aan die Universiteit van die Witwatersrand, gehuldig is.

Hy het verlede naweek die jaarlikse Skool van die Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging in Johannesburg oor "Vroeë Paleolitiese Kalenders" toegespreek.

Die tema van die Skool was "Die gang van seisoene" en het gehandel oor die ontwikkeling van stelsels waarmee tyd deur die eeue heen gemeet is.

'n Negejaar oue kind wat ek uitgevra het, het diep nagedink en besluit dat tyd iets waardevol is, wat mens versigtig moet gebruik, maar 'n sesjarige het gesê: "Tyd sê jou niks nie, maar die son sê vir jou baie."

Bykans drie jaar se blootstelling aan skool en vooruitgang op die pad na geletterdheid het verseker dat die 9-jarige, as lid van 'n Westerse kapitalistiese en industriële samelewing reeds die waarde van die kommoditeit "tyd" begin besef het. Vir die "ongeletterde" 6-jarige is "tyd" nog 'n fisiese verskynsel gekoppel aan die gang van die son. As die son opkom, staan jy op, en as hy sak, gaan jy gewoonlik slaap.

Albei se antwoord is geldig, met dié verskil dat die een al onder die hiel van die druk van die samelewing beland het en die ander seker binnekort die belangrikheid van die son sal vergeet en sal sê: "Ek het nie nou tyd nie."

Richard Consterdine van Wits het daarop gewys dat houdings jeens tyd van samelewing tot samelewing verskil. Hoe verder terug in tyd 'n mens beweeg, hoe eienaardiger word die konsep van tyd vir ons.

Die ou Egiptiese en Babiloniese samelewings het op voor-wetenskaplike wyse probeer om die wêreld en ook tyd met behulp van mites te verduidelik. Tyd was kwalitatief, konkreet en nie van eenvormige duur nie; dit was "dinge wat gebeur". Só is sonsopkoms deur hulle as die oorwinning van die son oor die duisternis en die magte van chaos beskou.

In primitiewe landbougemeenskappe was 'n kalender wat op die gang van die maan gegrond is, gebruik. Dié kalender was egter onbetroubaar en eers toe 'n sonkalender - gegrond op die son en die gereelde herverskyning van die sterre saamgestel is - kon tyd baie meer akkuraat gemeet word. Die kalender is waarskynlik die eerste keer in Antieke Egipteland gebruik, want hier was dit van groot ekonomiese belang dat die jaarlikse oorstroming van die Nyl akkuraat voorspel moes word.

Die sonkalender het baie mag aan die farao's verleen, want die boeregemeenskap het aanvaar dat die vermoë om 'n gebeurtenis te voorspel gelykstaande is aan die mag om dinge te laat gebeur.

Dr Graham Baker, redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap, het in sy voorlesing aangevoer dat hoewel mense uit die megalitiese tydperk van 3 000 tot 1 600 vC, geen geskrewe rekords nagelaat het nie, hulle tog bekwame ingenieurs was. Dit word afgelei uit studies van megalitiese terreine, soos byvoorbeeld Stonehenge, waar die "observatoriums" gebruik is om wetenskaplike studies van die son en maan te doen.

Dr Oswald Jackson van die Departement van Ontwikkeling en Beplanning het die gesofistikeerde kalender van die Langa Ndebele van die Noord-Transvaal beskryf. 'n Maand, of "kgwedi", het van die nuwe maan tot die volgende gestrek en is by die sonkalender met behulp van die jaarlikse verskyning van die ster Canopus, genoem "naka", aangepas. Met die koms van wit setlaars is dié kalender met groot gemak by die Christen-kalender aangepas.

Prof Tom Huffman, hoof van die argeologie departement van Wits, het daarop gewys dat die heilige kalenders van die Majas van Sentraal Amerika waarskynlik as gevolg van politieke verbrokkeling in die gebied tot 'n einde gekom het. Prof Dennis Saddington, ook van Wits, het ook politiek aan die tydstelsel van die Romeine gekoppel. Die nalatenskap hiervan vind ons in Julie en Augustus, vernoem na Julius en Augustus Caeser.

Geletterdheid of ongeletterdheid bied geen beperking op 'n mens se vermoë om intelligent te dink en te rasionaliseer oor die konsep van tyd nie.

Dit is hoog tyd dat ons nou die geskiedenis en voortspruitende uitwerking van "tyd" in ons samelewing sorgvuldig moet beskou.

*Elsabé Brink is 'n geskiedkundige van Johannesburg*


**Dankie vir die toewyding en harde werk**


**Veels Geluk!**

**IDASA Transvaal**



**RELEASE MANDELA CAMPAIGN**

**'DIE MENSE SAL REGEER'**




**By geleentheid van julle eerste verjaardag, salueer die Release Mandela Campaign julle!**

Vrye Weekblad gee nie net 'n noukeurige en ware weergawe van wat in die land gebeur nie, maar streef daarna om mense wat verandering teëstaan se houdings te verander.

**Julle publikasie simboliseer die nuwe geslag van die ware, maar nie tradisionele nie, Afrikaner wat trots is op sy taal en kultuur; die Afrikaner wat na die skepping van 'n ware nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika streef.**

*Die RMC waardeer julle moed en wens julle sterkte toe!!!*

**Mag julle leserstal met rasse skrede toeneem.**

# Dis 'n golf wat moeilik weer gestuit gaan word



*Paul Velasco - Afrapix*

Verenig na 25 jaar. Die hoofspreker van die dag, Walter Sisulu, en sy vrou Albertina word deur die skare verwelkom.

**Die Verwelkomingsfees vir sewe vrygelate ANC-leiers het verlede Sondag by Soccer City in Johannesburg die grootste politieke saamtrek in die land se geskiedenis opgelewer. Vir die verbode African National Congress was dit 'n oorwinningsfees ná 'n verbod van langer as 'n kwarteeu. Dié selfwettiging het 'n nuwe politieke era ingelui. ELSABé WESSELS doen verslag**

DIE T-hemde het dit alles gesê: Long live the ANC, Forward to People's Power, Welcome Home Our Leaders.

In die reuse-stadion het 80 000 mense, swart bruin en wit, die betonstrukture laat bewe met uitbundige gesingery, energieke toyi-toyi's, en luidrugtige politieke slagspreuke - alles in die naam van die ANC.

Die verwelkoming van die sewe ANC-leiers was 'n oorwinningsfees. Nog nooit het daar op Suid-Afrikaanse grondgebied so baie mense bymekaar gekom om politiek te maak nie.

Vir die buitewêreld was dit 'n demonstrasie van nie-rassigheid en eensgesindheid.

Skouer aan skouer het vaandels van die ANC, die Soweto Youth Congress, die UDF, Cosatu, the Call of Islam, die Red Boksburg-veldtog, die Afrikaanse Demokrate, die Black Sash, en vele ander gepryk.

Nie sedert die Congress of the People in 1955 het so 'n groot skare die afskaffing van apartheid en wit baasskap in die openbaar geëis nie.

Die ironie van die dag was net so opvallend. Nog nooit het so baie Suid-Afrikaners by een geleentheid met die goedkeuring van die regering veiligheidswetgewing oortree nie. Lofliedere oor die verbode ANC en selfs Umkhonto we Sizwe is sonder vrees gesing.

Sal FW de Klerk en Adriaan Vlok ooit weer dié golf kan stuit, het 'n mens gewonder. Weet hulle regtig wat hulle besig is om te doen?

Buiten die strategiese posisionering van polisievoertuie op die roetes na die stadion, was die afwesigheid van die polisie opvallend.

Dat die dag oor die politiek en in besonder oor die doelstellings van die ANC gegaan het, was daar geen twyfel nie. 'n Skouspelagtige vertoon van die ANC-wapen - met die driekleur van swart, groen en goud en die SAKP-vlag aan weerskante - was die sentrale fokus van die verwelkomingsfees.

Dit was 'n dag van samehorigheid. Van oor die hele land het Suid-Afrikaners, ongeag van ras, taal of geloof, hul solidariteit kom bewys. Jong leeus en grys veterane het skouer aan skouer van bevryding gepraat, gesing en gejuig.

Van tienuur die oggend tot sesuur die middag is daar feesgevier: feesgevier oor die vrylating van gerespekteerde leiersfigure na meer as 'n kwarteeu; maar ook feesgevier oor die eerste tekens van 'n nuwe politieke daeraad.

Daar was ook hartseer, pynvolle herinnering aan die menselewens wat die stryd teen apartheid geëis het. Vir ander was ballingskap die enigste uitweg.

Die verwoesting wat jare van politieke vervolging in gesinne en gemeenskappe gesaai het, het 'n somber toon gelaat. Walter en Albertina Sisulu en Govan Mbeki het voor die vaandel van die ANC gestaan. Hul seuns, Max en Thabo, is steeds politieke bannelinge in Lusaka.

Mede-veterane van die stryd, Helen Josephen Francis Baard, het met moeite die verhoog opgesukkel.

Wilton Mkwayi het nie sy vrou Irene aan sy sy gehad nie. Minder as 'n jaar nadat die egpaar ná 25 jaar van onsuksesvolle aansoeke toestemming gekry het om te trou, is Irene dood. Sy versoek om die begrafnis by te woon, is geweier.

Nelson Mandela en talle ander is steeds in gevangenisskap. Onder die skare het honderde ouers in 1976 kinders verloor. Die opstande van die laaste paar jaar het ook sy tol geëis. Vir hulle het die skare van 80 000 vir 'n oomblik lank stil geword.

Maar die opwinding van die dag kon nie gedemper word nie. Politieke solidariteit het getriomfeer. Die ruisende klanke van Nkosi Sikelel' iAfrika het die amptelike program op dramatiese wyse geopen.

Spreker na spreker het hul verbind tot die visie van 'n verenigde en nie-rassige Suid-Afrika.

Daar is nie doekies omgedraai oor die ANC/SAKP-alliansie nie. Daar is spiere gebult oor die voortsetting van die gewapende stryd. Maar meestal is daar gepraat oor versoening en onderhandeling. Die hand is na witmense uitgesteek om saam apartheid te beveg.

Die teenwoordigheid van Beyers Naudé in kaftan en Mexikaanse hoed, in 'n ere-posisie langs die swart leiers op die verhoog, het boekdele gespreek.

'n Heldere politieke boodskap is deur die vrygelate leiers en die seremoniemeesters uitgedra: politieke strategie om apartheid te hervorm, het misluk. Nie rasse-diskriminasie of die voortgesette noodtoestand kan die gees van verset stuit nie.





*Foto: Gideon Mendel*

Een van die talle plakkate (bo) wat die lof van die ANC besing.




*Foto: Anna Zieminski - Afrapix*

'n ANC-ondersteuner wys duidelik waar sy ondersteuning lê.




*Anna Zieminski - Afrapix*

Die ANC se jong leeus doen 'n toyi-toyi.

## 'Ons streef vandag vrede na en sal môre steeds vrede nastreef' - Sisulu

**In sy hoofrede by Sondag se verwelkoming van die vrygelate ANC-leiers het Walter Sisulu, die voormalige sekretaris-generaal van die ANC, standpunt ingeneem oor onderhandeling. Hier volg 'n uittreksel uit sy toespraak.**

IN 1958 het Hoofman Luthuli, die destydse president van die ANC, Eerste Minister JG Strijdom dringend versoek om te onderhandel.

In 1960 is die ANC verbied en talle van sy leiers in hegtenis geneem of in ballingskap gedwing.

In 1961 het kameraad Nelson Mandela, wat toe ondergronds gegaan het, aan Eerste Minister Verwoerd geskryf en hom versoek om 'n Nasionale Konvensie byeen te roep.

Hulle was doof vir ons pleidooie.

Dit is hoekom ons Umkhonto we Sizwe, die Spies van die Nasie, gestig het. Om ons mense te beskerm en vir ons vryheid te veg.

In 1912, toe die ANC gestig is, het ons vrede nagestreef, tydens ons lang bevrydingstryd het ons vrede nagestreef, ons streef vandag vrede na en sal môre steeds vrede nastreef.

Ondanks die talle bitter ervarings sal ons nie toelaat dat die verlede ons verhinder om die kortste pad na vryheid te soek nie.

Ons steun die Harare-verklaring wat sê dat indien daar 'n duidelike gewilligheid aan die kant van Pretoria is, glo ons dat 'n sameloop van omstandighede aanleiding kan gee dat apartheid deur onderhandelinge beëindig kan word.

So 'n gebeurtenis sal 'n uitdrukking wees van die langverwagte ideaal van die meerderheid van Suid-Afrikaners om 'n politieke skikking te bereik.

Saam met die res van die wêreld glo ons dat dit noodsaaklik is voordat enige onderhandeling kan plaasvind.

Om so 'n klimaat te skep, doen ons 'n beroep op die regime om alle politieke gevangenes en aangehoudenes vry te laat, die politieke organisasies en persone wat verbied of ingeperk is te bevry, die weermag uit die townships te verwyder, die noodtoestand en ander onderdrukkende wetgewing op te hef en alle politieke verhore en teregstellings te staak.

Onder so 'n klimaat sal die ANC, soos uiteengesit in die Harare-verklaring, bereid wees om 'n bilaterale beëindiging van vyandighede te bespreek. 'n Eensydige opsegging van geweld is buite die kwessie.

Tot op datum het die regering geen aanduiding gegee dat hulle ernstig oor onderhandelinge is nie. Hul uitsprake is vaag.

Nou praat die regering van etniese verkiesings om swart leiers te kies. Dit is onaanvaarbaar vir ons. Ons voorsien die verkiesing van 'n Grondwetgewende Vergadering op die basis van universele volwasse stemreg. Dis is waar die ware verteenwoordigers van die mense oor die land se toekoms sal besluit.





*Foto: Gideon Mendel*

Lede van die Red Boksburg-veldtog daag met hul vaandel by die verwelkomingsfees op.

SAKEBLAD
Onder redaksie van Manie Eagar

# Rente-wurggreep wag op die verbruiker

VOLGENS 'n studie van die Kamer van Koophandel (Assocom) is die sake-vertroue van die land op sy laagste vlak in twee jaar.

Dit is hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die regering nie optimisties voel dat 'n ekonomiese groeikoers van meer as twee persent vir die komende jaar verwag kan word nie.

Verder is daar duidelike tekens dat die ekonomie nou heeltemal verstadig.

Een van die hooffaktore was die skerp insinking op die Effektebeurs in Oktober toe die mark met 10,6 persent gedaal, en die totale waarde met R42 biljoen afgeneem het. Sake is vererger toe bank-leningskoerse met een persent tot 21 persent gestyg het. Verbruikers is swaar getref deur die sameloop van omstandighede en vooruitsigte vir sterker ekonomiese groei is nou heeltemal verdoof.

Assocom merk voorts op dat die verkope van nuwe motors merkbaar afgeneem het en dat vervaardigingsvolumes verminder het. 'n Welkome afname in invoere is ongelukkig uitgekanselleer deur 'n afname in uitvoere.

Positiewe faktore sluit in 'n opwaartse neiging in die dollarprys van goud in London en beter dollar/randwisselkoerse, 'n 0,6 persent afname in inflasie na 14,9 persent en 'n verbeterde seisoen-aangepaste werkloosheidsyfer. Die pessimisme is ietwat deur die positiewe faktore in toom gehou, maar dit was veral gebeure op die politieke front wat almal ietwat laat moed skep het.

Die regering se stap-vir-stap benadering om 'n positiewe politieke klimaat te skep, wek vertroue, maar dit kan ongelukkig nie die kille werklikheid van 'n verslegtende ekonomiese posisie uitkanselleer nie.


Swak ekonomiese groeivooruitsigte kniehalter die sake-sektor se beplanning oor die lang termyn en lei tot winsbejagting oor die kort termyn en 'n gebrek aan die skepping van werksgeleenthede.

Dit is veral die regering se standpunt dat rentekoerse relatief hoog moet bly en wat groei tot twee persent moet beperk. Dit gaan lei tot 'n verlaging van invoere en hopelik 'n kontantreserwe waarmee die regering hoop om Suid-Afrika se rente op R60 biljoen se buitelandse skuld te betaal.

## Rente-wurggreep

"Die Reserwebank het nou besluit dat ons rentekoerse ten alle tye bo die inflasiekoers gaan hou, selfs al is daar 'n depressie, sodat mense nie deur

Inflasie-neigings oor die lang termyn




Soliede lyn = tendens. 1989 = 15%

**'n Gemiddelde inflasiekoers van 15 persent vir 1989 word bepaal, wat eintlik beter is as wat tot nou toe voorspel is. Selfs al was dit so hoog as 16 persent in die huidige inflasiesiklus, sou dit beteken dat die langtermyn opwaartse tendenslyn uiteindelik gebreek is. Indien dié situasie voortduur, sal die sekulêre opwaartse fase in langtermynkoerse gestop word.**

kunsmatige laer rentekoerse oorgehaal word om finansiële verpligtinge aan te gaan wat hulle later nie kan nakom nie," sê dr Chris Stals, goewerneur van die Reserwebank.

"Ons was bederf. In een stadium was reële rentekoerse ver onder die inflasiekoers met die gevolg dat baie mense geld geleen het omdat hulle van mening was geld is goedkoop. Toe styg die koerse en nou het hulle probleme. Rentekoerse is in werklikheid nie baie hoog nie, maar was eintlik tot nou toe baie laag."

Stals wys daarop dat die inflasiekoers in Suid-Afrika tans 15 persent is, terwyl die bankkoers op 18 persent staan - 'n verskil-differensiasie van 3 persent. In teenstelling staan die bankkoers op 15 persent en inflasie teen 7,5 persent in Brittanje.

Hoë rentevlakke bly dus noodsaaklik, meen Stals, en afwaartse druk op rentekoerse sal teëgestaan word eerder as om toe te laat dat die rente in die nabye toekoms weer daal, selfs al doen die geleentheid hom voor.

In die lig van die feit dat die ekonomie vanjaar slegs teen twee persent gaan groei, regverdig dit nie die oorweging om monetêre maatreëls, wat van die middel van 1989 van krag is, te verslap nie.

Verbruikers moet hulle maar reg maak vir hoë rentekoerse binne die afsienbare toekoms.

Stals gaan selfs so ver om te voorspel dat rentekoerse oor die lang termyn konstant op 'n hoë vlak gehou gaan word. Hy dui daarop dat studies toon dat Suid-Afrika meer kapitaal-intensief as arbeid-intensief is - daar is 'n ooraanbod van arbeid en 'n tekort aan kapitaal. Relatief tot arbeid is kapitaal dus nog heel goedkoop.

'n Vroegtydige verslapping van die monetêre maatreëls bly dus buite die kwessie.

## Resessie?

Die beleid is veral daarop gemik om die land se buitelandse valutareserwes hoog te hou in die lig van groot skuld-aflossings oor die volgende drie tot vier jaar.

Stals voorsien geen verdere krediet aan Suid-Afrika oor die tydperk nie, wat beteken dat die beperkings op die betalingsbalans regstreekse en negatiewe druk op die groeipotensiaal van die land gaan plaas.

Om dié stand van sake te handhaaf beteken dat 'n kapitaal-uitvloei van R4 biljoen uit Suid-Afrika oor die volgende jaar verwag kan word met 'n regstreekse invloed op die land huishouding, meen Cees Bruggemans, hoofekonoom van Eerste Nasionale Bank.

Daar sal volgende jaar 'n resessie moet wees om dié uitvloei te kan finansier, om buitelandse reserwes op te bou en om die groei van geld en loonverhogings onder 15 persent in die komende jaar te hou, meen hy.

# SA verloor biljoene op vooruitdekking van uitvoere

SUID-AFRIKA se verliese vir vooruitdekking beloop meer as R15 biljoen met 'n verdere R1 biljoen wat dié jaar in die slag kan bly.

Die hoofekonoom van die United Bouvereniging, Hans Falkena, stel voor dat rentekoerse nog verder moet styg om die verliese te dek. Die staatskis is gewoonlik verantwoordelik vir die kostes, maar uiteindelik kom dit uit die sak van plaaslike inwoners.

Falkena sê die verliese kan slegs gedek word deur die primakoers met drie persent na 24 persent te laat styg. "Elke persentasiepunt laer as die syfer beteken 'n verlies van ongeveer R400 miljoen per jaar ten opsigte van uitvoerdekking alleen."

Verder toon dit dat die regering bereid is om die verliese te finansier deur doodeenvoudig meer geld te druk. "Om vooruitdekkingsverliese deur 'inflasiebelasting' te finansier, kan slegs uit 'n politieke oogpunt aantreklik bly omrede dié metode parlementêre toestemming en 'n openbare debat vermy."

Dr Chris Stals, die goewerneur van die Reserwebank, meen die verliese van die skema is welbekend en het die voordeel dat dit in- en uitvoerders toelaat om beskikbare buitelandse finansiering te gebruik, hoewel dit groot druk op die plaaslike geld en kapitaalmarkte plaas.

Hy meen dat die afskaffing van die stelsel verdere ekonomiese groei sal beperk en lei tot die aanwending van plaaslike spaargeld. Die randwaarde sal verder verswak, wat weer groter druk op die inflasiekoers sal plaas. Die wisselkoers en die betalingsbalans sal beïnvloed word en "aan die einde van die dag sal Suid-Afrika betaal". Stals meen dit lei eintlik tot net twee uitweë: die subsidie of hoër rentekoerse, verhoogde inflasie en 'n laer randwaarde. Albei gevalle het hulle probleme, is nie sonder pyn nie en vereis opofferings van die land se mense.



# Verdediging se kraantjie word dalk toegedraai

DIE regering gaan streng stappe doen om die ekonomie weer op die been te kry.

Alle staatsdepartemente is deur hul onderskeie ministers beveel om kostes tot op die been te besnoei. Daar word verwag dat Verdediging die hardste getref gaan word. Dié departement absorbeer gewoonlik 27 persent van die Nasionale Begroting.

Dit wil voorkom of staatspresident FW de Klerk 'n teenvoeter gevind het vir die volgehoue pogings deur die verdedigingsdepartement om 'n groter toewysing te verkry op gronde dat vrede net soveel gaan kos om te bewaar as die oorlog in Namibia/Angola.

Blykbaar is genl Magnus Malan regstreeks aangesê om sy begroting terug te sny omdat die oorlog verby is. De Klerk wil blykbaar by sy verkiesingsbeloftes bly dat regeringsbesteding gesny gaan word.

In 'n dinkskrum dié week by 'n vergaderplek naby Pretoria het die kabinet lank beraadslag oor hóé om die ekonomie weer terug op sy voete te plaas.

Daar word verwag dat van die besluite in die komende begroting opgeneem sal word.

Volgens bronne het die nuwe minister van Administrasie en Privatisering, dr Wim de Villiers, se voorleggingsverslag 'n uiters donker prentjie van die ekonomie geskets en die basis gevorm vir die gesprekvoering.

Daar is hoofsaaklik gekonsentreer op maniere om staatsbesteding in te perk, en dit is seker dat die staatsdiens ook onder die loep geneem is.

Dit volg op De Klerk se aankondiging verlede week dat die regering die omvang en besteding van die staatsdiens skerp gaan terugsnoei om staatsbesteding regstreeks en doeltreffend in te kort.

Daar is reeds na Krygkor gekyk waar personeel skerp teruggesny is.

Die wapenvervaardiger het verlede week aangekondig dat soveel as 1 000 personeellede by Pretoria Metaalperswerke se diens beëindig gaan word as gevolg van die afnemende vraag na ammunisie, nadat Suid-Afrika gevegte in Angola en Namibia beëindig het.

'n Ander Krygkor-filiaal, Naschem, het sy fabriek naby Lenz 'n paar maande gelede gesluit.

Buiten die voorgenome beperkings op die besteding van die staatsdiens, sal ander stappe met wyer ekonomiese inslag ook oorweeg word, word berig.

black green and gold black red and yellow red and yellow the people toyi-toying cheering so the stands shake viva and you know who the real leaders are viva and you know the past is nearly over and it's like a glimpse down a long tunnel and into a much brighter future viva

CAROLINE CULLINAN'S CALENDAR FOR 1990 - PICTURING AFRICA IN A MUCH BRIGHTER LIGHT

Special offer to Vrye Weekblad readers - Send R16 (inc postage and GST) to:
Weekly Mail
Caroline Cullinan Calendar
P O Box 260425
Excom 2023
or call: (011) 331-3321 for more details

boeke blad

Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

# Japanner wen Britse boekprys

DIE wenner van die Britte se 21ste Bookerprys vir fiksie is 'n jong Japanner. Die 35-jarige Kazuo Ishiguro se derde roman, "The Remains of the Day", is verlede week met dié prys van 15 000 pond (meer as R60 000) bekroon.

Ishiguro kom uit 'n samoeraifamilie en was maar 5 toe hulle Brittanje toe is. Hy het eers 'n loopbaan as sanger/liriekskrywer probeer volg, maar toe dit nie op dreef kom nie hom tot skryf gewend. Ishiguro besoek later vanjaar vir die eerste keer weer sy geboorteland.


Sy eerste twee romans, "A Pale View of Hills" en "An Artist in the Floating World" (wat in 1986 op die kortlys was vir die Bookerprys), speel in Japan af.

"The Remains of the Day" handel egter oor 'n Britse huiskneg wat ná 35 jaar in diens van 'n adellike in 1956 vir 'n Amerikaanse sakeman begin werk.

Wanneer die Amerikaner hom die eerste keer in sy lewe met vakansie stuur, verhaal die bediende die reis maar ook die storie van sy lewe. Van sy rol as kneg kan hy homself egter nie bevry nie.

Die ander skrywers op vanjaar se kortlys was: Margaret Attwood vir "Cat's Eye", John Banville vir "The Book of Evidence", Sybille Bedford vir "Jigsaw", James Kelman vir "A Disaffection" en Rose Tremain vir "Restoration".

Twee Suid-Afrikaners het al die Bookerprys gekry: Nadine Gordimer in 1974 vir "The Conversationist" en JM Coetzee vir "Life and Times of Michael K" in 1983. Die omstrede Salman Rushdie is in 1981 met die prys bekroon.



Kazuo Ishiguro

# Stories vasgevang in hul stories

**VAN STILTES EN STEMME**
*Deur JM Gilfillan*
*Human & Rousseau. R16,95*

**Ena Jansen**

WAAROM vind uitgewers dit tog so dikwels nodig om skrywers aan te kondig as 'n "jong stem", "volwasse" of "ryp talent"? In die eerste geval vermoed jy 'n wonderkind of anders 'n skaars-skryfvaardige van wie allerlei vergeeflike blapse verwag mag word. Dikwels is die "jong stem" al meer as 'n dekade toerekeningsvatbaar. Deur 'n skrywer "volwasse" te noem is miskien 'n slenterslag om gemiddelde ouderdomlose lesers te vlei oor die o so verantwoordelike stap wat hulle sal doen deur só 'n boek te koop.

Dít na aanleiding van die flapteks: "Met hierdie verrassende, volwasse debuut lewer JM Gilfillan onthullende kortverhale wat 'n mens bybly. Hulle handel oor die uitbeweeg uit een toestand na 'n ander - 'n pynlike proses wat soms tot ontgoocheling lei, maar soms ook tot insig en verlossing." Volwasse dus. Soms dit, soms dat. Soms stil, soms nie.

"Van stiltes en stemme" klink nogal bekenderig en hoe kan dit ook anders met 'n hele tradisie soortgelyk klinkende titels in die Afrikaanse letterkunde: "Van son en sang", "Van liefde en verlatenheid", "Van wapens en 'n man", "Van Willem en San", tot by "Van vergetelheid en van glans". Die soet en die suur, die traan en die lag - kontraste soos dié word dikwels met dergelike titels geïmpliseer om die omvattendheid van die skrywer se visie en greep te benoem. Die elf stories in Gilfillan se bundel is almal pretensieloos, skadeloos, invoelend en met 'n ligte aanslag geskryf. 'n Mineurtoon oorheers en die ontnugteringe en verdriet van Gilfillan se karakters word fyn en meestal sonder smuk aan lesers oorgedra.

Oor die algemeen kan die verhale verdeel word in dié wat modernerig is wat betref milieu en dié wat uit-vergange-se-dae gevoel oor hulle het ('Die troudag', 'My liefste poppie' en die aandoenlike 'Agtermiddag van 'n kind'). Al die verhale gee die gevoel dat hulle deurlééf, wáár is. Maar dit is ook hulle beperking: die stories bly te vasgevang in hulle onderskeie stories, die ontwikkeling is te reglynig, daar is te min wat verras, wat ontnugter.

Tog is daar 'n interessante verskeidenheid. Die pynlik-presieuse Barnabas wat soggens "soos 'n bruid uit sy bed" kom, "heeltemaal omwaas deur wolke wit muskietnet", word net geaffekteerd genoeg geteken om nie karikaturaal te word en sy besluit om die polisie te bel ongeloofwaardig te maak nie ("'n Dag in die lewe van..."). In 'Die Murasie' is Santie se onvermoë om weg te breek uit die verwagtings van haar Vrystaatse ouers psigologies goed uitgewerk. In vier stories is daar deurlopende elemente wat hulle bind en Gilfillan kan miskien "Taalles", "Huisbesoek", "Sprokie" en "Partytjie" die vertrekpunt maak vir iets langer en stewiger. Die geskeide dosent in Afrikaanse grammatika aan 'n universiteit met baie swart studente (vir wie Afrikaans niks anders as 'n "spooktaal" moet wees nie) word in veral "Taalles" 'n interessante karakter. Aan Alfred Ngwenya se kant van die saak laat die verteller op 'n boeiende manier reg geskied.

Terwyl daar wel op die agtergrond in party verhale gepantserde voertuie en loeiende sirenes hoorbaar is, bly die werklikheid ewe gefilter en veilig as wat Netwerk dit probeer hou in "Sprokie". Wat dit betref is daar 'n groot stilte in die stories wat sekerlik die voorstedelike ervaringswêreld van Gilfillan se karakters getrou reflekteer.

"Die droomhuis" is in dié verband eintlik die toppunt - dit is byna 'n parodie op 'n vrouetydskrif-verhaal. Ek hoop dit was die bedoeling.

"Van stiltes en stemme" is 'n vrolike boek om te sien. Op die omslag sing 'n voluptueuse mevrou toeoog en hooggeboesem in haar perspiepk rok teen die agtergrond van 'n welige oerwoud - krokodil, ape en bosvoëls inkluis. 'n Mens moet wel wag vir die laaste storie "Reën" om te sien waar Nina Ewert se inspirasie vir die tekening vandaan gekom het. 'n Vloedreën keer Ben dae lank in sy huis vas en die verskrikking van die natuurgeweld word ten slotte teëgewerk en ontmoet wanneer hy 'n plaat opsit: "Cecilia Wessels se stem (kom) diep en gedrae uit die instrument. Sy sing 'n aria uit Wagner. (...) 'Fitzcarraldo', dink hy en dit voel inderdaad of die huis 'n boot is wat statig voortbeweeg oor 'n wye groen rivier terwyl 'n meesleurende mensestem hartstogtelik sing vir die omringende oerwoud."

Gilfillan se stories sou meer kon sê as die registers oopgetrek word, die "oerwoud" betrek word. Wie weet watter stemme nog aan die woord gaan kom.

*Ena Jansen doseer Afrikaans en Nederlands by Wits.*

# Ons literêre erfenis

COSAW (Congress of SA Writers) se Transvaaltak hou die naweek hul jaarberaad by die YMCA in Soweto. Die tema van vanjaar se konferensie is "Ons literêre erfenis".

Die byeenkoms word vanaand om 7-uur geopen deur Cosaw se nasionale president, prof. Njabulo Ndebele. Daarna word gedigte gelees, gedans en musiek gemaak.

Die program is voorts:

Saterdag, 4 November, van 2 tot 5: Oorspronge en baanbrekers van SA letterkunde: "Contemporary uses of the oral tradition" deur Isabel Hofmyer, "Origins and hidden history of SA literature" deur Stephen Gray en "Writings from the 1920's" deur Michelle Adler. Rolprentvertoning om 8-uur.

Sondag, 5 November, van 9 tot 1: Die skryfwerk van SA uitgewekenes: "The writings of Arthur Nortje" deur Peter Thuynsma, "SA theatre in exile" deur Junaid Ahmed, "Contemporary writings of Dennis Brutus and Wally Serote" deur Essop Patel en "Women poets in exile" deur Cecily Lockett.

Sondagmiddag van 2 tot 5:

SA tronkletterkunde: "The SA prison book: its forms and functions" deur Johan Jacobs, "Writing in prison" deur Jay Dee en Thandi Modise, "Women's prison narratives" deur Cherry Clayton en "Children in detention" deur Sphiwe Nhlapo.

Toegang is gratis en almal welkom.

# Vervalste herinneringe en verbeelde fabels

**SEMINAR OM YOUTH**
*Deur Aldo Busi*
*Faber & Faber,*
*R24,99*

**Wilhelm Snyman**

"WAT bly oor van al die pyn en smart waaronder ons dink ons gely het toe ons jonk was? Niks nie - nie eens die herinnering daarvan nie. Die ergste is, wanneer dit eers ervaar is, verminder dit tot 'n effense glimlaggie, 'n glimlaggie van verbasing; verbasing juis omdat ons deur iets so nietigs gekwel is. Ek het ook gedink dat dinge noodlottig en gevaarlik is bloot weens die verveling wat ek ervaar wanneer ek oor hulle nadink. Al lewe ons in een stuk of in stukkies, gaan ons nie in elk geval gesplete deur die lewe nie? En die angste van die verlede kom voor soos wêrelde so ver van ons af, vandag, dat dit vir ons onwaar lyk dat ons daardie wêrelde ooit kon beleef het."

'n Siening van die lewe, volgens Aldo Busi, een van die mees kontroversiële moderne figure in die Italiaanse letterkunde. Sy roman het onlangs in Suid-Afrika verskyn en is ongelukkig hoofsaaklik te bespeur op die sogenaamde "gay" boekrakke. Dit is ongelukkig en ook verkeerd, dat Aldo Busi se subtiele en gesofistikeerde roman in Suid-Afrika weens een aspek daarvan verkoop word terwyl ons in werklikheid te make het met 'n roman wat op menige vlak tot die leser deurdring.

Barbino, die hoofkarakter wat te midde van armoede en ellende in Brancia grootword, bevind homself later in die morele moeras van Parys. Daar is geen versperring tussen hom en die wrede buitewêreld nie - hy is sy eie meganisme waardeur hy die wêreld beleef - hy het geen steunpilaar soos geloof of familieliefde of geld waarop hy kan staatmaak nie. Dit opsigself is niks nuuts nie. Barbino is meer lewendig, lewenslustig en lewensbly as wat die lewe, deur armoede bestem, toelaat; 'n lewe wat geen spore of herdenking nalaat nie, soos Giuseppe Stellardi in sy resensie van die boek wys. Dié kritikus wys daarop dat Barbino egter sy indruk op die lewe maak; hy kraak die fasade wat die sogenaamde normale lewe vir hom voorberei het. Dit begin met sy opstand teen sy vader en sy eie verklaarde homoseksualiteit, sy plesierjagtogte en sy reise en sy skryfwerk, laasgenoemde synde die mees onverstaanbare volgens sy ouers se wêreldbeskouing. Dit vorm alles deel van sy "anderswees". Dis juis die skrywe van die boek wat op sigself 'n reis is: "'n kom-en-gaan van die skryfkuns" (aldus Guiseppe Stellardi), 'n reis tussen verbeelding en herinnering, die foutiewe en lasterlike geheue. Die roman is fragmentaries van aard, soos die mens se bestaan; ons heg waarde aan die verlede omdat ons waarde heg aan die lewe. Ons is verdiep in 'n aangekweekte en doel-(watse doel?)bewuste idee dat die lewe wel intrinsieke waarde het, maar al wat ons in werklikheid het, is ons verbrokkelde sin van die verlede en ons verbeelding.

Busi se roman is ook 'n geestelike reis, maar anders as Dante se reis is daar geen saligheid wat aan die einde vir hom in "Paradiso" wag nie. Daar is geen Beatrice nie. Maar soos Dante, begin Busi sy reis welwetend wat die eindbestemming is:

"En nou? Wat bly oor van al die leed en smart waaronder ek gedink het ek ly?" sê hy aan die einde van sy roman, sy reis. "Niks nie, behalwe vervalste herinneringe en verbeelde fabels". Dante weet dat 'n bewussyn van saligheid en alles wat dit behels hom inwag aan die einde van sy reis.

Dante begin sy reis oortuig deur God se bestaan, en sy reis is dié geestelike reis na God. Busi begin sy reis oortuig deur die klug, bewus van die menslike ramp wat die lewe aan die einde van die twintigste eeu vir ons is en alles wat dit behels in terme van ons waardes en ons soektog na sin in die lewe. Busi neem die leser saam met hom op sy soektog, net soos Dante, met die volle wete dat die vertrekpunt en die bestemming maar dieselfde is - daar is geen direkte antwoord op die vraag waarom ons ly nie en ook nie aangaande die doel van ons bestaan nie.

Die einde van die roman is bloot 'n bevestiging van wat aan die begin van die roman gesê is, of eerder 'n herhaling van dieselfde vraag. Die inhoud van die roman is egter 'n bewys van hoekom die vraag in die eerste plek gestel word. Dit mag doelloos voorkom, maar dit is belaai met meegevoel, passie en teleurstelling asook die stryd om oorlewing. Dit is belaai met 'n sin vir die waarheid en avontuur en die onverteerbare mengelmoes waardeur die moderne mens moet worstel.

In 'n onlangse onderhoud met 'n Italiaanse tydskrif het Aldo Busi die volgende gesê in verband met sy werk as skrywer:

"Die enigste manier waarop ons ons wêreld kan verander, is deur onsself te verander. Dit het niks, en behoort niks, met 'n kunstenaar te doen te hê nie. 'n Kunstenaar moet homself nie die valse probleem stel nie, naamlik of hy homself moet aanvaar al dan nie: Hy moet leef, net leef, soos enigiemand anders. En sonder skuldgevoelens."

Dit is dan in dié lig dat Aldo Busi se roman gelees behoort te word. Dit is nie 'n roman vol lyding nie, geen handeling word ooit daarin afgesluit nie; hulle vloei in mekaar in as sou hulle bloot wys wat menslik moontlik is. Ons eie leed en smart sluit ons in onsself in. Trouens ons eie aangekweekte sin van ons eie leed en smart is wat in die weg staan van ons innerlike vryheid.

*Wilhelm Snyman doseer Italiaans aan 'n universiteit in die Kaap.*

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Gemeenskaps-opvoedings-program vir Volwassenes:**

**Dept Volwasse Opvoeding & Buitemuurse Studies**

Die GOPV is vir persone wat by opvoedkundige werk in hulle organisasies of gemeenskap betrokke is.

Dit is spesiaal ontwerp om gemeenskapswerkers by wie die kwalifikasies vir of die geleentheid tot formele universiteitstudies ontbreek, 'n kans te gee om:
- 'n Begrip vir hulle werk in die gemeenskap te kweek;
- Hulle praktiese vaardighede en bronne ten volle te benut;
- Selfvertroue te wen en hulle begrip in maatskaplike verband te ontwikkel.

Die kursus handel oor die ontwikkeling van vaardighede vir gemeenskapswerkers en sal die volgende gebiede belig:
- Organisering in die gemeenskap;
- Die hantering van groepe volwassenes;
- Evaluering en dokumentering;
- 'n Begrip van gemeenskapswerk in maatskaplike verband.

Twee kursusse word aangebied – een op Dinsdagaande van 5:30 - 8:00 nm. en een op Donderdae van 2:00 - 4:30 nm. Die program neem vroeg in Februarie 1990 'n aanvang en eindig in Augustus 1990.

Die kursusfooi is R600,00. Beurse is beskikbaar.

Kontak Salie Abrahams, die Programkoördineerder, voor 15 Desember 1989 by (021) 650-2892 vir meer inligting.

C66906/1003Z

# Die baba het 'n fris

## 4 November tot 4 November - 'n jaar van

**Presies 'n jaar gelede, op 4 November 1988, het Vrye Weekblad die eerste keer op straat verskyn. Vir die handjievol joernaliste betrokke by die projek was dit die verwesenliking van 'n droom - 'n heeltemal onafhanklike Afrikaanse koerant sonder die juk van die Nasionale Party, die apartheidsideologie en Afrikaner-Nasionalisme! Maar in die maande daarop het die droom soms meer na 'n nagmerrie gevoel. MAX DU PREEZ kyk nostalgies terug op die laaste twaalf maande - en met groot afwagting na die volgende twaalf.**

DIT was 'n spannetjie van sewe - met 'n oortrokke bankrekening van R10 000 - wat in Oktober verlede jaar die ou takkantoorgebou van Standard Bank te Breëstraat 153, Newtown betrek het. Ses ou staallessenaars wat die bank agtergelaat het, was die enigste meubels. Houtpanele uit die kassierstoonbank en goedkoop bokkies het nog twee tafels beteken, en stoele is van die huis af saamgebring.

Eintlik het hulle net een ding aan hulle kant gehad: 'n brandende idealisme (of was dit domastrantheid?) om 'n koerant uit te bring wat Afrikaanssprekendes en die taal wat hulle praat na die nuwe, apartheidsvrye Suid-Afrika aan te help.

Heelwat kortpaaie moes gevind word om die projek aan die gang te kry. Soos 'n uiters goedkoop lessenaars-uitgewerstelsel met Taiwanese woordverwerkers met diskette wat heen en weer rondgedra moet word - en 'n laserdrukker wat net A4-bladsye uitdruk, wat beteken drie los bladsye moet met kleefband aanmekaar geplak word om die A3-grootte van die koerantbladsy te vorm.

Elke dag het 'n nuwe probleem gebring waaraan nie voorheen gedink is nie. Die drukkers wou 'n reusedeposito hê, of andersins versekering teen laster vir R1 miljoen.

Geen adverteerder wou naby Vrye Weekblad kom nie. Geen Afrikaanssprekende kon gevind word wat die ingewikkelde rekenaarprogram ken waarmee die koerant op die monitorskerm opgemaak word nie. En so aan.

Bloedsweet was dit, en deurnag-werk. Maar Donderdagaand 3 November het die swaar rolperse begin dreun, en 'n rukkie later is 'n koerant anderkant uitgespoeg: Vrye Weekblad. "Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika" is gebore.

Die voorblad was heel profeties: Nuwe verwikkelinge rondom Nelson Mandela wat 'n nuwe era in die politiek kan bring, en 'n foto van Wynand Malan en Sampie Terreblanche by 'n Wes-Duitse konferensie saam met ANC-leier Joe Slovo afgeneem - onder die opskrif Joe Slovo en die Boere.

In die eerste uitgawe het Vrye Weekblad sy kleure aan die maspaal gespyker - en daarby staan hy vandag nog.

"Heel eerste wil ons sê dat ons geheel en al onverbonde is," het die artikel gelui. "Ons het geen bande of spesiale lojaliteite teenoor enige politieke party of belangegroep nie. Ons enigste lojaliteit is teenoor 'n vreedsame, voorspoedige Suid-Afrika en al sy mense...

"Ons sê: Na die duiwel met die Totale Aanslag wat so gemanipuleer is om Suid-Afrikaners in die donker te hou. Afrikaanssprekendes is nie kinders nie en hulle is nie onnosel nie. Ons het 'n reg om te weet wat in ons land aangaan en wat ons regeerders en mede-burgers doen en dink.

"Maar as ons klaar gesê het dat ons vir ons lesers soveel inligting gaan gee as wat die wet en die noodregulasies toelaat en dat ons menings van Eugene Terre'Blanche tot Oliver Tambo gaan weergee, dan moet ons byvoeg dat ons 'n sterk mening van ons eie het. Vrye Weekblad het 'n basiese politieke filosofie, fundamentele riglyne, waarvolgens ons interpreterende en meningsartikels geskryf sal word.

"Hierdie riglyne behels onder meer dat ons glo in 'n oop, nie-rassige demokrasie; die soewereiniteit van die reg; basiese menseregte soos vryheid van spraak en assosiasie; die verwerping van alle vorme van geweld; vrye onderneming sonder uitbuiting; onderhandeling, versoening en nasionale eenheid; en verantwoordelike, effektiewe en skoon regering op alle vlakke.

"Ons gaan nie 'n negatiewe stem wees nie. Waar Andries Treurnicht, PW Botha, Desmond Tutu of Oliver Tambo verdien om aangeprys te word, sal ons dit doen. Ons glo in die toekoms van Suid-Afrika en ons glo dat daar 'n vreedsame, regverdige en aanvaarbare oplossing vir die land se probleme is - en dat die Afrikaanssprekende 'n belangrike rol het om te speel op die pad daarheen en in die nuwe Suid-Afrika ná apartheid.

"Ons glo nie in verloor nie. Ons glo nie dit is in die Afrikaanssprekende se belang om hom as 'n groepie buite die meerderheid Suid-Afrikaners te definieer soos wat Ian Smith in Rhodesië gedoen het nie.

"Te veel van Ian Smith se 'wit minderheid' sit vandag in Suid-Afrika en is verbitterde, keiharde rassiste.

"Dit is nie in ons of enigiemand anders se belang dat ons as 'n 'minderheid' geklassifiseer word met sekere spesiale voorregte wat net 'n paar jaar gaan hou en in elk geval ander Suid-Afrikaners se wantroue gaan laat voorbestaan nie.

"Afrikaanssprekendes het net soveel aanspraak op Afrika en Suid-Afrika as swart Afrikane en Suid-Afrikaners.

"Vir ons is daar geen konflik tussen volwaardig Afrikaans wees en gekant wees teen wit oorheersing nie. Ons glo saam met baie ander dat Afrikaner-nasionalisme die eerste vorm van anti-kolonialisme in Afrika - inderdaad van die eerste Afrikanasionalismes - was en dat ons in hart en niere Afrikane is.

"Ons wil juis die trotse Afrikanertradisie van 'n onverbiddelike strewe na vryheid en geregtigheid laat voortleef.

"Terselfdertyd glo ons rassisme is 'n groter gevaar vir vreedsame voortbestaan in Suid-Afrika as die kommunisme of enige soort -isme of aanslag of gevaar.

"Hoewel ons sterk in sekere klassieke liberale waardes soos die vryheid van die individu glo, is Vrye Weekblad nie 'n klomp liberaliste nie. Ons is Suid-Afrikaanse nasionaliste...

"Hoekom is ons naam Vrye Weekblad? Want ons is vry van ideologieë; vry van propaganda en slagspreuke; vry van eng inhibisies; vry van manipulering deur staatspresidente, ministers, Broeders, generaals en groot kapitaliste - vry om vir die moderne Afrikaanssprekende te sê: lees en besluit self.

"Soos ons leuse sê: Ons steek niks weg nie."

Die aand van 4 November is 'n klein partytjie gehou om die geboorte te vier.

Tot almal se verbasing het daar halfpad deur die aand 'n groep vroue uit Soweto al singend by die partytjie aangekom.

Hulle het in 'n taxi op pad na Soweto die koerant te lese gekry en was só bly dat so iets nou in Afrikaans gesê word, dat hulle die taxi betaal het om net daar om te draai om te kom dagsê aan die mense agter die koerant.

Die daaropvolgende dae was ewe traumaties. Die rekenaars van diep in die R60 000 is so half op rekening gekoop, en die maatskappy wou aan die einde van die eerste maand geld hê.

Daar is vinnige praatwerk gedoen, 'n hele paar wit leuens vertel en heelwat valse beloftes gemaak, en die rekenaars het gebly.

Tot 'n paar maande later, toe die maatskappy die rekenaars kom haal het.

Met 'n klein bedrag geld en nog meer valse beloftes is van die rekenaars gered. Tot 'n paar maande later, toe die maatskappy dit kom haal het.

Gelukkig het dit saamgeval met 1 Mei, en die koerant het aangekondig dat hulle oor dié langnaweek weens Werkersdag nie sal verskyn nie.

In dié tyd is genoeg geldjies bymekaar geskraap om na 'n week die rekenaars weer voorlopig terug te kry. (Terloops, die laaste bedrag vir die rekenaars is 'n week gelede betaal.)

Die regering het gou laat weet wat hulle van die nuwe planne dink. Registrasie van die koerant is teruggehou omdat die minister vermoed


Vrye Weekblad
4 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (AVB ingesluit)

Mandela: 'n nuwe era

BINNE

Joe Slovo en die Boere

Ons eerste swart Minister? - bl 7

Craven, Luyt en die kabinet - bl 16


Vrye Weekblad
11 November 1988 Tel (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (AVB ingesluit)

Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika

Kabinet verlam deur tweespalt

Max du Preez en Elsabé Wessels

'Ek het nie geweet apartheid bestaan nie'

VryDag!

Ons kuns en vermaaktydskrif


Sport

Apartheid en die sportwoestyn - Bl 8 & 9

Nuus

Pik, PW en die mafiabaas - Bl 5

Grammatika van rassisme - Bl 7



Onder redaksie van
Charles Leonard

# Aansteeklike perestroika kry Oos-Duitsland beet

Sophie Shihab

MOSKOU - Mikhael Gorbatsjof se perestroika is aansteeklik. So lyk dit as 'n mens na die Oos-Duitse staatshoof, Egon Krenz, ná sy ontmoeting dié week met die Sowjet-president luister. Oos-Duitsland gaan ook nou voordeel uit dié "nuwe denke" put, was sy reaksie aan pers-mense.

Krenz, wat vir 'n 24 uur lange besoek in Moskou was, het benadruk dat die voorgenome veranderings nié die afbreek van die Berlynse muur of die vereniging van die twee Duitslande insluit nie.

Sy besoek het plaasgevind na 'n maand van straatonluste en 'n massa-uittog van jongmense van Oos-Duitsland. Verlede week se opheffing van reisbeperkings - wat op 3 Oktober ingestel is om die eksodus via Tsjeggo-Slowakye te keer - het 'n nuwe golf van verlaters na die Weste veroorsaak.

Na drie uur lange samesprekings met Gorbatsjof, het Krenz by die nuuskonferensie gesê dat hy heeltemal saamstem met die Sowjet-leier en dat Sowjet-hervormings Oos-Duitsland sal beïnvloed.

"Die toekoms van perestroika sal die toekoms van die sosialisme wêreldwyd bepaal," sê hy.

"Ons hoop die ondervinding sal ons help met ons taak," sê hy met verdere verwysing na perestroika.

Hy het hulde aan die Sowjet-Unie se nuwe denke gebring en gesê dat dit die hele wêreld "aan die beweeg gesit het". Hy en Gorbatsjof het ooreengekom om ideologie en internasionale betrekkinge te skei.

Die nuwe Oos-Duitse leier het Dinsdagaand hier aangekom vir sy eerste rondte samesprekings met die Sowjet-leier sedert hy verlede maand die bittereinder Erich Honecker as partyleier vervang het.

Krenz sê hy het Gorbatsjof ingelig oor die gebeure van 18 Oktober toe sy Sentrale Komitee besluit het dat hy die nuwe Oos-Duitse staatshoof moet word.

Dié vergadering het 'n keerpunt beteken en 'n vernuwing in Oos-Duitsland ingelei, sê hy.

Maar Krenz het vasgeskop oor die rol van die Kommunistiese Party. Hulle gaan 'n leidende rol bly speel, sê hy. Op die vraag of opposisiepartye in Oos-Duitsland gewettig gaan word, het hy gesê dat pluralisme in elk geval in die Oos-Duitse grondwet vasgelê is.

Hy het beklemtoon dat die party sterk ten gunste van hervormings is, maar wou nie besonderhede gee nie omdat die Sentrale Komitee van volgende Woensdag tot Vrydag vergader.

Hy het ontken dat die stukrag van Gorbatsjof afkomstig is en gesê dat hyself en die Party in sy land "volwasse" word en dat "Kommunistiese Partye alleenverantwoordelikheid dra vir ontwikkelings" in hul lande.

Waarnemers beskou sy opmerkings oor unifikasie van die Duitslande as 'n duidelike poging om die Sowjet-Unie gerus te stel. "Daar is niks om te herenig nie, omdat sosialisme en kapitalisme nog nooit saamgeleef het in Duitsland nie," sê hy.

"Die stabiliteit van Europa is belangriker," sê Krenz. Die twee state behoort in elk geval aan twee teenoorgestelde alliansies, voer hy aan. Skertsend het hy die woorde van die Franse filosoof Francois Mauriac aangehaal: "Ek hou so baie van Duitsland dat ek bly is daar is twee van hulle."

Die druk vir spoedige hervorming is besig om toe te neem in Oos-Duitsland. 'n Halfmiljoen mense het Dinsdag in die strate van sewe stede betoog.

*Charles Baab berig uit Berlyn dat Oos-Duitse televisie en die amptelike media 'n grondliggende verandering ondergaan het in die twee kort weke sedert die hardekwas Honecker gegroet en Krenz oorgeneem het.

Versigtige joernaliste is nou bereid om kommentaar tussen die nuusberigte in te glip en daarop aanspraak te maak dat hulle die waarheid vertel.

In die Honecker-era het televisienuus bestaan uit nuuslesers wat verslae van die amptelike nuusagentskap, ADN, in 'n toonlose stem voorgelees het.

Dié glasnost het ook uitgebrei na die pers wat Oos-Duitsland die jongste in 'n reeks van hervormde Oos-Bloklande maak. - AFP




(Foto - AP)

**Oos-Duitse betogers swaai 'n banier wat lees "Nuwe Forum, Nuwe Hoop" in die strate van Leipzig in pro-demokrasie betogings. Meer as 300 000 Oos-Duitsers het Maandag aan dié betoging vir politieke hervormings deelgeneem.**


DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE

**Namens die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wil ek julle (Vrye Weekblad) gelukwens met julle eerste verjaardag.**

**Julle het mondig geword in 'n tyd waarin die regering inligting deur wette beheer, waarin dapper koerante aangeval, opgeskort en verbied is, en waarin baie joernaliste ingeperk en stil gemaak is. Dit alles net omdat hulle hul fundmentele reg tot vryheid van uitdrukking gebruik het.**

**Ons wens julle geluk dat julle getrou gebly het aan julle roeping om die waarheid te ontbloot.**

**Die uwe**

**Frank Chikane (Eerw. Dr.)**
**Algemene Sekretaris: SARK**


# Amerikaners oorkom die Challenger-ramp en reik weer na die sterre

WASHINGTON - Vier jaar na die skok van die Challenger-ramp, gaan die Amerikaanse ruimteprogram weer die tempo wat hy voor die ongeluk gehad het, hervat.

Nege lanserings word vir 1990 beplan, sê die National Aeronautics and Space Administration (Nasa).

Die dag nadat die Atlantis-pendeltuig op 23 Oktober teruggekeer het aarde toe, is nog een, Discovery, na die lanseerbasis 39-B by Kaap Canaveral in Florida, vervoer. Dáár gaan die pendeltuig vir sy beplande vertrek op 19 November voorberei word.

Discovery se sending - sy 32e ruimtevlug - geskied onder groot geheimhouding, maar dit kan dalk 'n nuwe militêre waarnemingsatelliet in 'n wentelbaan werp, sê kenners.

Drie dae na dié lansering is dit die Columbia-pendeltuig se beurt om sy neus by die monteergebou uit te steek en sy plek op die lanseerterrein in te neem.

Sy sending, beplan vir 19 Desember, het twee belangrike doelwitte: om 'n kommunikasiesatelliet in 'n wentelbaan te plaas en om die Long Duration Exposure Facility (LDEF)-satelliet, wat dreig om op die aarde te val, te herwin.

Dié LDEF, wat jare gelede gelanseer is, was veronderstel om die uitwerking van langdurige ruimtereise op 'n ruimtetuig te bestudeer.

Die studies kan lig werp op die bruikbaarheid en strategiese verdedigingsinisiatief van wentelende ruimtetuie wat vir lang tydperke ontplooi word, sê analiste.

Die LDEF was veronderstel om nog 'n paar maande in 'n wentelbaan te bly, maar ontwrigtings wat deur uitbarstings op die son veroorsaak is, het gesorg dat dit vinniger hoogte verloor het as wat verwag is.


Optimisme het blykbaar saam met Atlantis na Nasa teruggekeer. Die mense in beheer van die ruimteagentskap glo nou dat hulle eindelik herstel het na die Challenger-katastrofe van Januarie 1986.

Lanserings word nou vermeerder ondanks skerper beheermaatreëls. Hoewel meer veranderings op die nippertjie en groter onsekerheid aan die orde van die dag is, het die ses lanserings sedert Challenger glad verloop.

'n Nuwe militêre sending word vir 1 Februarie in die vooruitsig gestel, en op 26 Maart word die Hubble-teleskoop die ruimte in gestuur.

Ver weg van die aarde se atmosferiese steuringe behoort dié teleskoop tot aan die einde van die heelal te kan kyk, glo die Amerikaners.

Nog sewe sendings word vir tussen 26 Maart en die einde van 1990 beplan. Nasa het benadruk dat dié datums nie amptelik is nie, hulle het uit ondervinding geleer dat pendeltuie hulle nie aan kalenders steur nie. - AFP



# Die eerste Transvalers se groot vernedering

WIE was die eerste Transvaler?

Hoe bleek ons siening van die geskiedenis is, sal duidelik blyk as jy mense begin vra wie die eerste nedersetters uit die Suide in die Transvaal was.

Met groot vertoon sal die geskiedenis van die Groot Trek bygehaal word. Tensy iemand daarna gaan soek, sal die vestiging van Coenraad (de) Buys onbekend en versweë bly, soos wat die pionierswerk van alle "nie-blankes" verswyg word.

Trewhella Cameron se "Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld" maak van hulle geen melding nie; Davenport se "South Africa A Modern History" het 'n enkele inskrywing, beperk tot die tyd van die Slagtersnek-rebellie en die sendingera van Philip en Van der Kemp.

Eietydse geskiedenis word Coenraad Buys se afstammelinge wel : "Die eerste nie-blanke peleton van Soutpansberg, die 'Buysdorp-peleton', het Saterdag na afloop van 'n weeklange indiensstellings-kamp uitpasseer."

"Van die kleurlinge wat die kamp bygewoon het, het tot en met Saterdag nog nooit 'n vuurwapen hanteer nie. Tydens die kamp is daar hoofsaaklik op die agterstand van die mense gekonsentreer."

Kleurlinge, onkunde en agterstand, en die o so gewillige hand wat uitgesteek word om die minderbevoorregtes te help!

Maar nog lank voordat die eerste wit setlaars die Transvaalse vlaktes begin oorsteek, bly Coenraad Buys se mense reeds aan die voet van die Soutpansberg. Wanneer Louis Trichardt die geweste begin deurreis, maak hy kennis met die gemeenskap wat sowat 70 km wes van die huidige Louis Trichardt gevestig was.

Trotse mense, maar moeilik ook, leer jy uit Trichardt se boeiende dagboek. Maar sonder enige agterstand, en wel ter tale as dit by vuurwapens kom.

Daar is nie baie sogenaamde kleurlingfamilies wat daarop aanspraak kan maak dat hulle gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse geïnterneer was nie, maar dié eer kom die Buyse wel toe. Want liefde vir vryheid en geregtigheid, en lekker dwarskoppigheid, was van toentertyd af deel ook van die Buysbloed. Ons mense, weet jy sommer.

As dit by minagting vir die Engelse gekom het, kon min Boere hulle dit nadoen. G'n wonder dat Oom Paul Kruger hulle so hoog aangeslaan het en dat hulle volledig burgers van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek was nie.

(Wat mens laat wonder: watter plekkie word deur die Boerestaters en die AWB aan die mense van Buysdorp toegesê? Of is dié nedersetting en sy omliggende grondgebied van bykans 13 000 hektaar die skoolvoorbeeld van wat hulle so graag 'n "kleurlingtuisland" noem?)

Coenraad (soms: Coenrad) Buys het die woeste en die ongetemde hartland van Suid-Afrika met geweer in die hand platgetrek, orals nuwe alliansies aangegaan en nuwe vyande gemaak, die droom van Lourenco Marques blykbaar soos 'n vlam in die hart.

Sy mense was volwaardige burgers, geken en geëer, gereed om die wapen op te neem as hulle vryheid en aansien bedreig sou word.

Vandag bly sy nasate nog op die erwe van hul vaders, maar reeds baie jare lank behorende tot daardie verskriklike ding: nie-blankes.

Die vernedering het ook in ander opsigte deurgesuur: die jonger geslag praat 'n taal van ander lojaliteite, en al hoe minder van hulle sien kans om daar te bly.

Nogtans is dit 'n besondere ervaring om deur Buysdorp te ry met sy netjiese opset en 'n stukkie lewende geskiedenis, en om in Louis Trichardt se strate skielik in 'n lekker nie-wit Afrikaans vas te loop.

Hoe deel van ons moet hulle nie wees nie, en hoe apart en minder is hulle nie gemaak nie.

En nou nog dié laaste stuk vernedering: die eerste Transvaler se afstammelinge, die kinders van mense wat saam met die Boere geveg het en saam gely het, word nou die "eerste nie-blanke peleton" van Soutpansberg.

# Vir elke vrees 'n vers

## (met verwyt aan AG Visser, Totius en ander skeppers van hersenskimme)



MAKLIKER GESÊ

Elsabé Wessels

*Dis donker, donker middernag*
*Nader kom die Zoeloemag*

Dis nie eintlik wat ek wil sê nie. So vergeet dit. Maar dié en andere volksversies maal deur my kop.

Lyk my vir elke vrees is daar 'n vers. En ons stoere volksdigters het nie op hulle laat wag om hul eie neurose in woord te verbeeld nie. Nou wonder ek net, blaas die vrees die vers aan of die vers die vrees?

Dit maak seker nie saak nie. Die feit is die vrees het lyf gekry en tussen ons kom woon.

Onder dieselfde volksdigters gaan soek ek vir woorde van vrede en versoening, van vrede maak met die boorling en Afrika - vir die uitreik van 'n hand of selfs net 'n klein gebaar. Maar my soeke is onvrugbaar.

Weer strompel my brein oor nog 'n hersenskim uit my kleintyd:

Bleek blink die seile ver teen die hang, swart kom die kaffers met driftige drang, lewensomhoog rys gebed en gesang, spring in o so bang.

Reël 'n begrafnis vir dié en andere verwaande woorde, wil ek sê. Maar dan is ek bang dat daar 'n knoetserige monument of falliese gedenknaald daarvoor opgerig gaan word.

Die Afrikaner neuk mos altyd om al sy vrese in 'n monument op te stapel. Pienk liberale is die Afrikaner nie 'n hakskeen agter nie.

So vergun my om die volksvrese/verse op die brandstapel te gooi sodat selfs die as tot niet verbrand. Want aan Afrikanervrese en blanke angs het ek nou 'n oordosis.

Ek kan ook nie sentimenteel daaroor wees nie. Ek vind geen tere erfgoed in dié vernietigende angs wat die wit Afrikaan vir homself hier in Afrika om die hals gehang het nie.

Dis 'n aweregse projeksie, dié bangwees vir 'n velkleur - of gaan dit maar oor dit wat hy met die hulp van sy velkleur versamel het. Maar miskien tog nie so aweregs nie. Want projekteer die mens in elke geval maar nie op sy buurman dit wat hy onbewustelik in homself verafsku nie. Jungiane noem dit die mens se skaduwee.

Carl Gustav Jung het veel oor dié skaduwee te sê gehad wat met groot sinvolheid op die ter plaatse wit/swart psigose toegepas kan word.

Ek wil nie esoteries raak oor iets so werklik en tasbaar soos wit Suid-Afrikaners se vrese vir swart mense nie. Maar ek dink Jung se siening van die skaduwee as "die beeld van die mens wat tussen hom en die lig staan" laat klokkies van herkenning lui.

Dit is die projeksie en geveg met die eie donker kant wat Hitler die Jode laat vervolg het. Dieselfde stryd is aanwesig in rassisme en etniese vooroordele.

Terwyl daar in die splinters van minderheidsvrese rondgekrap word, sit die balk van skuld, wat ruimtes vir vrees skep, in die volksoog vas.

Wat het witvelliges in Afrika gedoen wat hul so bevrees laat vir hul swart medemens? Dit laat 'n mens dink!

Wat is die aard van die vrees? Die werklikheid lê vir my in die ware geskiedenis van die ontdekkingsreise, die kolonialisme, die imperialisme en die filantropie - kort begrippe vir uitbuiting en onderdrukking. Selfs die Christendom is met selfverryking voor oë Swart Afrika ingedra.

In die Christelik-Nasionale-weergawe van die geskiedenis van die witman aan die suidpunt van Afrika word dié kragvertoon met smaak oorvertel.

Kafferoorloë, Vegkop en Bloedrivier bied passievolle verhale van oorlewing.

In skool en kerk is die meerderwaardigheid van velkleur aan die hand van vers en teks ingeskerp.

Dank die Vader, God was altyd aan ons kant.

Dié reël was deel van die oorlewingsrefrein wat saam met Republiekdagvieringe, Dingaansdag en kadette uit die feesmandjie gepak is.

Dis jammer wit Suid-Afrikaners het hulself so verknog aan hul eie angs. Driehonderd jaar van vervreemding het sy merk gelaat.

Vandag word die proses voortgesit, terwyl daar tog probeer word om dekades se disinformasie oor die Rooi Gevaar en die Totale Aanslag ongedaan te probeer maak.

Selfs die Nasionaal-gesinde koerante dra feitelike berigggewing oor die vrylating van die ANC-leiers en haal hulle volledig aan. Maar so 'n stap kan 'n mens seker eers ná 'n algemene verkiesing oorweeg.

Vergete vir hulle is die voorblaaie vol bangmaakstories oor die ANC en die breë demokratiese beweging wat op taktiese wyse 'n oorwinning by die stembus bewimpel het.

Maar die bedwelming van die opium van vrees word nie oornag of binne weke ongedaan gemaak nie. Die man in die straat beskik nie oor die ratsheid van strategiese manipulering soos die media nie. Daarvan getuig die talle Boere Don Quichotte wat nog wanhopig vasklou aan Boere Republieke, algehele afsonderlikheid en wit baasskap.

Hulle sou seer sekerlik kon vra of hulle nou alles wat hulle op skool en in die kerk geleer het, moet bevraagteken. Dié dinge oor wit uitverkorenheid en die heidense aard van die swartman is tog op grond van die Bybelse geloof verkondig. Die aanvoerders van die vrese behoort hulself op die skouer te klop - hul welslae is dawerend.

Hoe graag sou ek wou sien dat meer as net 'n handvol wit/pienkvelliges hul opwagting by Sondag se saamtrek by Soccer City gemaak het. Dit was werklik 'n onvergeetlike gebeurtenis.

Nog nooit in die land se geskiedenis het so baie mense bymekaar gekom om 'n politieke stelling te maak nie.

Vergeet vir 'n oomblik van ingeburgerde vrese en vooroordele.

***Hoe graag sou ek wou sien dat meer as net 'n handvol wit/ pienkvelliges hul opwagting by Sondag se saamtrek by Soccer City gemaak het. Dit was werklik 'n onvergeetlike gebeurtenis.***

Vrye Weekblad

# Nuwe politiek

Sondag se ANC-saamtrek het 'n nuwe era in ons politiek ingelui wat enige Suid-Afrikaner optimisties oor die toekoms moet laat voel.

Die drie woorde wat die meeste tydens die reuse-saamtrek gehoor is, is "dissipline", "versoening" en "vrede".

Dosyne openbare vergaderinge is die laaste paar jaar deur die regering verbied met die verskoning dat dit die openbare vrede kan bedreig.

As daar op 'n suiwer ANC-vergadering van sowat 80 000 mense nie 'n enkele voorval was nie, dan begin 'n mens besef dat dié verskonings suiwer gedraai het rondom die onderdrukking van politieke wilsuiting.

Suid-Afrika kan homself gelukkig ag dat hy die kaliber politieke leiers het wat na 'n kwarteeu in die tronk sonder bitterheid vrede nastreef en nasionale versoening en 'n oop demokrasie hoog op hul agenda plaas.

Dit is heel moontlik, selfs waarskynlik, dat geskiedskrywers eendag na die huidige kaderleiers van die ANC en die breë demokratiese beweging as die gematigdes van dié tydvak sal verwys.

Wat kan meer gematig wees as om 'n nie-rassige veelparty-demokrasie met 'n handves van basiese menseregte en 'n gemengde ekonomie te bepleit?

Maar een swaeltjie maak nog nie 'n somer nie.

Ons kan net hoop en bid dat die FW de Klerk-regering op sy huidige koers van pragmatisme sal bly sodat die nuwe politiek van onderhandeling en versoening behoorlik vatplek kan kry en kan uitloop op ware onderhandeling.

## Ons verjaar

Dit is vandag Vrye Weekblad se eerste verjaardag.

Min mense het ons 'n kans gegun om langer as ses maande aan die gang te bly.

Vandag staan Vrye Weekblad sterker as ooit tevore. Om die waarheid te sê, ons wil nou éérs begin koerant uitgee.

Vir ons oorlewing en sukses en groei onder uiters moeilike omstandighede moet ons aan ons lesers en ons adverteerders baie dankie sê.

Van ons kant af kan ons net sê: Kom loop saam met ons verder. Ons saak is reg en ons toekoms is blink. Ons kan net beter en groter word.

# So sê hulle . . .

**"As enigeen** sê die ANC wil die Afrikaanse taal of enige ander taal verbied of vernietig, vertel hy 'n blatante leuen." - Ahmed Kathrada verlede Sondag by Soccer City buite Johannesburg.

**"Ek voel** ontroerd en ook diep hartseer. Dit is 20 jaar gelede geskryf en nog steeds het dit nie 'n werklikheid geword nie." - Antjie Krog in reaksie op haar gedig wat deur Kathrada aangehaal is. In die gedig praat sy van 'n land "Waar swart en wit hand aan hand/vrede en liefde kan bring/ in my mooi land."

**"..."** - Oliver Tambo, president van die ANC, in sy groeteboodskap aan die skare by Soccer City verlede Sondag. (Tambo mag nie aangehaal word nie).

**"Die staat** was so hoflik om sy verslag twee sekondes voor die tyd aan ons te gee." - Adv David Soggot, SC, wat vir die verdediging optree in die Broederstroom-verhoor. Die verdediging het sosiologiese verslae van sy getuies sewe dae voordat hulle getuig het, aan die staat gegee.

**"Jy sal** nooit die paal haal by die ouens nie. Ek ken vroue soos jy. Jy is so mooi maar so simpel." - Zsa Zsa Gabor aan mede-aktrise Madonna Christian.

**"Ai, Madala.** Julle is klaar laat. Jy het mos in die bepalings gelees - geen opruiende toesprake nie." - 'n Polisie-offisier aan Jonathan Makhada, bestuurslid van die Northern Transvaal People's Congress, wat 'n toespraak wou hou voor 'n optog na die Uniegebou om teen die tuislandbeleid te protesteer.

**"Die Swartman** se benadering tot eiendom ontmoedig ambisie en ondernemingsgees, want ander is veronderstel om in die suksesvolle persoon se welslae te deel." - Prof Dawie Smit, opvoedkunde-dosent aan die Randse Afrikaanse Universiteit, in "Tradisionele ideologieë en eietydse opvoedingsfilosofieë", RAU 1989.

**"Nations that** have endured patiently and almost unconsciously the most overwhelming oppression often burst into rebellion against the yoke the moment it begins to grow lighter." - Alexis de Tocqueville, "The Old Regime and the French Revolution", 1876.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Groenbewussyn strek verder as 'n haas of 'n boom

**Greg Jacobs, Steve Mallett, C Esterhuizen, Teresa Dirsuweit, Corné Scholtz en Louise Croucamp skryf:**

"Vurige", openbare "belangstelling" is nie genoeg nie...

Die Ekologie Party is liggroen, bleek en kan die omgewing in 'n toekomstige Suid-Afrika op die ashoop laat beland. Dié politiek kan die oningeligtes op 'n dwaalspoor bring.

Deur op die daaglikse lewe te fokus, wat Schumacher die "klein dingetjies" noem, en deur die biosfeer in sosiale terme aan te bied, kan omgewingsbewustheid 'n integrale deel van die nuwe demokratiese politiek vorm. Dit is tog die mens se verhouding met die omgewing wat aanleiding gee tot biosferiese probleme.

Die groenbewussyn strek verder as om net 'n boom of 'n haas te bewaar, maar wel tot die wyse waarop ons ons daaglikse lewe lei. In Europa is feministiese en vredesorganisasies die kampvegters van die groenbewussyn. 'n Verskynsel van dié bewussyn is die vorming van verskeie politieke partye. Nie dat dié partye sonder probleme is nie.

Grassroots-demokrasie, waarvan wit Suid-Afrikaners nie veel weet nie, moet die samebindende faktor wees waarop enige sosiale verandering kan plaasvind. Sonder om die oë na Europa te keer, moet enige redelike persoon erken dat omgewingsorganisasies, polities of nie, burgerlike deelname moet insluit; wat verband hou met 'n deelnemende demokrasie of grassroots-organisasie. Omgewingsbewustheid op grassroots-vlak behels sosiale kritiek en organisering van die mense. Dit is meer as net liberale idees en eenvoudige besorgdheid oor die omgewing. Groen politiek beteken die ontstaan van 'n nuwe politiek. Deur net aan 'n siek stelsel te peuter, is nie genoeg nie. In 'n nuwe politiek is besorgdheid vir die omgewing die voorwaarde, waar mense bo oorbodige regse/ linkse politiek uitstyg en pragmaties in hul lewens en op 'n politieke vlak 'n lewensvatbare alternatief voorstaan.

Die kerninhoud van politiek moet aangespreek en die basis van die kontemporêre politiek bevraagteken word. Daar bestaan geen twyfel nie dat omgewingsbewustheid oor belangrike kwessies handel wat hele gemeenskappe oor 'n breë spektrum van die samelewing kan mobiliseer. Al die mense in die land moet dus deelneem.

Die Suid-Afrikaanse Ekologie Party is naïef in sy benadering tot die deelname aan 'n moreel oppervlakkig, simplistiese en aanstootlike parlementêre stelsel in Suid-Afrika. Die party se aanspraak op "veelrassigheid" is lagwekkend. Dit bespot die demokrasie. Al sou die mense wat nie stemgeregtig is nie by dié party aansluit (en Slater moedig hulle aan), hoe kan hulle hulle stemme uitbring?

Op die oppervlak lyk die Ekologie Party vir ons na nog 'n eksklusiewe onderneming - 'n apolitieke politieke party.

Ons twyfel of ons dié party sal uitvra oor kwessies rakende kernkrag, parlementêre deelname, militarisasie, seksisme of enige van die kwelpunte wat 'n party veronderstel is om aan te spreek.

## Smeerpoging

**HJ Schutte van Stellenbosch skryf:**

In Dawie se antwoord op Jannie Momberg se brief in Die Burger van 4 Oktober sê hy mnr Dommisse, redakteur van die Burger, woon die beraadslaging met die ANC by met die oog op rapportering en ter wille van die verkryging van inligting.

Was die verkryging en uitruiling van inligting nie ook maar die doel van mense wat vorige samesprekings bygewoon het nie? Is dit nie nog belangriker dat politici, soos Wynand Malan, hulle vergewis van ANC-standpunte as vir verslaggewers van koerante nie? Of het Wynand Malan gaan "onderhandel" soos destyds beweer is?

Ek dink dat die gebruik van die woord "onderhandel" destyds 'n berekende en doelbewuste smeerpoging was. Selfs die arme Matiestudente het destyds gaan "onderhandel" - vra liewer nie wie hulle verteenwoordig het in die onderhandelinge nie!

Ek verwelkom mnr Dommisse se bywoning van die besprekings. Dit kan slegs verligtend inwerk, wat sy koerant miskien ten goede mag kom. Trouens, ek sien reikhalsend uit na sy rapportering van die byeenkoms. Maar gun ander mense wat julle vir julle self opeis.

## Demokrasie?

**WJ Lubbe van die Strand skryf:**

Die trauma in Bloemfontein oor die sogenaamde "glaskas" wat die "stadsvaders" teen die wense van die "mense" gaan bou, is kenmerkend van 'n menigte soortgelyke skandelike gebeurtenisse dwarsoor ons land. Dit is 'n sprekende bewys van die roekelose wyse waarop die "demokrasie" die nek omgedraai word.

Ek verwys ook na die onvoltooide paaie en brûe in die Moederstad waarvoor 'n gewese stadsingenieur 'n medalje in Londen gaan haal het terwyl die Kapenaars nog steeds vir die gelag betaal.

In die jongste uitgawe van die "Nuusbrief" van die Strand se stadsraad oor "munisipale en plaaslike bedrywighede gedurende die afgelope jaar geeëndig 30 Junie 1989" verskyn onder meer die skokkende nuus dat voorsiening vir R3 miljoen in die begroting vir 'n gemeenskapsaal en kantooruitbreidings gemaak is. Dit is geheel en al teenstrydig met die indruk wat oorspronklik geskep is dat die ontwikkelaars (vir regte op die "meent" tussen die munisipale kantore en die poskantoor) as 'n quid pro quo 'n gemeenskapsaal en kantooruitbreidings sou voorsien. Hieroor en oor 'n menigte ander projekte, soos die paviljoen, die gholfbaan, die verbreding van Broadweg en ander bestaan 'n klomp onbeantwoorde vrae.

Op die belastingbetalers se verslagvergadering word nie vrae toegelaat nie. Op skriftelike navrae word eers na twee of drie maande geantwoord dat inligting alleen bekombaar is as 'n navorsingsfooi betaal word.


Terwyl die Stadsraad op 'n onverskrokke wyse die inwoners verpand, het die raad nie die verbeelding om ander vanselfsprekende bronne van inkomste na te speur nie.

Die werklike redes vir die wantoestande op plaaslike regeringsvlak en die moontlike oplossings daarvoor, verg ernstige aandag indien ons nie verder die demokrasie die nek wil omdraai nie.

*(Brief verkort - Red)*

*Vervolg op bladsy 22*

# As Simon van der Stel in die Huis van Verteenwoordigers hoort, hoort Andries-hulle regtig in die Volksraad?




DIT vat toe 'n kommunis met die van Kathrada om vir die Boere die ware geskiedenis van die ou volksplanter Simon van der Stel te vertel. Einste hy na wie 'n bekende (witterige) universiteitsdorp vernoem is.

By laas Sondag se ANC-stryddag (het julle gedink net Boere kan stryddae hou?) vertel Ahmed Kathrada dat oubaas Simon toe nooit wit was nie. As hy en sy ouers vandag nog gelewe het, sê Kathy, sou sy pa in die Volksraad moes sit, sy ma in die Raad van Afgevaardigdes en hyself in die Huis van Verteenwoordigers.

Nou ja. Laat hy wat agter die deur staan, eerste praat. Bittergal self is redelik lig van vel, maar hy het 'n tienderjarige dogter wat nie veilig 'n koppie tee in Brits se kafee sal kan drink na sy 'n dag lank in die son was nie. Die goed slaan mos so terug, so elke tweede of derde geslag.

Brolloks se ouma (sy het self so 'n platterige Khoi-neusie gehad, mag haar siel in vrede rus) het in die ou dae altyd gesê: Kyk na die tandvleise, my kind. As 'n Boer se tandvleise blouerig is, dan sê dit net een ding: 'n voorvader het by die slawekwartier 'n draai gaan loop. (En ouma was juis so trots op haar pienkerige tandvleise - die neus het sy verduidelik deur met kleur te vertel hoe sy as kind voor 'n baldadige hanslam gevlug het en toe in die hamermeule vasgeloop het.)

* Kyk gerus rond. En kyk veral na die tandvleise as die Afrikaner-politici op TV praat - gelukkig maak hulle gewoonlik hulle monde baie groot oop. En dan sal julle saamstem: die wit Volksraad moes eintlik al hier in die vroeë 1700's afgeskaf gewees het, en almal van ons wat Afrikaans praat, hoort eintlik in die Huis van Verteenwoordigers. (Koes, hier kom Eugene!)

## Ware kleure

Soos ons by Sondag se stryddag gesien het, het die tyd aangebreek dat almal hul ware kleure wys.

Een man wat dit nou regtig begin doen, is The Citizen se eksentrieke (nie as 'n kompliment bedoel nie) redakteur, Johnny Johnson.

Dis duidelik dat dié man, wie se koerant met die Sunday Times meeding om die beste scoops oor die AWB, diep ongelukkig is met wat die Nasionale Party-regering nou besig is om te doen.

Soos in Donderdag se hoofartikel waarin hy onder meer sê: "Some Ministers seem to condone anything that is done by the ANC and its supporters."

En in sy belaglike rubriek, Height Street Diary, probeer die man rympies maak: O Pretoriastroika

O Pretoriastroika

We loved it best when you clamped down on alles.

* Laat ons nooit vergeet wie die geestelike vader van dié koerant was wat in sonde gebore is nie: wyle Connie Mulder. (En terloops, kopiereg vir "pretoriastroika" berus by Brolloks.)

## Hier kom 'n ding

Vergader in jul menigte, o julle wat hou van sports. Die Afrikaanse Skrywersgilde se beraad op 30 November tot 2 Desember buite Johannesburg gaan 'n ding afgee.

Dit gaan oor die rol van die skrywer in demokratisering, en op die lys van sprekers is daar onder andere Beyers Naudé, André Brink, Johan Degenaar, Nadine Gordimer, Achmat Dangor, Andries Oliphant, Chris Barnard, Wilhelm Liebenberg, Elize Botha, Ampie Coetzee en Junaid Ahmed. Die vermaak? People's Poet Mzwakhe Mbuli, Johannes Kerkorrel, Koos en die film Dry White Season.

* Beteken dit ons kan begin om die Skrywersgilde ernstig op te neem?

## Arrie nee

Prys vir Logiese Denke van die Week gaan aan Arrie de Beer, voorheen van Nasionale Pers, toe woordvoerder vir Barend du Plessis en nou professor in kommunikasiekunde aan Kovsies.

In 'n artikel in die RAU se knap tydskrif Communicare gebruik hy die bestaan van "alternatiewe" koerante soos Vrye Weekblad en Weekly Mail as bewys dat Suid-Afrika 'n "relatief vrye pers" het.

Dis amper soos om te sê die regering duld politieke geweld, want daar bestaan 'n organisasie soos Umkontho we Sizwe.

* Koerante soos Vrye Weekblad bestaan ondanks die regering se benadering, broer, nie danksy nie. Lees maar elders in dié uitgawe van die voortgesette vervolging van koerante.

## Aankondiging

'n Bydraer tot dié bladsy, ene Brolloks, is onlangs van sy dienste onthef nadat hy 'n berig oor twee ministers in dié rubriek geplaas het wat toe deur dié twee here ontken is.

Brolloks het hom egter na die Nywerheidshof gewend, wat gelas het dat hy onmiddellik in sy posisie herstel moet word.

Brolloks se argument, wat deur die hof aanvaar is, was dat dié rubriek in elk geval net 'n "klomp skinder" is en dat die respondent geen bewyse kon aanvoer waar bepaal is dat brokkies in dié rubriek noodwendig heeltemal waar moet wees nie.

# *Vrinde, gaan polish julle geskiedenis so 'n bietjie*

O VRYE en droewe weekblad! O Wye Vreekblad, soos in freak, bedoel ek!

Verjaardagwense spoel oor die geliefde pampier van die volk soos 'n Magnus PI-toespraak oor die menigtes. Die blad vir freaks, die skinderblaadjie soos 'n Stellenbosse professor ons beskryf het, is mondig. In a manner of speaking.

Met elke vooruitsig dat hy dalk nog 'n verjaarsdag mag beleef, iewers in die toekoms. Vanaand drink die redaksie diep, aan die font van wysheid natuurlik; julle volgende weekblad mag dalk net deliciously waansinnig wees. Cheers!

Die vroomste onder die vromes was die afgelope week weer te prettig. Hoe die vent daar kan sit en pontificate oor die rol en waarde van vreedsame protes en dié klas van ongedierte, gaan selfs Moeder se verstand te bowe. En dit na jare en jare van samboks waaiende polieste wat elke protes met geweld laat disintegreer, maak nie saak hoe vreedsaam dit was nie.

En polieste wat koerantmanne hof toe sleep omdat hulle vreedsame woorde van verbode (lees: niebestaande) mense in hul koerante weergee. En so aan en so aan. Martin Luther Vlok, sou mens dink, as jy so na die vrome woorde luister.

'n Voëltjie fluit dat Mister Seepvlok nie te ingenome was met die gebrek aan polisie-optrede teen vreedsame protesteerders op Durban se strand nie. Hierdie minister lyk so uit plek in 'n menseregte-milieu soos 'n tarantula op 'n hopie geklitste eierwit.

## Grondboonbesluit

Ons Groot Grondboon worstel in stilte voort met sy Groot Indaba-idees. Die toesprakies by een onbenullige byeenkoms na die ander raak nou 'n bietjie dun: onderhandeling is die woord wat ook betekenisloos kan raak as hy bloot om den woord gebruik word. Interessanter is die hoge besluit om nie die presidensiële magte in te kort nie.

Dit lyk vir die gawe Egbertus asof die Grondboon, noudat hy self daar in die hoogste gestoeltes sit, tog te geheg geraak het aan die bose magte wat hy so onlangs nog gekritiseer het toe die Volksheld nie wou laat los nie. Maar nou moet julle nie te verbaas wees nie, vrinde, julle moet julle geskiedenis so 'n bietjie gaan polish.


Onlangse geskiedenis boonop: die dierbare Grondboon was een van die vurigste bewonderaars van die ontsaglike magte van die staatshoof toe die grondboonwet in 1983 aangeneem is. In 'n styl wat tiperend is van die komende Groot Indaba het hy waarskuwings dat die magte ingekort moes word, verwerp. Wys my die man wat sy eie magte sal inkort. Wys my die indaba wat nie daarop gemik is om wit mag te behou nie. Ons leef inderdaad in sappige tye.

Moeder is deesdae tog te iesegrimmig. Dit knor soos wafferse Volksheld, en dit neul. Seg sy sy kraak van die jig en politiek. Egbertus het pas 'n lampie vir haar gaan aansteek, vir die bors julle weet, toe daar weer 'n tirade losbars. Seg sy, wat word van die politiek? Mense beywer hulle vir partisie, ander vir 'n volkstaat, ander vir indabas. En vir wat? Dis alles tevergeefs, 'n gejaag na wind. Kan swartmense dan nie deur die maskerade sien dat dit als maar gaan om behoud van wit mag nie?

En nou kom daar nog die gedagte uit Europa dat 'n wit Palestina hier geskep moet word, maar nie om wit mag nie; nee, juis die teenoorgestelde. Want op dié manier sal veral die Afrikaners glo tevrede wees, en sal die boodskap uitgaan na die anderskleuriges dat wit mag nie 'n duit saakmaak nie.

Vrinde, Moeder se hallusinasies slaan die eier op die kop: ek is bevrees die tyd toe die Afrikaner tevrede sou wees met sy eie stukkie grond (sê so 13 persent van die land) en met mag net oor homself, is verby. Power corrupts. Absolute power corrupts absolutely, het Oom Paul gewens hy het gesê.

Onse volksleiers het die heerlikheid van mag oor die ganse grondgebied, en volle en uiterste mag oor die lotgevalle van mens, dier en engel geproe.




Minder sal nie genoeg wees nie. Trouens, meer sal ook nie genoeg wees nie.

## Blote toeval

Onlangs het hierdie beskeie rubriek gesprankel met gedagtes oor politieke moorde op regeringsopponente wat nie opgelos word nie. Dis weer tyd daarvoor. Eergister was dit ses maande sedert David Webster vermoor is deur mense wat op hul identikit darem baie na die stereotipiese polisieman lyk. Blote toeval, natuurlik.

Dan was daar Rick Turner wat in die sewentigerjare doodgeskiet is met 'n AK47 - en dit was die dae toe net die antichris en die veiligheidsmagte sulke wapens kon bekom. Intussen het 'n stem as 't ware uit die dode 'n bietjie lig op die gedoente kom werp: 'n kêrel uit die dodesel verklaar dat hy lid was van 'n polisie-doodsbende voordat hy na sy huidige adres verhuis het. Terselfdertyd is daar getuienis onder eed voor die Hooggeregshof van sulke doodsbendes wat deur die polisie in die lewe geroep is. Dit moet darem frustrerend wees vir 'n speurder wat dalk werklike leidrade vind en dan nie met die ondersoek mag vorder nie.

Val Robert Smit se moord dalk ook in dié kategorie?

## Mooi rooi

Met die uitspattighede van die amper gestorwe protesoptogte wat nou soos fenikse herrys, vind ons ook 'n nuwe volkslied. Nee, nie daai een wat die bediendes so pragtig neurie in die volkskombuis nie; Egbertus praat van dié een: "Komt burgers, laat de vlaggen wapperen, ons lijden is voorbij!"

Vlae van alle kleure en geure word lustig en dalk selfs listig rondgeswaai, en dit lyk tog so vrolik. Maar nou is daar biskoppe en ander mans in lang rokke wat beswaar maak daarteen om in die geselskap van die hamer en sekel te stap.

Sou die simbole te veel aan harde werk herinner? Dis tog so jammer, seg Moeder, die vlag is dan so kleurvol. Lyk my mens stap saam met so 'n optog om jou nuutgevonde vryheid van uitdrukking en ideologie te benut en te demonstreer, solank as wat almal maar net jóú ideologie ondersteun. Seg Miesies Klaagvoort as die biskoppe en ander kaalkoppe dan nie voor of agter of duskant die rooi vlag wil stap nie, moet hulle maar net regs van hom stap. Dan is rooi weer mooi.

## Karoo-water

Geliefdes, as julle dink dié woorde is stroef, moet julle weer dink. Dalk te subtiel vir julle. Die rubriekskrywers hou natuurlik al van Maandag af verjaarsdag, hulle is mos die flagship van die blad se vloot. Met Koos Coetzee en BJ de Hollander as spyseniers gaan dit half moeilik om vandag 'n samehangende gedagte saam te flans. So amper soos onse minister van verdediging, maar om verskillende redes haas ek om by te voeg.

Klink 'n glasie uitgevoerde Karoo-water op dié voëlvrye blad; louter waansin en pers jakkarandatakke. Nee my duifie, nie nog 'n koeksister nie, dankie. Vra vir Oswald om dit in die uiebedding in te spit. Dalk kry ons weer van daardie soet uitjies. And the same to you.

## Ongewone resensie

**Ben Filmalter, eienaar van Linger Longer-restaurant skryf:**

Ons is baie jammer dat u restaurantverslaggewer, Koos Coetzee, nie die aand by Linger Longer geniet het nie. Dit is vir ons 'n ongewone ondervinding om 'n swak resensie te ontvang. Die laaste keer dat ons in die pers kritiek gekry het, was toe wyle Stephen Grenfell in 1980 nie van ons gebakte aartappels gehou het nie.

Sedert 1983 wen Linger Longer gereeld toekennings as die Restaurant van die Jaar, die jongste was "Hello Johannesburg" se toekenning vir die puikste restaurant in Johannesburg.

Ons is sterk ondersteuners van die begrip van kosresensies wat objektiewe opbouende kritiek lewer. Ons verstaan selfs dat daar desnoods 'n subjektiewe toon sal deurskemer in die kommentaar, maar die resensie het die integriteit van ons restaurant in twyfel getrek.

Ons sou graag sekere puntjies verder inlig om wanindrukke by u lesers te verwyder:

Die gemiddelde dienstydperk van ons swart personeel in sleutelposte is nege jaar, verskeie van hulle al meer as 15 jaar.

Remy Martin kos R10,50 per 50 ml-porsie. Die rede waarom 'n dubbelsopie geskink word, is omdat 25 ml belaglik klein lyk in die groot ballonglase.

Daar word geen pomeloskywe by die calamari bedien nie, slegs suurlemoensegmente.

Die woord "mousse" verskyn glad nie in die beskrywing van die aarbeipannekoekgereg nie.

Die Newburgsous word weliswaar gewoonlik met kreef bedien, maar die "bybel" van elke sjef, die "Repertoire de la Cuisine", dui die sous ook aan as veral geskik vir tongvis.

Ons hoop ons gereelde gaste wat oor die jare heen al gevind het dat Linger Longer se standaarde altyd hoog bly en dat ons ook poog om altyd iets effens anders voor te sit, nie deur die berig vervreem sal word nie. Ons hoop ook dat Koos Coetzee weer eendag die restaurant sal besoek en self ervaar waarom verskillende panele van beoordelaars jaar na jaar weer vir Linger Longer as een van die top-restaurante bekroon.

## Leer mekaar

**Judith van Huyssteen van Bloemfontein skryf:**

Ek onderrig tans by 'n swart onderwyskollege en het baie diep onder die indruk gekom van die begeerte by die studente om meer van musiek te wete te kom. Ek hoor gereeld dinge soos: "Mam, I want to know how to play the piano", "Mam, I want to know more about music..."

Komende uit 'n gemiddelde Afrikanerhuis, was 'n klavier en iemand om my te onderrig, iets vanselfsprekends. Maar vir 'n groot persentasie van die swart gemeenskap is dit 'n groot voorreg en daar word gesmag na musiekonderrig.

Daar word wel dikwels beweer dat swartmense in elk geval soveel ingebore musiektalent het dat musiekonderrig nie nodig is nie. Die een wat onderrig gaan kry, het net soveel meer moontlikhede om dié potensiaal te ontwikkel.

Sou dit nie wonderlik wees as daar kontak kan wees tussen swart en wit musiekleiers nie, en dit geld veral die kleiner dorpe. Daar moet tog in elke plek ten minste een mens wees wat die leiding kan neem om musici op te spoor wat bereid is om buite die grense van sy eie gemeenskap betrokke te raak!

Vir die blanke wat bereid is om dit te doen, wag daar natuurlik ook 'n groot beloning in die aanraking met die musiekkultuur van die swartman. Ons kan wedersyds so baie by mekaar leer en dit is tyd dat ons iets daaraan doen.

## Ek was daar

**Oud-polisieman skryf:**

Ek lees u koerant gereeld. Om dié rede stuur ek hierdie gedig aan u. Ek sou graag meer hiervan uit my pen laat vloei, maar moet egter dit op so 'n geheimsinnige wyse doen. Ek weet dat u dit sal verstaan. Baie van my redes is in die gedig, veral die laaste gedeelte, vervat.

Deur stofstrate stap die Casspir
"kom ons skiet daai kaffer!"
'n rubberkoeël spring daar rond,
'n man val ook op die grond.
Dit was nou wel mis
maar hoe sal hy wis
hulle skeer net gek
hier in sy township-plek.

Sy oë is spierwit groot
op soek na 'n wegkruipsloot
Sy gesig is een van vrees
terwyl die manne: vang net gees.

Niemand gee jou raad
Dit help nie om te praat.
Hulle sit en vloek en skel
en haat daardie swarte vel.
Soms rol grenaatkas en val
vir die kinders om op te tel
en wanneer die wit damp waai
verander spot gelag na 'n gekraai.

Daar was so twintig toe ons skiet
O nee! Nie so min, dit is verdriet!
Sê liewer daar was honderd
dan is julle uitgesonderd.

Eendag in daardie stowwerige straat
kry ek toe een klein Swart kind maat.
Omdat ek een klein Wit kind het
wat glad nie bang is vir 'n pet,
wou ek sy vriendskap koop
maar sit hy daar toe op loop.
Sy mond gaan oop en begin toe gil
dat dit langs my sye ril.

Daar was vrees op sy gesig
daarom skryf ek die gedig.
Ek wou doen tog geen leed
en sal dit nooit-ooit vergeet.

Dis hy wat my laat dink
Vandag het ek geen knope blink.
Tog haat hulle my taal en vel
en laat my daaroor kwel.
Ek weet wat gedoen was, is nie reg
Hulle is ook mense - nie so sleg
maar moenie my in die strate vloek
want meer soos ek wil graag vergoed.

Ek kan nog baie hieroor dig
maar mond-hou is ek verplig.
Watter kant sal my lewe spaar?
O, ek weet nie. Praat ek waar?

# KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

### PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê die tyd is ryp

Die Bleskoppe teen Apartheid sê wette is ook nie meer wat dit was nie

"Just bring me 2-lips from Amsterdam"

### WOONPLEK

Benodig: Goedkoop vakansieverblyf in of naby Kaapstad gedurende Kersvakansie (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836 2151

Observatory, Kaapstad: Leefbare murasie met nuwe dak te huur vir November en Desember, moontlik Januarie ook. Goedkoop. Bel Philip by (w) 021-2034270 of (h) 021-479472

Pragtige ruim huis om te deel met derde persoon. 15 km van Sandton en naby Randburg. Swembad en tennisbaan. Die mooiste uitsig. Skakel (011) 464 1003 na-ure

### DIENSTE

<u>Kersfeeskantoorpartytjie met 'n verskil</u>
Ons sal alles reël - busvervoer na 'n lieflike landelike kroeg met fantastiese kos, drank, musiek en pryse. Bel Markham (011) 794-1792

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Ons begin met 'n opleidingskursus vir nuwe lede. Ons benodig veral vroue wat Afrikaans en/of enige ander Afrika-taal kan praat. Bel POWA vir verdere inligting (011) 642 4345

Spesiale Aanbod:
Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

**TaylorMade Administrative Services CC**
Vertroulike dienste teen redelike pryse
* Woordverwerking (Word Perfect 5, XYWrite III, Multimate Advantage)
* Diktafoon tik/kassettranskripsie (mini, mikro, standaard)
* Regstikwerk
* Laserdrukwerk
* Organisering van konferensies en die afneem van notules
* Fotokopiëring
* Faks-werk
* Bode diens!!!
* Aand- en naweekdiens!!!
Skakel Colleen of Mike Taylor by (011) 648-6866 of 648-9952 enige redelike tyd van die dag, of Ann Low by 648-3117 slegs na-ure

### GEBEURE

Woensdag 8 November - U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "I remember Harlem". Die tweede video handel oor The Depression Years: 1930-1940

Die Duitse Ambassade hou Saterdag 4 November vanaf 9 vm tot 1 nm hul jaarlikse basaar ten bate van liefdadigheid by Pretoriusstraat 924, Arcadia, Pretoria. Die Soweto-koor gaan optree en daar sal winskopies by die vlooimark wees en Afrika-kuns en handwerk sowel as Duitse koek en koffie sal in die bekende Duitse Café te koop aangebied word. Vir verdere inligting skakel B Stabreit by (012) 46-5566

### MARK

1986 Nissan-bakkie 1400 te koop. Enjin in goeie toestand. R10 000 of naaste kontantaanbod. Bel Gwynne (011) 836 2151 (w)

Tropiese vistenk te koop. Met alle bybehore. Winskoop teen slegs R100. Bel Donsie (011) 836-2151 (w)

JACOB RegoP®

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**




Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: __________
Adres: __________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.**

**Winkel 68, The Firs, Rosebank.**

**Tel: (011) 880 3566**

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

# Vuur bedreig die wêreld se longe

**Claire de Oliveira**

RIO DE JANEIRO - 'n Deel van die Amasonewoud in Brasilië so groot soos Engeland - ongeveer 135 000 vierkante kilometer - word jaarliks deur vuur vernietig.

Volgens Phillip Fearnside van Brasilië se Nasionale Navorsingsinstituut van die Amasone sal dit teen dié pas binnekort wêreldwye klimaatverskille tot gevolg hê.

Menige Brasiliaanse en internasionale wetenskaplikes is bekommerd oor die toekoms van die "wêreld se longe".

Die brande word deur die plaaslike bevolking veroorsaak omdat dit die maklikste manier is om van die ruie plantegroei ontslae te raak. Dit is goedkoop en boere meen dat dit die grond meer vrugbaar maak.

Die tropiese woude van die Amasone beslaan ongeveer 60 persent van Brasilië se oppervlakte - dit is ongeveer vier miljoen vierkante kilometer. Ongeveer 15 miljoen mense woon in die woud en daar is sowat 6 miljoen beeste.

Volgens 'n regeringsondersoek wat in Junie gepubliseer is, is sowat 7,1 persent van die woud reeds vernietig. Volgens Fearnside is dié getal 8 persent en volgens die Wêreldbank is dit 12 persent.

Met die bou van die Trans-Amasone-hoofweg is die gebied toegankliker gemaak en is die verspreiding van die brande aangehelp. Jose Goldemberg, die rektor van die universiteit van Sao Paolo, meen Brasilië is nou een van die lande in die wêreld wat vir die meeste besoedeling verantwoordelik is.

Volgens Goldemberg veroorsaak slegs China, die Sowjet-Unie en die VSA meer besoedeling.

Volgens 'n navorser verbonde aan die Sao Jose dos Campos-ruimtenavorsingsinstituut in Sao Paulo het 59 000 brande in slegs Julie vanjaar 33 000 vierkante kilometer van die woud vernietig.

Volgens die hoof van die monitorprojek by die instituut, Alberto Setzer, sou dié getalle hoër gewees het as dit nie was vir die goeie reëns wat die afgelope drie maande in die gebied uitgesak het nie.

Veertig persent van die brande is deur boere veroorsaak wat die woud in weiveld wou omskep.

Volgens die instituut het 350 000 vure in 1987 204 000 vierkante kilometer vernietig en is 120 000 vierkante kilometer verlede jaar deur 213 000 vure vernietig.

Die Instituut vir Omgewingsbewaring ondervind egter probleme om die situasie te beheer. "Ons doel is nie net om die boere te straf nie, maar ook om hulle bewus te maak van beter maniere om die grond te benut. Dit sal egter nie oornag geskied nie," het 'n amptenaar van die instituut gesê.

Ingrypende hervormingsmaatreëls word nou benodig om die onnodige verbranding van die woude hok te slaan. Die skuld kan gedeeltelik op die regering geplaas word - daar is te veel organisasies wat na die woud moet omsien en nie een van hulle het genoeg geld nie.

Daar is slegs 8 bewaarders in parke en reservate wat oor 'n gebied van 1,6 miljoen vierkante kilometer in die Amasone-gebied strek.

Jose Lutzenberger, 'n bekende ekoloog van Brasilië, het "die moderne industriële samelewing se obsessie met vooruitgang wat net tot die voordeel van die nasionale en internasionale tegnokrasie strek", veroordeel.

"'n Gedeelte van die Amasone is nou onbruikbaar. Maar ons kan help om dit vir biologiese boerdery te herwin," het hy gesê. "Maar dit is nie in die belange van die tegnokrate nie en word dus nie oorweeg nie." - AFP

# Vrou sluk kondome vol kokaïene

SIDNEY - 'n Colombiaanse vrou het na bewering meer as 100 kondome waarin 250 gram kokaïene verpak was, ingesluk voordat sy in Australië aangekom het.

Volgens 'n polisiewoordvoerder is die 32-jarige vrou kort na haar aankoms op die lughawe in hegtenis geneem. Sy was op 'n vlug vanaf Argentinië. Sy is by haar hospitaalbed aangekla vir die invoer en besit van onwettige goedere.

Die vrou is in die lughawe-toilet in hegtenis geneem en na 'n plaaslike hospitaal geneem waar X-strale getoon het dat sy "'n aantal vreemde voorwerpe" ingesluk het.

Volgens die woordvoerder het sy daarna meer as 100 kondome met die beweerde kokaïne daarin gepasseer. - AFP

# Diere gee betyds pad!

MOSKOU - Navorsers van die Sowjet-Unie se Akademie vir Wetenskap se Instituut vir Fisiologie het met 'n wetenskaplike verklaring vorendag kom vir die grootskaalse migrasie van diere kort voor aardbewings, siklone en ander geofisiese verskynsels.

'n Reeks eksperimente het getoon dat diere veranderings in die magnetiese velde kan aanvoel en op die elektromagnetiese veranderings, wat deur sterk meteorologiese prosesse veroorsaak word, reageer deur te migreer.

Met die gebruik van die mees moderne toerusting het wetenskaplikes ontdek dat gewerwelde seediere die magnetiese golwe van geofisiese verskynsels met hul goed ontwikkelde sensoriese stelsels kan monitor, sê Boris Ilyinski, 'n doktor in biologie.

Die oriënterings- en navigasiegedrag van gewerwelde seediere kan gebruik word om die aard van natuurverskynsels vas te stel.

Die ontdekking maak die ontwikkeling van nuwe metodes om geofisiese verskynsels te voorspel moontlik, sê Ilyinski.

Dié diere se sensoriese stelsels kan ook as grondslag dien vir modelle van moontlike oriënterings en navigasie-instrumente, asook vir sensoriese toestelle om die spoed en rigting van 'n voorwerp se beweging in die water vas te stel.

Navorsers hoop om soortgelyke sensoriese stelsels in ander gewerwelde diere en moontlik ook in die mens te ontdek. - Novosti


**Vrye Weekblad**

* Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
* Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
* Die telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
* Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

# Dié week in die nuus

## Suid-Afrika

**Pres FW de Klerk** kondig aan dat hy in Desember 'n besoek aan pres Felix Houphouet-Boigny van die Ivoorkus gaan bring. Hulle sal onder meer die vredesproses in Angola bespreek.



**Luit Gregory Rockman** word in kennis gestel dat dissiplinêre stappe teen hom oorweeg word omdat hy sonder verlof met die pers gepraat het.

**Polisie-offisiere** is ongelukkig oor die "sagter" manier waarop protesoptogte hanteer word, berig Reuters. Een polisieman het glo gesê die regering moet hul eie wette toepas, of dit skrap. Brig Leon Mellet, Wet en Orde-woordvoerder, ontken dat daar onenigheid in die polisiemag is.

**Clive Weil** bedank as besturende direkteur van Checkers.

**Die SAUK** verbied Tracey Chapman se liedjies Freedom Now en Material World, wat oor rasse-diskriminasie en armoede gaan.

**Brig Hertzog Lerm**, destydse kommissaris van polisie in KwaNdebele, het met die kantoor van die Prokureur-Generaal in Pretoria ooreengekom dat vervolgings nie ingestel sal word in sekere onrusverwante voorvalle in dié gebied nie, getuig kapt Alfred Sutton van die SAP se handelstak voor die Parsons-kommissie na die 1986-onluste in KwaNdebele. Kapt Sutton was toe distrik-speuroffisier van KwaNdebele. Volgens brig Lerm sou die PG weier om lede van die Mbokhotovigilantegroep te vervolg, sê kapt Sutton. Kapt Sutton het 51 saakdossiere teen die vigilantes, wat ten gunste van inlywing by KwaNdebele was en na bewering vir voorvalle van moord, aanranding en menseroof verantwoordelik was, aan die senior staatsaanklaer oorhandig. Brig Lerm het hom beveel om dit weer te gaan haal. Brig Lerm het net gesê: "All is fair in love and war.".

**Peter Hammond**, stigter van die Frontline Fellowship wat na bewering noue bande met Renamo het, word saam met 'n Suid-Afrikaner en ses Amerikaners vrygelaat nadat hulle 'n week lank deur Frelimo in Mosambiek aangehou is. Die agt het Mosambiek onwettig vanuit Malawi binnegegaan, maar Hammond beweer hulle is oor die grens gedwing.

**Pietie du Plessis**, gewese minister van Mannekrag, laat vaar sy aansoek dat die Advokaat-Generaal se verslag oor hom hersien en ter syde gestel moet word. In dié verslag is Du Plessis skerp gekritiseer oor sy "onbehoorlike optrede" waardeur sy seun, Johan, in transaksies met die regeringsdepartement bevoordeel is.



**Helen Suzman** ontvang die eretitel Dame Commander of the British Empire van Koningin Elizabeth II vir haar voortdurende teenstand teen diskriminerende wetgewing.

**Ondersteuners wat** die verhoor van ses lede van die Paper, Printing, Wood and Allied Workers' Union (PPWAWU) in die Randse Hooggeregshof wou bywoon, word buite die hof met traanrook uiteengejaag. Twee mans met 'n ANC-vlag word in hegtenis geneem, maar die een ontsnap.

**Die NP-stadsraad** van Tzaneen stel sy biblioteek en openbare toilette vir alle rassegroepe oop, maar weier om die openbare swembad op die dorp oop te stel.

**Die Johannesburgse** Stadsraad stem in om die Wanderers-krieketstadion te koop.

**Katolieke biskoppe** van Suider-Afrika, onder wie aartsbiskop Denis Hurley van Durban, vertrek na Namibia om die onafhanklikheidsproses te monitor.

**Leslee Durr**, Nusas-voorsitter op Stellenbosch, kry verlof om te appelleer teen die Hooggeregshofbeslissing dat 'n verbod op protesoptogte op die kampus geldig is.

**Meer as** 'n kwartmiljoen mense onderteken 'n versoekskrif om te keer dat mynbedrywighede die omgewing by St Lucia ontsier.

**Aanklagte teen** twaalf joernaliste wat op 31 Augustus in Kaapstad vreedsaam teen beperkings op persvryheid geprotesteer het, word laat vaar.

**Die diere-beskermingsvereniging** kritiseer die Joodse kosjer-manier om diere te slag, omdat die diere nie verdoof word nie. Hoofrabbi Cyril Harris sê die metode is doeltreffend en menslik.

**Penguin Books** het vir Nelson Mandela R4,4 miljoen aangebied om sy outobiografie uit te gee, berig die Londense Evening Standard.

**Sabta, die** Suid-Afrikaanse swart taxi-vereniging, bevestig dat hulle 'n program van R40 miljoen van stapel gaan stuur om minibusse te vervaardig en hul eie lugdiens te stig.

**'n Voormalige** senior veldwagter van die Krugerwildtuin verskyn in die hof nadat die skelette van 27 renosters, wat na bewering deur hom doodgeskiet is, in die wildtuin gevind is. Die renosters se horings is verwyder nadat hulle doodgeskiet is.

**'n Nuwe** R2-muntstuk kom in omloop in die plek van die ou tweerandnoot.

## Wêreld

**Nigel Lawson** bedank as Britse minister van ekonomie. Margaret Thatcher se ekonomiese adviseur, Sir Alan Walters, bedank kort na hom. Lawson neem Thatcher se leierskapstyl kwalik vir sy bedanking. Intussen weier Thatcher om deel te word van 'n Europese "sosiale manifes" en spreek sy haar bedenkinge uit oor die toetrede tot die Europese monetêre stelsel.

**'n Sekuriteitsvoertuig** van die How-goudmyn in Zimbabwe word van goud ter waarde van R1,2 miljoen beroof. Twee veiligheidswagte word vermoor in die rooftog.

**Koning Mswati** van Swaziland en Koning Moshoeshoe van Lesotho voer in Mbabane samesprekings oor hul onderskeie lande se rol in die Suider-Afrikaanse streek.

**Die Angolese** minister van buitelandse sake, Pedro Castro van Dunem, sê in Lissabon sy land kan binnekort 'n veelparty-regering hê. Hy doen 'n beroep op die VSA om steun aan Unita te heroorweeg.

**Polisiemanne in** Detroit neem 165 jeugdiges in hegtenis en brandweermanne hardloop rond om brande te blus in "Duiwelsnag", die eerste van drie nagte voor Halloween wanneer jeugdiges in dié stad oral brande stig.

**'n Palestynse** "kamikaze"-visserman sterf in 'n selfmoordaanval in 'n visserskuit op 'n Israeliese oorlogboot wat die Libanese kus patrolleer.

**Die enigste** mak tier in Japan word doodgeskiet nadat dit uit 'n hok ontsnap en twee honde doodgemaak het.

**Turgut Ozal**, gewese eerste minister, word as Turkye se nuwe president verkies in 'n parlementêre stemming wat deur die opposisiepartye geboikot is.

**Pan Am** beweer die Amerikaanse owerhede is minstens 24 uur voordat Pan Am-vlug 103 bokant Lockerbie in Skotland ontplof het deur die Israeliese geheime diens, Mossad, in kennis gestel dat daar 'n bom aan boord was.

**'n Aardbewing** in Algerië verwoes dorpies oor 'n wye gebied. Honderde mense word dakloos gelaat, en minstens 30 is dood.

**Pres Benazir Bhutto** van Pakistan word deur die opposiepartye, wat 'n mosie van wantroue in haar regering ingestel het, beskuldig van wanadministrasie en korrupsie in haar regering.

**Felipe Gonzalez** word heraangestel as eerste minister van Spanje nadat sy sosialistiese party die verkiesing met 'n klein meerderheid gewen het.

**Hongarye** se nuwe Sosialistiese Party kry net twee persent van die ingeskrewe lede van die ou ontbinde Kommunistiese Party se steun in die parlement.

**Soedanese rebelle** beleër die dorp Kumuk naby die Ethiöpiese grens met Soedan.

**'n Aandklokreël** word in Pnomh Penh, Kambodja, ingestel nadat regeringstroepe swaar verliese in gevegte met Khmer Rouge-guerrillas gely het.

# SPORT

# Transvaalse keurderbaas kloek soos 'n broeis hen oor sy wenkuikens

**Charles Ochse**

DIE nuwe penkop-krieketspannetjie van Transvaal is darem nou wraggies besig om vriend en vyand te verras. Die boertjies haal ook nie nou net meer die span nie, hulle begin nou wedstryde wen ook.

Laas Sondag toe Transvaal so gemors het met die WP, wie het die paaltjies gevat? Stefan Jacobs en Piet Botha. Hulle het sewe tussen hulle laat kantel, drie elk en Jacobs het nog een uitgehardloop ook.

Transvaal het die afgelope paar seisoene tien ervare staatmakers verloor en moes die seisoen 'n heel nuwe span bou. Vorentoe sal hulle seker nog slae kry, maar daar is darem nou baie hoop vir die toekoms.

Die jonges het 'n hele ommeswaai teweeggebring want in sy vorige vyf eendagwedstryde het Transvaal met sy ou staatmakers en al teen die WP verloor.

Transvaal se keurderbaas, Lee Irvine, het laas Sondag met 'n Britse besoeker in die persbank kom kloek soos 'n ou broeis hen oor 'n klomp kuikens. Hy sê hy kry nou vlinders in die maag soos hy nie eens in sy speeldae gehad het nie.

Irvine sê: "Dit is nou een ding van 'n jong span, die spanning en opwinding is soveel groter. Daar is eenvoudig net baie meer adrenalien wat pomp daar op die veld." Hy sê vergelyk dit nou met die redelike ou Springbokrugbyspan. Dit het vir hom gelyk of die ou Bokke maar net deur die handelinge gegaan het.

Daarom is Irvine ook een van die voorstaanders daarvan dat die Springbok-krieketkeurders dié seisoen soveel jong manne as moontlik moet kies om 'n span vir die toekoms te bou.

Wat ook mooi was om te sien, was dat kaptein Clive Rice na feitlik elke aflewering met Botha gepraat en hom aangemoedig het. Irvine sê waar Jacobs en Botha is, gebeur dinge, maar dit verskil soos dag en nag. Al die ongelukke en uitsonderlike dinge tref Botha, terwyl die geluksgodin meermale vir Jacobs glimlag.

In Botha se eerste wedstryd vir Transvaal, die Protea-aandwedstryd teen die WP, was al die vangkanse wat Transvaal verbrou het van sy boulwerk afkomstig.

In die verrassende Curriebekeroorwinning teen die kampioen, die OP, was dit weer so. En toe het Botha boonop nog een met 'n foutbal skoongeboul!

Die sukses het egter ook nie weggebly nie. Sy eerste Curriebekerpaaltjie was die groot vis, Kepler Wessels.

Maar Sondag het dit aan die begin ook bra stief met die man gegaan. Hy moes een bal afstuur om die beseerde Hugh Page se boulbeurt te voltooi. Eindelik het dit hom drie balle geneem want van die eerste een is die kolwer uitgevang, maar dit was 'n foutbal! Die tweede was 'n wydloper!

Boonop het die een bal wat hy vir Hugh Page moes boul, volgens Nissan-reëls, vir 'n volle boulbeurt teen Botha getel sodat hy toe net tien oorgehad het.

Dit was tóé dat Lee Irvine hardop hier langs my begin prewel het: "Asseblief ou Pietie, nou net een paaltjie vir jou selfvertroue." Toe vat hy sommer drie! En toe hulle so waaragtig weer 'n vangkans van sy boulwerk verbrou, toe boul hy maar sy man skoon!

Met Jacobs gaan dit veel voorspoediger. Vroeër verlede week het hy 'n gesogte driekuns teen die Noord-Transvaalse Platteland behaal. Sondag was die geluk weer aan sy kant. In sy deurloop het hy 'n bal, wat hard gedryf is, met sy vingerpunte op Adrian Kuiper se paaltjie gedeflekteer om sodoende die WP se groot kanon uit te hardloop.

Dit het Irvine laat opmerk: "Dit is die teken van 'n werklike groot speler. Die geluk is ook aan sy kant want hy werk daarvoor. Hy doen die regte ding op die regte tyd. Hy is voortdurend betrokke by die spel."

Met Irvine wat as sameroeper van die keurkomitee so intens betrokke is by sy span, het ek weer gaan kyk waarom ek op 13 Oktober in 'n voorskou tot die krieketseisoen geskryf het ek is nie een van die baie wat Transvaal afskryf nie.

Toe al het ek in Vrye Weekblad berig: "... met 'n knap bestuur het Transvaal 'n baie doelgerigte beroepsbenadering wat deur jare se sukses opgebou is. Die nuwe jong spelers en huursoldate wat Transvaal noodgedwonge nou moet inspan, behoort gou in so 'n atmosfeer te presteer."

Dit is presies wat Botha en Jacobs-hulle nou doen.

# Steroïedes 'n turksvy vir die atletiekbase

**Charles Ochse**

OOR kitsspiere en prestasie deur die inspuitnaald, genaamd steroïedes, is 'n lelike turksvy vir Suid-Afrika se atletiekbase aan 't kom met die besoek van die Amerikaanse atlete. Die groot vraag is: Gaan daar getoets word of nie?

Eers is Ben Johnson by die Olimpiese Spele uitgevang. Toe is daar berig dat Carl Lewis ook die goed gebruik - waaroor hy nou dagvaar en nou lê gerugte die wêreld vol dat die naelloop-koningin, Florence Griffith Joyner, dit ook gebruik het.

Meer nog, daar word beweer dat feitlik al die top-atlete steroïedes gebruik. Maar wat van die besoekende atlete?

As hulle getoets word en een of meer word uitgevang, sal dit 'n ernstige verleentheid afgee. Ons atlete het nie buitelandse mededinging nie. Die wat dit waag om hierheen te kom, offer hulle loopbane op. Hulle kom op die VV se swartlys en mag nêrens anders deelneem nie.

As jy nou nog van hulle moet skors, dan het ons stomme atlete niemand van buite om teen te kompeteer nie.

Andersyds, as daar nie getoets word nie het die Amerikaners, wat steroïedes sou gebruik, 'n onregverdige voorsprong op Suid-Afrika se atlete. Suid-Afrikaanse atlete word wel getoets, van hulle is al betrap en kwaai gestraf.

Al word die Yanks ook getoets, is dit 'n ope vraag of Suid-Afrika se toetse gevorderd genoeg is. Daar is 'n voortdurende stryd tussen die atlete wat steroïedes gebruik en die sportdokters met teenmiddels wat die steroïedes se spore in toetse uitvee. Die een probeer om altyd een tree voor die ander te wees. Boonop is daar wêreldwyd verskille oor wat toelaatbaar is en wat nie.

Ons het pas met die Rapport-fietstoer gehoor dat die arme ou Willie Engelbrecht te bang was om 'n middel vir sy verkoue te neem want netnou wys dit in die toetse. In sommige sportsoorte kan selfs 'n hoesmiddel vir iets onwettigs aangesien word.

Wat prof Charles Nieuwoudt en die atletiekbase ook besluit, hier kan hulle nie wen nie. Bloot net deur te toets, vat hulle ons buitelandse gaste, oor wie ons so verleë is, in die gesig. As hulle nie toets nie, is dit ook nie reg nie. Hoe nou?

# Die SAUK kan maar die hand in die sak steek

**Charles Ochse**

DIS asemophou-tyd vir Pierre Coetzer se geveg om die WBO-swaargewigtitel van die wêreld teen Francesco Damiani wat vir 25 November in Porto Rico beplan word.

Betroubaar word verneem dat die SAUK nie te geneë is om oor die R2 miljoen vir die uitsaairegte wat die promotors wil hê te betaal nie.

'n Maand gelede het Jacques Pauw in Vrye Weekblad berig dat daar tweedrag in die SAUK-Raad was oor die R1,25 miljoen wat betaal is om Coetzer se uitdungeveg teen Bob Hitzelberger te beeldsaai.

Die wêreldtitelgeveg is moontlik van die baan as die Raad sou weier om die bedrag goed te keur of 'n borg nie gekry kan word nie, het hy berig.

En steeds wag ons in spanning op 'n aankondiging oor die borgskap van die geveg. Ons hoor daar word druk onderhandel met borge.

Dis te verstane dat die SAUK nie graag reuse-bedrae wat hulle betaal vir uitsaairegte bekend wil maak nie. Want dan sal elke promotor van 'n derderangse toernooi, die sokker, rugby, krieketmense, die wêreld en sy broer, die SAUK gaan druk vir meer geld.

Tog, dit kan ook nie altyd geheim gehou word nie. Die probleem met dié sake is soos met Watergate en die Inligtingskandaal. Wat gedoen is, was nie so erg nie. Dit was die pogings om toe te smeer en die gelieg agterna, toe hulle uitgevang is, wat die skandaal veroorsaak het.


Die ander probleem is dat M-Net nie vir die geveg kan bie nie want die SAUK het die regte op Coetzer se gevegte bekom.

'n Mens kan maar net hoop dat daar nie op die laaste nippertjie 'n haakplek oor geld kom nie. Coetzer is so slaggereed as wat kan kom om wêreldroem vir Suid-Afrika te bring.

As hy Damiani klop, kan daar aan 'n geveg teen Mike Tyson begin dink word. Die wêreld soek mos altyd na 'n Wit Hoop om die groot kampioen, Tyson, aan te durf.

Dit behoort enige promotor se droom te wees om 'n geveg tussen 'n wit Suid-Afrikaner, nogal 'n poliesieman, en Tyson te adverteer. Natuurlik sal dit 'n hengse politieke kabaal afgee.

Ag, en al word Coetzer ook in die eerste ronde uitgeslaan, dit is nog altyd enige swaargewig se droom om teen Tyson te boks. Teen die agtergrond kan die SAUK maar die hand in die sak steek. En vir die wat wil weet, sê wat hulle betaal.




Pierre Coetzer en sy Alan Toweel

VRYDAG
Bylaag tot Vrye Weekblad, 3 November 1989

# Buiteperd wen 'n Dalro-prys

'N Buiteperd het die gevestigde perde geklop in die Dalro-wedloop vir die prys wat geborg word deur die Johannesburgse Kring van Resensente: Robert Colman het die prys vir die beste akteur in 'n ondersteunende rol op die Engelse verhoog gewen vir sy spel in "Score Me the Ages". Andrew Buckland en Sean Taylor was ook in dié kategorie benoem.

Die Dalro-pryse is gister toegeken en het nogal verrassings meegebring. Colman is nie die enigste een nie. Dat Janice Honeyman die prys vir die beste regisseur losgeslaan het, het ook verras.

Robert Colman is bekend vir sy omstrede werk op die avant-garde-kabaretkringloop en Alan in "Score Me the Ages" was sy eerste mainstream-poging.

Hy was 'n medeskepper van die beroemde verbode "Famous Dead Man", waarvan dele ingesluit is in die rolprent "Shot Down", wat ook onder die sensors deurgeloop het. Colman het die hoofrol in die prent gespeel. Hy het ook gespeel in "Active Pleasure", 'n soort anti-teater kabaretstuk wat in die Mark se Warehouse op die planke gebring is.

"Score Me the Ages" was 'n keerpunt in Colman se loopbaan. Hy het ontwikkel van 'n kabaretkunstenaar op die rand tot volwaardige toneelspeler.

Hy speel nou die naamrol in "Edmond" by die Black Sun.

Die ander Dalro-wenners is:

Die Stewart Leith-prys vir beste optrede deur 'n akteur in 'n hoofrol op die Engelse verhoog: Andrew Buckland in "The Ugly Noo-Noo".

Die Johannesburg Repertory Players-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n aktrise in 'n hoofrol op die Engelse verhoog: Sandra Duncan vir "Lillian".

Die Computicket-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n aktrise in 'n hoofrol op die Afrikaanse verhoog: Sandra Prinsloo as Christine in "Christine".

Die Anton de Waal-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n akteur in 'n hoofrol op die Afrikaanse verhoog: Louis van Niekerk as Prospero in "Die storm".

Die Margaret Inglis-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n aktrise in 'n ondersteunende rol op die Engelse verhoog: Val Donald Bell as Mrs Dubois in "Curl Up and Dye".

Die Johannesburgse Stadskouburg-prys vir die beste optrede deur 'n akteur in 'n ondersteunende rol op die Afrikaanse verhoog: André Odendaal as Ariel in "Die storm".

Die Esther Roos-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n aktrise in 'n ondersteunende rol op die Afrikaanse verhoog: Lizz Meiring as Lieselotte Soldignac in "Kalkoen se kind".

Die Gallo-prys toegeken vir die beste optrede in 'n musiekspel of revue: Natalie Gamsu as Sister Mary Hubert in "Nunsense".

Lindy Grindlay word genomineer vir die besondere prestasie deur haarself binne 'n kort bestek as 'n vooraanstaande kostuumontwerper te vestig. Haar ontwerpe vir aanbiedings soos "Turn of the Screw", "Don Pasquale", "Rubies" en "Who Cares?" het imponeer en is eenparig deur die kritici geprys. Sy ontvang die Shirley Moss-prys.

Die Marilyn Jenkins-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n balletdanser of danseres in 'n ondersteunende rol: Christopher Montague as Napoleon in "War and Peace".

Die Ivan Solomon-prys toegeken vir die beste optrede deur 'n balletdanser in 'n hoofrol: Gavin Louis as Romeo in "Romeo and Juliet".


Die Lilian Solomon-prys vir die beste optrede deur 'n balletdanseres in 'n hoofrol: Clare Shepherd-Wilson as Giselle in "Giselle".

Die Breytenbach-epathlon toegeken aan die beste regisseur van 'n Afrikaanse of Engelse produksie: Janice Honeyman vir "Hard Times".

Die Dawie Malan-prys toegeken aan die skrywer van die beste nuwe Suid-Afrikaanse toneelstuk: Susan Pam vir "Curl Up and Dye".

**Onder redaksie van ANDREA VINASSA**

# Truk pak ANC-man


Sol Plaatje

LYK my Truk hou tred met die tyd: 'n Verwerking van Sol Plaatje, die eerste sekretaris-generaal van die ANC, se dagboek word van 9 tot 18 November in die Trustbank-Arena by Windybrow opgevoer.

Toe Solomon Tshekisho Plaatje 23 was, het hy die beleg van Mafeking van 1899 meegemaak. Hy was toe nog 'n tolk in die landdroshof van Mafeking. 'n Geredigeerde weergawe van die dagboek, "Mafeking Diary - a Black Man's View of a White Man's War" en Plaatje se "Native Life in South Africa" is die uitgangspunt van "A Place of Stones".

Plaatje het oor sy deelname aan die beleg geskryf en lewer bewys daarvan dat die swart bevolking nie passief toegekyk het toe die witmense mekaar ingeklim het nie.

Na sy Mafeking-ervaring was Plaatje, ook 'n koerantredakteur, aktief betrokke by verskeie organisasies wat die ANC vooruitgeloop het.

Denys Webb behartig die verwerking en regie. Dan Sebogodi speel Plaatje. - **Andrea Vinassa.**

# Is daar nog straight vermaak?

**Amanda Lee Horwitz**

WAT is die jongste gier in die Suid-Afrikaanse vermaakwêreld as jy na die volgende dramas en flieks kyk: "Kiss of the Spider Woman", "March of the Falsettos", "M. Butterfly", "Burn This", "Torch Song Trilogy", "Lawrence of Arabia" (nog al)?

Die antwoord is gay. Of dit nou as 'n geskilpunt aangebied word of nie, dit maak 'n belangrike punt: homoseksualiteit bestaan. Miskien klink dit of 'n mens die klaarblyklike stel, maar Suid-Afrikaners is veral vatbaar vir die beginsel "wat jy nie sien nie, bestaan nie". (Dit het 'n paar besoeke aan die Mark-Teater gekos vir baie mense om te besef apartheid is nie 'n nege-letterwoord nie.)

Nie dat dit die eerste keer is dat fliek- en teatergangers aan dié onderwerp blootgestel is nie; van die Mark se produksie van "Torch Song Trilogy" en "As Is" tot die internasionale filmtreffer "La Cage Aux Folles". Maar steek daar nie iets in dat daar juis nou soveel produksies met die tema aan die gang is nie?

Ongetwyfeld sal Hillbrow en Bezuidenhoudt se LP's, wat baie gay kiesers het, na die afgelope September-verkiesing instemmend knik. Is dit nie juis die politici, die mees bedrewe van alle spelers, wat sosiale giere bepaal nie?

Laat ek daardie een liewer systap en van die politieke na die teater-arena beweeg. Dis waar Dawid Minnaar dit nog tot onlangs opgekamp het as Molina, in Manuel Puig se baie dubbelslagtige, aangepaste roman "Kiss of the Spider Woman". (Toegegee, dis nie net 'n "gay play" nie, maar "Anthony and Cleopatra" is ook nie net 'n hetero liefdesverhaal nie!) Die produksie doen baie om die gay saak uit die kas uit te ruk en die sleutel weg te gooi. Maar die Molina-karakter doen nie veel om die stereotipe van die gay man af te breek nie. Nie alle gay mans is teatrale queens nie.

Feit bly egter staan, KAMP is vermaaklik. Selfs straight teater is dikwels kamp. Dit lyk dus logies dat die teatrale gay queen 'n bepalende rol op ons verhoë sal speel. "Burn This" is 'n goeie voorbeeld. Dis 'n drama oor mense - New Yorkers en 'n New Jersey-ghwar - en verhoudings. Dat Larry, meesterlik vertolk deur Russel Savadier, gay is, is nie die punt nie. Maar dit is interessant dat Larry/Savadier daarin geslaag het om 'n kampheid te behou sonder om die stereotipe te versterk. Hy is 'n individu, en skreeusnaaks.

Miskien daarom dat daar so min lesbiese teater bestaan. Lesbiese liefde is nie kamp nie. "So kom ons hou die 'heavies', soos 'Bluefish Cove' en Gertrude Stein se lewensverhaal, tot 'n minimum beperk." En radikale feminisme is vir die "tradisionele heteroseksueel" omtrent so aptytlik soos 'n deurweekte beskuitjie. Om natuurlik nie eers van bedreigend te praat nie. En (om 'n feministiese punt te maak) die teater is steeds 'n beroep wat deur mans oorheers word, waar die meeste dramaturge mans is wat stukke skryf hoofsaaklik vir mans.

In William Finn se musiekblyspel, "March of the Falsettos", is dit pa, eerder as ma, wat die homo is. 'n Mens wonder waarom, want ma se verhoudings met mans is omtrent so suksesvol soos die regering se pogings om die land te regeer. Nietemin moet 'n mens Finn krediet gee dat hy wys heteroseksuele en gay verhoudings lewer ewe veel probleme. Wat nie te sê is dat die dramaturg nie 'n bietjie meer patologie aan pa toeken wat primêr verantwoordelik is vir sy seuntjie se verwarring nie.

Dat "March of the Falsettos" in die jare sewentig geskryf is vir die liggies van Broadway, wys. Terwyl party teatergangers, die bietjie ouer "La Cage Aux Folles"-aanhangers, deur die diepgaande en vermaaklike "non-statement" geroer is, lyk dit jammer dat so 'n stimulerende onderwerp verflou tot 'n groot "so-what".

Nie alle teater hoef as sodanig polities te wees en die status quo aan te vat nie. Aangesien gays egter deur die samelewing waarin hulle woon onderdruk word, sou 'n mens dink dat hulle eerder die stelsel sal uitdaag as daaraan toegee.


Terwyl "M. Butterfly" skaars 'n drama is oor gay regte, bevraagteken dit wel norme en ideologië. Kortliks: Die Franse diplomaat, Rene Gallimard (Sean Taylor), nou 'n gevangene in sy eie land, herroep die dae toe 'n Chinese diva (Jeremy Crutchley) hom geraak het met liefde so aangrypend en vervlietend soos 'n vlinder. Dat die diva 'n spioen is vir die Chinese regering, ontstel Gallimard, maar dat sy, of eerder hy, 'n man is, krenk hom veel meer.

Een van die sterkste punte wat Lilling (die diva) maak, is dat tydens die twintig jaar van hul verhouding het Gallimard dieselfde liggaam, dieselfde mens, bemin. Waarom, noudat hy weet die diva is 'n man, kan Gallimard nie voortgaan met die verhouding nie?

Dwarsdeur "M. Butterfly" ondersoek die dramaturg, David Henry Hwang, rasse en seksuele stereotipes. Sonder om didakties of bedreigend te wees, daag hy die gehoor uit om hul individuele vooroordele te bevraagteken.


Dat dié produksies deel is van hoofstroomteater, is belangrik. Nie net pak die "bekeerdes" die teaters vol nie, maar die "ringkoppe" van die heteroseksuele gemeenskap neem kennis van verskeie gay strydpunte.

Vir die van u wat makliker verteer aan straight vermaak, kies versigtig wat julle Saterdagaand wil sien. Hoofstroomflieks is nie meer so hoofstroom soos altyd nie!


**Jeremy Crutchley as 'n Chinese diva in "M. Butterfly" wat in die Alhambra-Teater te sien is.**

# Moet wildsvleis 'adellik' wees?

ETE EN DRINKE



JAK kla al weer. Hy sê ek kan nie vandag oor wildsvleis skryf nie, want wildsvleis is buite seisoen. Ek weet wildsvleis is buite seisoen, maar ek het onlangs 'n wildsbredie van blesbok uit die Vrystaat gekook en dit was baie lekker.

Kan mens net oor wild in die winter skryf? En is daar geen onwettige jagters onder Vrye Weekblad se lesers nie?

Ek doen toe navraag of wildsvleis beskikbaar is. Piet Grobler van McGregors-slagtery in Yeoville sê sy yskas is leeg maar ek moet Command Venison in Messina bel om uit te vind.

Ek bel die maatskappy, en die bestuurderes is op die telefoon. Sy is onmiddellik onsmaaklik. Vrye Weekblad? Wat is Vrye Weekblad? Ek sê vir haar dis 'n koerant in Johannesburg. Sy sê sy weet nie daarvan nie. Ek sê vir haar ek dink nie hy word in Messina versprei nie.

"But I have been in Johannesburg until two months ago." Dis die finale bewys dat Vrye Weekblad nie bestaan nie.

Tog verskaf sy 'n klompie inligting aan my, maar raai wat? Sy weier om haar naam vir my te gee. Command Venison se bestuurderes het nie 'n naam nie.

Dankie vir die inligting auntie, maar ek dink nie jy moet aanbied om jou maatskappy se PRO te word nie.

Sy sê hulle verskaf hoofsaaklik koedoe en impala aan restaurants en slagters. Slagters in Johannesburg aan wie sy verskaf - "we try to supply right through the year" - is die Houghton Slagtery, die Benmore Slagtery, die Rembrandt Slagtery in Linden en Thrupps in Rosebank. Sy noem ook die name van heelwat hogere restaurants.

Hulle verskaf wors en sosaties - te oordeel aan die bestuurderes is die sosaties erg suur - en "steaks" en "roasts" en "legs", sê sy.

Ek wou nog vir haar vra: Wat van die Kaap, toe is die tannie klaar met my.

Sy het darem ook gesê hulle hang hulle wild 2-3 weke lank.

Moenie skrik nie: wildsvleis hang in 'n yskas. Dit is so dat wildsvleis moet hang om dit sagter en sappiger te kry. Die natuur is hard en ongenaakbaar en daarom is wildsvleis gewoonlik taai en droog. Tog is dit gesogte vleis.

Die debat oor hoe lank wild moet hang is eeue oud. Oom Piet Gerryts het altyd gesê: "Wild moet 'n klankie hê ou seun. Die groen moet plek-plek begin deurslaan."

Leipoldt het gesê: "Wildvlees kan bly hang totdat dit sag is, selfs tot dit begin ruik; baie mense verkies wildvlees as dit reeds adellik of sterk is." (Ek lei af die adelstand het van adellike wild gehou.)

Maar kom ons luister wat sê Henri-Paul Pellaprat, die skrywer van waarskynlik die omvattendste kookboek oor die Franse kookkuns - die Don Quixote van die kookkuns.

Pellaprat, wat sy meesterstuk in 1935 voltooi het, sê nadat die bok in snitte opgesny is moet dit twee weke in die yskas of tot drie dae buite die yskas hang.

En dan sê hy: "A good test for venison is to run a fine skewer into the haunch close to the bone, then remove. If it comes out clean with only a gamey smell, it is in perfect condition. If there is the slightest musty smell, cook at once."

Hoe hoog my agting ook al vir Leipoldt is, moet ek Pellaprat se kant in hierdie sakie kies. Ek kan nie sien waarom vleis moet verrot voordat jy dit eet nie.

Hang is natuurlik nie al manier om wildsvleis sag te kry nie. Jy kan dit ook in wyn (nie asyn nie) marineer. En om dit sappig te kry kan jy dit met spek stop.

Die lekkerste wildvleis wat ek geëet het? Vyftien jaar gelede in Suidwes. 'n Jong uitgegroeide koedoebul het sy nek in 'n heining gebreek en toe ons daar aankom was hy nog vuurwarm. Ons het hom afgeslag, en die filet 'n rukkie later gaargemaak. Dit was murgsag en sappig, sonder dat dit gehang, gestop of gemarineer is.

Miskien is dit soos die Liewenheer dit bedoel het, maar hoekom het Hy die natuur dan so hard gemaak?

Ns 1. Raaisel: moet 'n wildsvoël wat aan sy stertvere hang op die grond val voordat jy hom kan gaarmaak?

Ns 2. Pellaprat sê: "Venison should be served in season", en ek stem saam.

Ns 3. Volgende week meer oor wild, met 'n paar resepte. Of moet ek wag vir die winter?

KOOS COETZEE

# Jackie maak die wyn ...

**BJ LANKWARDEN skryf oor Bloemendal-landgoed**

'N ONVERWAGTE plesier bly jou dikwels langer by as 'n wynproe waarna jy uitsien. Onlangs ontmoet ek Jackie Coetzee van Bloemendal-Landgoed in Durbanville.

Ek moet erken dit was nie 'n landgoed wat ek ken nie en terwyl ek wonder waarom nie, word die rede aan my verduidelik. Hier is werklik 'n boetiek-wynmakery - soos hulle dit in Amerika noem.

Jackie se eerste wyn is in 1987 gebottel, en twee jaar later bottel hy nog net 1200 kiste per jaar.

Dit is baie min, maar die gehalte is beter as die meeste plekke wat 40 000 kiste 'n jaar verkoop.

Durbanville het sy eie Wyn van Oorsprong en so hoort dit aangesien die klimaat heeltemal verskil van Stellenbosch en die Paarl s'n.


Bloemendal het 150 hektaar wingerd en dit is Jackie se werk om na die wingerde en die oeste om te sien sodat die druiwe na handelaars kan gaan. Hy is 'n druiweprodusent met wynmaak as 'n stokperdjie.

In 1988 het hy net een vat Chardonnay - omtrent 30 kiste - gemaak en dit het uit 'n wingerd gekom wat net 1,5 ton 'n hektaar gelewer het.

Gelukkig lyk dit of Jackie met sy stokperdjie wil volhou - daar sal altyd goeie wyn wees.

Ons het drie wyne gedrink en hulle was baie drinkbaar, om dit lig te stel.

Die Bloemendal Sauvignon Blanc 1989 is 'n aangename wyn, vaal van kleur, met 'n goeie sauvignon-geur en 'n vriendelike smaak. Die smaak is ten volle ontwikkel met 'n lang nasmaak en jy wil outomaties nog daarvan hê as jou glas leeg is.




Die Bloemendal Chardonnay 1989 is een van daardie wyne wat 'n versamelaar graag wil proe. Hier is 'n wyn wat aanmekaargesit is met 'n volmaakte balans tussen vrugte en hout. 'n Lieflike wyn, en soos die beroemde Michelin-gids dit sou stel: dis die moeite werd om 'n ompad daarvoor te ry.

Die Bloemendal Cabernet Sauvignon 1987 is die beste eerste poging om rooiwyn te maak in Suid-Afrika. Hier is 'n cabernet vol styl - net na my smaak. Hope vrugte, lieflike hout, maar nie te veel hout nie. Die soet vanieljie van die eike dring deur maar oorheers nie die intense vrugte nie.

Dit is 'n lieflike wyn wat nou gedrink kan word of 3-4 jaar gehou kan word.

Hier is 'n landgoed met 'n man om dop te hou. As jy op goeie voet is met jou drankhandelaar kan jy hom vra om 'n kis of twee vir jou te hou. Hierdie wyn verdien om op wynliefhebbers se wynlys te wees.

# ...en Hildegonda die likeur

MY Hildegonda Duckitt-kookboekie, waaroor ek lank getreur het, is terug. 'n Tydjie gelede het ek oor haar geskryf en gesê moet tog nooit trek nie want jy verloor altyd iets.

Ek bel my vriend Allan onlangs in die Kaap om te hoor hoe dit gaan en voor ek kan begin praat sê hy: "Hoor hier, die goeters waaroor jy skryf is hier. Birrie (sy vriendin) het so nou en dan in jou bokse gekrap en 'n paar boeke en goeters daar uitgehaal."

Allan en Birrie was so gaaf om my paar aardse besittings te stoor toe ek Johannesburg toe kom, en hy het dit later met sy kombi hierheen gebring.

'n Vriendin was onlangs in die Kaap en het vier van my kookboeke saamgebring. En as ek weer Kaap toe gaan, gaan haal ek my makoeloe koekroller en my rooi emalje-pot, waarna ek ook verlang.

Ek sal natuurlik vir Allan en Birrie 'n paar bottels brandewyn moet gee, want Allan moet Van der Hum maak.

Hier is 'n reseppie uit Hildegonda vir Van der Hum-likeur.

"LIQUEUR, VAN DER HUM Old Recipe. Cape Specialité

*10 bottles of brandy*
*5 pounds of clear brown sugar*
*50 cloves*
*10 dessertspoons of cinnamon, just bruised*
*half a nutmeg*
*20 tablespoons finely-cut naartjie peel*

Mix all well together, and allow the ingredients to remain on the brandy for a month till all the virtue (!) is extracted. Then take 5 pounds of clear light brown sugar, boil to a thick syrup.

When quite cold mix one cup of syrup to two of the spiced brandy, stir well till mixed. Add one wine glass of best rum to every bottle of Van der Hum. The rum mellows the mixture.

Put all back into a cask, and clarify with the whites of two eggs well whisked, and lightly put on the top of the cask.

In three weeks it will be beautifully clear and ready for bottling. If made in small quantities, the brandy and spices can be put in jars well corked, and the spices in little bags."

Lekker likeur maak Allan. Ek sal drie maande later weer kom kuier sodat ons 'n ou knertsie kan gooi.

Ek sien darem Hildegonda praat van kleiner hoeveelhede, of het jy 'n oom wat 'n brandewynboer is? Groete vir Birrie en die kind.

Ns. Die naam van die boekie is Hildegonda Duckitt's Book of Recipes. Dit is in 1966 uitgegee deur AA Balkema van Kaapstad, en ek hoop dit het maar twyfel of dit 'n verdere druk beleef het. Doen egter navraag. Probeer die resepte wat sy Very Good noem.

KOOS COETZEE

HARRIDANS RESTAURANT
by die Mark-Teater
Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag
vir
middag- en aandete
Saterdae
slegs aandete
Mark-Teater
Breëstraat, Newtown
Telefoon 838-69660

Onthou...
Koala Blu Restaurant
bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië
Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8


Ming's PLACE
Chinese Restaurant
Pleinstraat 100
Johannesburg
Tel: 337-7175
Uitgebreide Chinese en Koreaanse à la carte-spyskaart sowel as die enigste Chinese buffet in Suid-Afrika.
Parkering beskikbaar indien dit saam met die bespreking gereël word

Om op dié bladsy te adverteer, skakel Gwynne Bramley-Wray by (011) 836-2151.

HALKNAS

CHARLES LEONARD

# Koos Kombuis die Rasta verras



David Thomas van Pere Ubu een nag lank na middernag

### Niemandsland - Koos Kombuis (7)

Die debuut van die wêreld se eerste Afrikaanse Rasta het my aangenaam verras. Koos Kombuis is natuurlik niemand minder nie as die nimlike André Letoit wat weer in die Shifty-ateljee was saam met 'n paar ouens wat kán musiek maak.

Dit was een van sy wysste besluite gewees, want op sy debuut, "Ver van die ou Kalahari", was die feit dat hy skaars die voor- en agterkant van 'n kitaar kon onderskei, en die kuggies en wisecracks, snaaks vir so 'n keer of twee. Daarna het dit besonder pretensieus geklink.

Letoit se lirieke is 'n babelaas-delirium van oorlewing in 'n onderstebo-land. 'n Niemandsland. Die titel is ook gepas as jy kyk na die voortreflike musikale inset wat Bernoldus Niemand, ook bekend as James Philips, gelewer het.

Niemand is nie die enigste voorste musikant wat "Niemandsland" spiere gee nie. Die Gereformeerde Blues Band-staatmakers, Johannes Kerkorrel en Willem Möller, doen onderskeidelik diens agter die klawers en met die elektriese kitaar.

Möller moet verseker een van ons land se beste kitaarspelers wees. Op Blond en Blou klink sy kitaarspel net soos op die meester Elvis Costello se vroeëre plate. Ek sou sê dis nie 'n sleg mens om mee vergelyk te word nie.

Ian Herman wys weer wat in sy hande en voete steek met vernuftige tromspel. Hy is nie die afwyserige soort nie, en op veral Blond en Blou en Bomskok, Babelaas wys die stil een hoe tromme en kongas die praatwerk moet doen.

Paranoïa is 'n ou gunsteling wat goed klink met sy nuwe garage-rock baadjie wat aangetrek is (as jy die metafoor-integrasie sal verskoon).

Liefdeskwêla werk ook goed en klink kwêla - nie curios-kitch nie.

Liza se Klavier val plat omdat Letoit te straight probeer wees oor dié verlore liefde van hom. Sy rol as rasta-nar pas baie beter. Die draadlok-liedjie, Babilon-Blues, is hoër as wat enige van dié godsdiens se groen medikasiekies jou kan stuur.

Swart September is nog 'n ou gunsteling wat jou laat besef dit is al lankal deel van jou onderbewussyn. Ek is seker Letoit sal aan sy Gauloises stik as ek die volgende sê: Dit het al amper soos 'n volkslied vir die uitgespoelde Boer geword. Goed, ek weet dit klink half belaglik, maar toemaar.

Kaalvoet is 'n lekker country-rocker op vol galop. Op die verhoog het Letoit al Onder in my Whiskeyglas in 'n Tom Waits-grom gesing en dit het vir my beter geklink as die plaat se Franse kabaret-styl wat te veel na pretensie lyk.

Koop gerus dié plaat en verkneukel jou aan van die juweeltjies in die lirieke en die goeie musiek wat ons bobaas-musikante as begeleiding maak. En, verstom jou ook daaraan dat 'n mens 'n plaat kan maak sonder om te kan sing.

### Cloudland - Pere Ubu (9)

Stel jou die volgende sensasie voor: 'n kombinasie van die donker romantiek van Roxy Music van die sewentigerjare en jou eerste rit op die Big Dipper wat jou ore laat suis het van pure opwinding.

Dit is wat Cloudland aan jou doen.

Pere Ubu - hul naam kom van 'n Alfred Jarry-toneelstuk - het in 1975 in Cleveland, Ohio, na vore gekom as die Amerikaners se skerp antwoord op punk-musiek.

En steeds draai hulle my aan. Al het hulle meer toeganklik geraak, is hulle nog steeds vars.

Dit kan deels toegeskryf word aan David Thomas se hoogs ongewone stem. Dit is 'n kombinasie tussen David Byrne, Bob Dylan (jammer dat ek die ou karakter twee maal in 'n rubriek moet pla), Black Francis van The Pixies en David Surkamp van Pavlov's Dog s'n.

Die liedjies gaan almal oor die vervreemding van 'n geliefde, die verbrokkeling van 'n verhouding en die smeking vir nog net een kans.

Die musiek is intens en grens soms aan gekheid. Met twee tromme, 'n uitasem elektriese kitaar en krapperige klawerborde kan dit ook nie anders nie.

Pere Ubu het nie uitverkoop nie. Hulle gebruik bloot ou idees en meng dit so met nuwes dat dit heeltemal vars klink.

### Masters of Reality - Masters of Reality (8)

'n Mens kan nie anders as om besonder bly te wees oor die folk-herlewing wat aan die gang is nie. Dit is strelende, intelligente musiek wat 'n bietjie dieper delf as die "ek hou van jou/ want jou oë is so blou"-ertjiesop wat op 'n daaglikse basis aan ons opgedis word.

Tog, so tussen die soet folk deur is jy darem bly as die vier meesters (of dalk eerder monsters?) van Masters of Reality met hul kragsentrale-rock kom en die wolle uit jou kop en die was uit jou ore kom blaas.

Hulle kry hul naam by 'n Black Sabbath-langspeler, Master of Reality, wat underground-aanhangers se oë laat blink het toe dit in 1971 uitgereik is.

Die gebruik van dié naam is nie toevallig nie. Die musiek is plek-plek net so swaar en hier en daar word ook irriterende en vervelende duiwelse verwysings gemaak wat dr Jannie Malan sinodes sal kan laat ompraat. Ek glo dit kan hom redelik die duiwel in maak.

Die man agter die kontroles is Rick Rubin van Def American Recordings-faam - die ouens wat die beste hip hop/rap-plate uitreik.

Chris Goss, die hoofsanger, se stem wissel tussen argeloos en boos, nonchalant en intens.

Jy kan duidelik sien na wie dié vierstuks Amerikaners geluister het toe hulle jonk was. Jy hoor Uriah Heep, Led Zeppelin, Aerosmith en Blue Oyster Cult. Dit is egter anders as by karakters soos Guns'n'Roses, bloot invloede en nie goedkoop namaaksels nie.

Die instrumentele eerste snit, Theme for the Scientist of the Invisible, is skaars 'n minuut lank, maar Ted Harrington se hoofkitaar laat jou steier met die intensiteit van die aanslag.

Domino is van dieselfde orkaansterkte.

Die temperatuur op Gettin' High gloei steeds, maar die tempo het effens afgeneem tot 'n ZZ Top-blueserige pas.

Op The Candy Song - nie noodwendig 'n Cadbury-advertensie nie - hoor jy duidelik die Rick Rubin-invloed. Die enigste verskil tussen dié snit en 'n tipiese Def American-hip hop-nommer, is Goss wat sing en nie rap nie.

Kant een eindig met die country rocker, Magical Speel. 'n Heel betowerende nommer met tremolo-kitare en helder simbale. Die instrumente vat dit weg as Goss sing: "Fell into her magical spell/ And it felt like this ..."

Op The Eyes of Texas wys Harrington weer dat die "byl" nie 'n vreemde instrument vir hom is nie.

Daar is nog twee snitte wat jou so 'n bietjie laat asemhaal. Lookin' to get rite is 'n rustige nommer met 'n bekoorlike slide-kitaar a la Ry Cooder. John Brown is ook 'n stadige rocker wat oor 'n mens met die naam John Brown gaan.


En net as jou hart weer normaal begin klop, trek hulle los met Killing the King en eindig op 'n nekbreek-noot.

Dit is verpligtend om musiek soos dié hard genoeg te speel dat jy dalk PG Glass se dienste nodig kan hê.


In die doolhowe van heavy rock is daar k..aanjaers en adrenalien-aanjaers. Masters of Reality val sonder enige twyfel in laasgenoemde klas.

Plate beoordeel op 'n skaal van 1 tot 10



## T-hemde deur kunstenaars




(swart op wit)




(pers op wit)



(volkleur)

R24 alles ingesluit

**Beskikbaar in klein/ medium/ groot/ ekstra groot**

*Stuur tjek of posorder vir*
*R24(alles ingesluit) aan:*
*Bruce Gordon mnf, cc,*
*Ou Castle-brouery*
*Beachweg 6A*
*Woodstock*
*Kaapstad*
*7925*
*Telefoon: (021) 417-2199*

VUL DETAILS ASB DUIDELIK IN
NAAM _______________
ADRES _______________
_______________ KODE _______
TELEFOON _______________

1 NAARTJIE OLIGARCHY: ________ x R24= ________
2 THE PURPLE SHALL GOVERN: ____ x R24= ________
3 FREEDOM CHARTER: ________ x R24= ________

TOTAAL= R ________

# Twee en twee en jy's lelik gefop

**TWO AND TWO MAKE SEX!**
**Met Tim Plewman, Diane Appleby, Carol-Ann Kelleher, Saul Bamberger, Melody O'Brien en Mike Thompson**
**Regie: Rex Garner**
**The Theatre on the Bay, Kampsbaai**

ARNOLD BLUMER

DIE mense gaan die plek stormloop, glo my! En Pieter Toerien het dit miskien nodig om die skulde op die sementgordyne af te betaal wat so oor die fasade van sy teater drup. Maar die toeskouers gaan nie kry waarvoor hulle dink hulle betaal nie. Want die titel lieg.

Daar is wel aan die einde ses toneelspelers op die verhoog, seks egter bestaan uit twee mansonderbroeke, 'n bra en 'n vroulike agterstewe. En die bietjie gepaargaande erotiek is yskoud soos 'n diepbevrore skaapboud. Verder is daar 'n opeenstapeling van clichés soos ek nog selde tevore gesien het, 'n paar skuins verwysings en heelwat skerpsinnighede so kraakvars soos soggy cornflakes ("Marriage is like a bath: the longer you lie in it the colder it gets").

Tim Plewman hou sy lyf rubberpop, as hy hier gedruk word, bult hy daar uit, die res lyk teenoor hom asof hulle aan artritis ly. En die regie: nou ja!

Maar Pieter Toerien ken sy teaterpubliek: hulle sal toustaan vir dié soort ding, aangesien hulle nie Playboy mag lees nie.

# Nuwe teatergroep

"Ek dink die teater het irrelevant geword, selfs vir die klein elite wat daarin belangstel," sê Soli Philander, die akteur en regisseur wat verantwoordelik was vir irrelevante opvoerings soos "Hamlet" in die Black Sun en irrelevante spel gelewer het in 'n stuk soos "The Blacks".

Oor hoe irrelevant dinge nou is of nie, sal ons nie stry nie, maar Philander het 'n teenmiddel vir die kwaal. Hy is koordineerder van "On the Move", 'n breë "performance-"projek van vyf maande lank.

Deelnemers aan die projek is Ferdi Olsen (ontwerper), Margaret Auerbach (marionette), skrywers André Letoit, Ian Fraser en Marlene Bramley, en spelers Chetanya Alexander, Nadia Bilchik, Antoinette Butler, Gilda Bracher, Megan Choritz, Sophia Condaris, Melinda Ferguson, Warwick Greer, Joss Levine, Darryl Ronen, Wayne Robbens, Dan Robbertse, Kevin Smith en Vanessa Swanepoel.

Die projek duur van 1 Januarie tot 31 Mei in die repetisielokaal van die Mark-Teater. Die groep verlang hulp en bystand... Philander wil 'n ware gemeenskapsgees kweek onder teatergangers. Bel hom by (011) 484-2440.


**dié week by die MARK-TEATER**

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm, Sa: 5.30nm & 9.15nm
A WALK IN THE WOODS
Regie deur Leonard Schach
Met Michael Atkinson en Michael McGovern. Ma tot Vry: 8nm. Sat: 6nm en 9nm.

UPSTAIRS-TEATER
DIARY OF A MADMAN - Gogol se dagboek van 'n malle. Regie deur Karoly Pinter. Met Ron Smerczak.
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
SO WHERE TO - deur die Sibikwa-spelers.
Ma tot Sa: 8.15nm. Sat: 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
ANOTHER JEREPIGO - Di tot Sat: 8nm. Son: 6nm

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Howard Belling's Quartet met Barney Rachabane

MARKGALERYE
Groot en klein Galery
'n Uitstalling deur die Kunsstudente van die Wits Technikon

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzsgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.


**Sy is 27 jaar oud en sy kom van Klerksdorp af. Sy het ná skool 'n diplomakursus in ballet by UCT gedoen (1984) en sedertdien choreografeer sy mense om haar fassinerende klein wêreldtjies gestalte te gee op die verhoog. CATHARINA SCHEEPERS het met haar gesels.**



# Wie is Marlene Blom?

MARLENE BLOM se "skeppings" lyk soos ons in daardie krom spieëls van die skougronde. Na maande van haar gesweet en slawedrywery het ons die geleentheid gehad om lekker te kan kry oor "All Agog St Stylite" (met "Bugaboo & The Motley Crowd") wat in Augustus in die Mark-Teater opgevoer is. Met 'n cast van twintig spelers het dit 'n intensiewe driekwartuur se ontsnappingswaarde verskaf.

Sy vertel: "Omdat ek so 'n heeltemal streng klassieke agtergrond gehad het - ek het nog nooit 'n moderne of kontemporêre klas in my lewe gedoen nie - het ek teen al daai wonderlike lang lyne in die balletstyl gedraai. Ek het hulle gebreek en grotesk gemaak - so grotesk moontlik. So het ek alles verdraai tot die teenoorgestelde. Ek dink om creative te wees moet 'n mens teen jou hele education gaan.

"Ek is selfs beïnvloed deur baie wat van Suid-Afrika en die Transkei af kom, wat ek daar uitgehaal het - die tipe angles en lyne en so aan wat ek gesien het en mee grootgeword het. En dit het ontwikkel.

"Human behaviour is my eerste inspirasie - society en hul dinge - en dit kom rêrig van diep binne my af. Ek sit altyd myself êrens in die stuk, en dis my manier van kommunikasie. Ek haal alles uit my uit - drain myself - en sit dit dan op die verhoog. Dis 'n lekker manier."

Verlede jaar was sy betrokke by Gary Friedman se Puppets Against Aids, was haar 18-minuut-lange "Hedgehog in My Head" 'n hoogtepunt op die Grahamstadse Fees en het sy 'n Vita-prys gekry vir kontemporêre choreografie.

Die kritici beskryf haar werk onder meer as volg: "Brilliantly planned abstract patterns. Its validity lies in its reflection of today's intellectual and social turmoil." (Argus) "She easily mixes comedy, social comment, acrobatics and athleticism." (Star Tonight!) "Her work has a surrealistic yet frantic vehemence which is almost mesmeric." (Citizen) "Here's a work (Hedgehog in my Head) that succeeds because of its sound structure and inventive vocabulary. Terrific entertainment value. This sculptor of dances is at her most articulate moulding images on stage." (Tonight!).

"My hele commitment," sê Marlene, "is om stukke te create, maar ook om dans in die mainstream theatre te sit.

"Ekke wil enigiemand gebruik - selfs straatdansers, selfs mense wat kan bollemakiesie slaan, enigiets. As hulle 'n trick kan doen, kan ek hulle in 'n storie gebruik. En ultimately wat dit is - ek kry 'n storie en dan wil ek op enige means, wil ek net daai storie uitbring - so ek sal enigiemand gebruik. Dis basies waarvan my cast nou opgemaak is: mense wat geïnteresseerd is.

"Ek het vir All Agog onder andere van Harry Partch se musiek gebruik. Sy musiek is ontsettend moeilik. Hy het al sy eie instrumente gemaak en 'n hele orkes geleer om die instrumente te speel, en toe kry hy hierdie wonderlike klanke. Hy's die enigste komponis tot dusver wat my so inspireër. Hy is so ekspressief dat dit my enige rigting inslaan as ek iets hoor van hom. Dit maak jou 'n bietjie mal as jy dit hoor. Maar ek het 'n kombinasie gebruik van antieke Griekse musiek, en Koreaanse primitiewe musiek, en Lester Bowie wat bietjie geëksperimenteer het met 'n trompet."

Die finale klankbaan van "All Agog St Stylite" bestaan uit 'n dramatiese samestelling wat geskep is deur die editing en splicing van onder andere ses verskillende plate, en is op sigself iets besonders.

Marlene sê dat sy "sou graag die cast vir ses maande wou gehad het dat ons die stemme en instrumente self kon gedoen het, maar...geld. Dis eintlik my enigste struikelblok.

"Meeste mense is ook net nie geïnteresseerd in dans nie. Ek sou wou hê dat mense moet net daar inkom en relax, sonder om te begin dink dat hulle intellektueel belese hoef te wees of dat ek heeltemal 'n esoteriese ding probeer uitbeeld.

"Die storie staan in die program, en regdeur is daar goed wat jy net visueel kan geniet. Dis absoluut soos 'n painting wat beweeg: elke karakter het sy eie kleur en hy gooi daai kleur rond op die verhoog. Mense moet daaruit kry net wat hulle wil.

"En nou is daar hierdie hele ding oor 'die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse dans', dat hulle nou 'n inheemse dansstyl ontwikkel. Maar sekere plaaslike choreograwe glo dat studente die background moet hê van kontemporêre mense soos Martha Graham en so aan, wat nonsens is, jy weet. Dis aangeleer - jy ontwikkel nie jou eie ding nie. Nou begin dit só werk: ekke gaan so elke nou en dan kyk na 'n plaaslike kulturele sentrum se dansertjies, en dis al hierdie wonderlike talentvolle kinders wat nou so beïnvloed is deur klaargaar kontemporêre Amerikaanse style dat ek 'n bietjie teleurgesteld is dat hulle nie heeltemal hulle eie dans ontwikkel het nie.

"Tog vat dans ook heeltemal 'n nuwe dimensie sover dit nie net meer 'pure' dans is nie, maar 'n kombinasie van allerhande goeters. Party choreograwe doen nog heeltemal esoteriese goed wat 'n mens nie kan verstaan nie, en abstrakte goed soos wat Balanchine gedoen het - wat hulle nou nog kry om hierdie goed te doen, plaas van om choreograwe hier uit te haal om goeters te doen. Ek vind dit ook moeilik om te verstaan. Ek is meer 'n narrator as 'n abstrakte kunstenaar. Al my stukke was narratives, alhoewel Hedgehog meer surrealisties en absurd was. St Stylite was ook absurd - black comedy amper.

"Ek wens," gaan sy aan, "dat ek dié stuk goed genoeg op video kon kry sodat ek dit kan wegstuur na sê maar die Backdoor Company in Israel of 'n Kanadese company, sodat hulle my kan nooi om iets daarso te kan doen, dat hulle my kan uitvlieg!" (Hoopvolle laggie.)

"Andersins dink ek daarom om weg te skiet Swaziland toe vir 'n jaar of iets... en terug te kom met nog 'n stuk."

Hoe dit ook al uitwerk - Marlene Blom het reeds met haar oorspronklike styl haarself 'n prominente plek verseker in toekomstige geskiedenisboeke oor die ontwikkeling van dans in Suid-Afrika.


787-7987/4

ONDER

Vry : Delia Layton
Sat : Neil McNullen
So: Joe Paul
*Di:* Colin Shamley
Wo: Tyme
*Don:* Delia

BO

Vry: Zenn Wat
Sat: Zenn Wat
Wo: Diamond Dog
Do: Diamond Dog

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4



Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son — Thyima
Dins, Wo, Don — Sipho Mchnunu


Tel: 836-6002/838-1769

# Kuns staan stil

**Chris Pretorius (CJ), gesels met homself (CP) oor Afrikaanse meisies, kuns en Marcel Duchamp.**



CJ: Wat het jou laat besluit om teater jou loopbaan te maak?
CP: Teater is nie my loopbaan nie.
CJ: Nie?
CP: Glad nie.
CJ: Dit kom so voor.
CP: Ek dink nie so nie. Ek doen wel so nou en dan a play of iets, niks ernstigs nie.
CJ: O, wel ek dog jy's heel ernstig daaroor.
CP: Ek dink enigiemand wat in die laat twintigste eeu teater, of kuns, ernstig opneem, is 'n idioot.
CJ: Dis 'n bietjie kras gestel, is dit nie?
CP: Teater is nie my brood en botter nie, so ek kan seker sê wat ek wil. Niemand kan my fire nie.
CJ: Dit was jou brood en botter toe jy by Truk gewerk het.




Marcel Duchamp se urinaal

CP: Ja, maar niemand het dit geweet nie. Truk het dit nie geweet nie, ek dink ek het dit self nie geweet nie. Ek was soos 'n karakter in 'n Ionesco-stuk.
CJ: In elk geval, jy sê jy het nie veel tyd vir moderne teater nie.
CP: Teater en kuns. Kuns was modern toe Marcel Duchamp in 1913 'n urinaal in New York uitgestal het. Dit is nie meer modern nie. New wave-tipografie aap die Futuriste en die Dada-iste na. Die Trans-avant garde skilder soos die Ekspressioniste. David Salle se werk lyk soos Picabia s'n. Wat maak dit op die ou einde saak. Kuns staan stil.
CJ: Moet asseblief nie die hond van die tafel af voer nie. Ek word moeg om dit altyd te sê.
CP: Dis 'n pragtige hond.
CJ: In haar vorige lewe was sy Maria Callas se poedel.
CP: En voor dit was sy Mephistofeles wat in 'n swart poedel verander het.
CJ: Miskien moet jy haar maar voer. So, jy dink kuns is uitgedien.
CP: Heeltemal.
CJ: Jammer jy dink so, want ek sou graag jou definisie van kuns wou hoor. Ek versamel hulle.
CP: Ek kan nog steeds een gee.
CJ: Okay?
CP: $\text{KUNS} = \frac{\text{KULTUUR}}{\text{ZEITGEIST}} \times \text{BELEGGING}$
CJ: Interessant.
CP: Is dit nie, nè!
CJ: Om terug te kom na moderne kuns toe, hoekom sê jy dis uitgedien?
CP: Vat MTV in New York byvoorbeeld. Dis 'n 24-hour-non-stop kabelstasie wat net musiekvideo's van tussen 3 en 4 minute lank uitsaai. In 1984, dis nou 6 jaar gelede, het MTV 24 miljoen kykers tussen die ouderdomme van 12 en 34 bereik. Kan jy jouself voorstel hoeveel mense vandag bereik word? Nou, onthou jy 'n paar jaar gelede is daar studies gedoen oor die feit dat jong mense in Amerika net in staat is om op soap operas te konsentreer. Darem nie almal nie, moet ek byvoeg. Hierdie jong mense was byvoorbeeld nie eers in staat om deur 'n gewone rolprent te konsentreer nie.
CJ: Ja, ek onthou. Party Amerikaanse universiteite en skole het selfs hulle lesings daarvolgens gestruktureer.
CP: Wel, nou is daar besorgdheid dat groot getalle jong mense net op musiekvideo's kan konsentreer en selfs soapies moeilik vind.
CJ: Jy lieg.
CP: Ja, ek meen nee.
CJ: Wat het dit met kuns te doen?
CP: Kuns hoort in museums. Daardie miljoene mense wat MTV kyk is die nuwe wêreld. 'n Nuwe kultuur met nuwe behoeftes is besig om te ontwikkel. 'n "Immediate gratification"-kultuur. 'n Kultuur wat nie meer behoefte het aan filosofie of die roman, of godsdiens, of kuns nie. Dis nie meer 'n Andy Warhol-grap nie maar die werklikheid. Mense word nou selfs te lui om 'n eenvoudige verhaal te ontsyfer. Kyk na musiekvideo's. Hulle bombardeer jou met onmiddellik-ontsyferbare niksseggende beelde.
CJ: Mens sou dit kon beskryf as surrealisties.
CP: Nee.
CJ: Hoekom nie?
CP: Omdat die niksseggende beelde in 'n musiekvideo op 'n baie eienaardige manier letterlike vertolkings is van die niksseggende lirieke. Die beelde is in elk geval veronderstel om onderhewig te wees aan die musiek. Hierdie beelde het niks te doen met simboliek nie.
CJ: En al waarheen hierdie beelde lei, is die volgende video en die volgende video en al die duisende beelde word uiteindelik een ondefinieerbare, effens uit fokus, beeld.
CP: Ja, en wat ek ook wou sê, meeste rockgroepe kan nie eers simboliek spel nie.
CJ: Dit is geniepsig.
CP: Weet jy wat nog - met die laaste verkiesing het ek skielik besef wie as oorwinnaar uit die stryd gaan tree.
CJ: Wie?
CP: Die nuwe media. 'n Post-moderne wêreld van onmiddellike vervulling en flitsende, niksseggende beelde. 'n Wêreld waarin alles ewe belangrik is. Warhol was reg. In hierdie nuwe wêreld sal enigiemand vir 15 sekondes beroemd kan wees.
CJ: As jy byvoorbeeld die regse groepe met hulle oudmodiese sentimentele gesanik uit hierdie nuwe perspektief sien...
CP: Selfs Terre'Blanche en God sal net vir 15 sekondes beroemd kan wees.
CJ: Mind you, ek dink Terre'Blanche se 15 sekondes is al op.
CP: Verstaan jy nou waarom ek sê daar is nie meer tyd vir kuns nie. Nee wag, eintlik wat ek probeer sê is dat kuns maar net so belangrik as enige ander flitsende beeld geword het.
CJ: So Terre'Blanche is net so belangrik soos kuns.
CP: Wel, ek sou hom nou nie beskryf as 'n oil painting nie, maar ja, hy is.
CJ: Jy is nog veronderstel om iets te sê oor Afrikaanse meisies.
CP: Ek kan glad nie onthou wat ek oor hulle wou sê nie. Miskien volgende keer.



Maria Callas as Violetta in "La Traviata"

# Eerw. Kassie is van die lente begeester




Victor Munnik

MY kop draai nou nog van Sondag se huisbesoek. Eerw. Kassie was vol nuwighede, en nadat ons die mense van Sondag se groot Vredesfees sien terugkom het, het hy sy das afgehaal en politiek gepraat dat die spoeg so spat.

Hy sê dis die lente, hy hoop net nie dis 'n Praagse lente nie, en kom ons hoop vir die beste.

Die Volle Evangelie-kerk het mos besluit - sê eerwaarde Kassie - om binne vier jaar heeltemal te integreer (hulle is die regering dus 'n kortkop voor). Die gemeentes wat nie oor vier jaar geïntegreer is nie, sal net nie meer deel van die kerk wees nie.

## Word wakker en bid

In Namibia is dit glad nie eers meer 'n kwessie nie. Daar word mense sommer in die middel van die nag wakker om te bid vir hulle land. Ds. Bennie Mostert, wat sê daar sal nie vrede kan wees voordat ons nie almal reborn Christene is nie, stuur briewe uit om mense wat min van Namibia weet, oor die regte dinge te laat bid. Teen rassetrots en teen bitterheid, en vir versoening.

Versoening is nie die Kerkeraad van Namibia se enigste probleem nie, hulle moet 40 000 bannelinge hervestig. En dan vra mense nog of hulle aan Swapo se kant is.

Eerw. Massey het my nogal verwar deur te sê dat die Kerkeraad van Namibia net so min Swapo is wat besig is om te bid, as wat die NG Kerk die Nasionale Party is wat besig is om te bid.

Ek wou eerw. Kassie nog vra of ons nie laas vreeslik teen die Wêreldraad van Kerke en die VVO was nie (dis mos hoe die 40 000 landuit gedryf is, of hoe?) maar miskien was dit net 'n kapelaan wat my destyds verwar het.

## Rooi Vlag

So met die tuiskoms van die Vredesfees kondig die meisiekind op (solank dit) Net Werk aan ons keer terug na die regsorde. En die reg op vergadering, vryheid van spraak en die reg tot verskil. Om dit lekker vir ons te verduidelik, 'n bedeesde maar gewillige minister Vlok en 'n uiters redelike (oeps, amper sê ek minister) Boesak.

Sy verduideliking oor die Rooi Vlag het juis geklink of hy ministersmateriaal is. Hoekom sê hy nie reguit jy kan 'n kommunis wees as jy regtig wil nie? Dit is mos, na die gemors in Oos-Europa, nie meer iets om voor bang te wees nie?

So terloops, het julle gehoor wat is die oorweginge of 'n protesoptog gehou mag word of nie?

Dis die moontlike ontwrigting van die verkeer, en die moontlike verlies aan handel.

## Kalkoene

Intussen word die kerskalkoene reeds opgeveil, al broei makoeloekoeloes nog.

## Moet ons?

En van strategie gepraat, op 50/50 (daai lekker program, ek mis dit omtrent nooit) sê hulle die begaafde outis ontwikkel sy of haar talent so buitengewoon sodat hy of sy die wêreld daarmee kan uitsluit.

En hulle sê dis omdat die linkerbrein - die slim een - probeer kompenseer vir 'n haakplek in die regterbrein - die emosionele een. Dink 'n bietjie daaroor.

Ek het baie respek gekry vir die mense wat met die outistiese kinders werk. Veral vir mev. Koudstal toe sy in alle erns die vraag stel: "Is hulle nie dalk gelukkig in hul eie wêreld nie? Is ons reg om hulle daar uit te lok?"

Jammer eerwaarde, maar dis nou die soort vraag wat sendelinge en soldate nooit vra nie.

## Eugène sing

Dink julle nie ook Eugène Havenga sing baie mooier as Jannie de Wet nie? Al sing hy nou nie oor soveel onderwerpe tegelyk nie.

